VERHANDELING

ingehandig

ter verkryging

van die graad

M.COMM.

## VOORWOORD.

Soos uit die verhandeling blyk, was daar min bronne tot my beskikking en moes ek my grootliks verlaat op die waarneming oor 'n aantal jare asook persoonlike onderhoude. Langs hierdie weg wil ek dan ook my dank betuig aan almal wat regstreeks en onregstreeks bygedra het tot die verhandeling. In besonder wil ek egter die volgende vir hulp en welwillendheid bedank:

1. Die Superintendent van Lande op Brits met sy personeel.

2. Die Besproeiingsingenieur op Hartebeestpoort met sy personeel.

3. Die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek, Potchefstroom.

4. Mnr.H.J. Botha van die Landbou-hoërskool, Brits.

5. Mnr.H.J.de Villiers van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie.

6. 'n Besondere woord van dank aan dr.B.van Deventer, nie alleen vir sy leiding nie, maar ook vir die bemoediging wat steeds van hom uitgegaan het.

24 Nov.1952.

J.Swanepoel.

Inhoudsopgawe.

Algemene Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . (i)

Afdeling A. DIE ONTSTAAN VAN DIE HARTEBEESTPOORTSKEMA.

Algemene Inleiding tot Afdeling A . . . . . . . 1.

Hoofstuk 1.: OORSAKE VIR DIE ONTSTAAN VAN DIE SKEMA. . . . . . . 2

1. Oorsake: (a) Die Twee-plaasstelsel . . . . 2

(b) Gebrek aan Aanpassingsvermoë 3

(c) Die Delwerye . . . . . . . . 3

(d) Transportryers . . . . . . . 3

(e) Die Engelse Oorlog . . . . . . 5

(f) Omheinings en Droogte. . . . . 6

(g) Landboupryse . . . . . . . . . 6

2. Voorgestelde Wetsontwerp . . . . . . . . . 7

Hoofstuk 11.: DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE DEPARTEMENT VAN BESPROEIING . . . . . 10

1. Vertragings: (a) Die Uitbreek van die Oorlog (1914) . . . . . 10

(b) Geding met mnr. Maarseveen 12

2. Vordering . . . . . . . . . . . . . . . . 12

3. Voltooiing van Werksaamhede . . . . . . . 14

Hoofstuk lll.: WERKSAAMHEDE VAN DIE DEPARTEMENT VAN LANDE . . . . . . 18

1. Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . 18
2. Voorbereiding van die hoewes . . . . 19
3. Nedersetting en Eerste Toekennings. . 21
4. Verdere Uitbreiding . . . . . . . . . 25
5. Toesig . . . . . . . . . . . . . . . . 28
6. Slot . . . . . . . . . . . . . . . . 29

Afdeling B.: DIE SUKSES VAN EN BEDRYWIGHEDE OP DIE SKEMA. . . . . .

Algemene Inleiding tot Afdeling B . . . . . 31

Hoofstuk lV. DIE SUKSES VAN DIE SKEMA . . 32

1. Die Departement van Besproeiing . . . 32
   (a). Beraamde Koste . . . . . . . . 32
   (b). Werklike Koste . . . . . . . . 34
2. Die Departement van Lande . . . . . . 38
   (a) Beraamde Koste . . . . . . . . 39
   (b) Werklike Koste . . . . . . . . 39
3. Nedersetting . . . . . . . . . . . . . 46
   (a) Voorwaardes van Toekenning . . 47
   (b) Sukses van die Nedersetting. . 51

Hoofstuk V. NADERE BESONDERHEDE OOR BOERDERY-METODES . . . . . . . . . 57

1. Persoonlike Invloede . . . . . . . . . . 57

(a) Ouderdom van Boer . . . . . . . 62

(b) Persoonlikheidsbeoordeling . . . 63

2. Grondtipe en Opbrengs . . . . . . . . . . 64

(a) Algemeen . . . . . . . . . . 64

(b) Tabak . . . . . . . . . . . . . 67

Hoofstuk Vl.: BEMARKING . . . . . . . . . . . 78

1. Waatlemoene en Spanspekke . . . . . . . . 78

2. Blomme . . . . . . . . . . . . . . . . . 79

3. Tabak . . . . . . . . . . . . . . . . . 80

(a) Die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging . . . . . 80

(i) Historiese Verloop . . . . . 81

(ii) Doelstellings . . . . . . . . 88

(iii) Voorskotte aan Lede . . . . 92

(iv) Uitvoer . . . . . . . . . . 94

4. Koring . . . . . . . . . . . . . . . . . 95

(a) Die Magaliesbergse Koring Koöperatiewe Maatskappy, Beperk. . 95

5. Slot . . . . . . . . . . . . . . . . . 98

Afdeling C.: KRITIEK EN AANBEVELINGS

Algemene Inleiding tot Afdeling C . . . . . . . . 100

Hoofstuk Vll.: BOEKHOU VIR BOERE . . . . . . . 101

1. Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . . . 101
2. Voorbele van 'n Boekhoustelsel. . . . . . . 103
3. Voorgestelde Boekhoustelsel . . . . . . . 106
(a). Inventaris . . . . . . . . . . . . . 108
(b). Lewende-hawereggister . . . . . . . . 110
(c). Arbeidsregister . . . . . . . . . . 111
(d). Opbrengsregister . . . . . . . . . . 113
(e). Kontantboek . . . . . . . . . . . . 115
(f). Persoonlike Rekeninge . . . . . . . 118
(g). Afdelingsregister . . . . . . . . . . 119
(h). Algemene Staat . . . . . . . . . . . 122
(i). Balansstaat. . . . . . . . . . . . . 123
4. Slot. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 124

Hoofstuk Vlll.: VEREENVOUDIGING VAN WERKVERRIGTINGE

1. Inleiding . . . . . . . . . . . . . . . . 125
2. Algemene Beginsels . . . . . . . . . . . . 127
3. Spesiale Ondersoeke. . . . . . . . . . . . 128
(a). Tabak . . . . . . . . . . . . . 128
(b). Vrugte . . . . . . . . . . . . . . 130
(c). Ploeg en Plant . . . . . . . . . . . 131
(d). Uitskakeling van Vermoeidheid. . 132
(e). Standaardisering van Gereedskap 133
4. Slot . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 134

Hoofstuk IX.: MEGANISERING EN ELEKTRIFISERING VAN DIE LANDBOU. . . . . . . . . . 136

1. Algemene Inleiding . . . . . . . . . . . . . . 136
2. Meganisering . . . . . . . . . . . . . . . 136
   (a). Inleiding . . . . . . . . . . . . . 136
   (b). Voordele . . . . . . . . . . . . . 138
      (i) Minder Arbeiders Nodig . . . . 138
      (ii) Hoër Opbrengs per Arbeider. . . 140
      (iii) Hoër Opbrengs per Tydseenheid . 140
      (iv) Minder Hande-arbeid . . . . . . 142
   (c). Algemene Opmerkings . . . . . . . . 143
      (i) Geskiktheid van Verskillende Fabrikate . . . . . . . . . . . 146
      (ii) Trekkerkoste . . . . . . . . . 147
      (iii) Algemeen . . . . . . . . . . 148
   (d) Slot . . . . . . . . . . . . . . . . 148

3. Elektrifisering . . . . . . . . . . . . . . 149
   (a) Algemeen . . . . . . . . . . . . . . 149
   (b) Koste . . . . . . . . . . . . . . . 151
   (c) Slot . . . . . . . . . . . . . . . . 154

ALGEMENE SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . 155

Bronnelys . . . . . . . . . . . . . . . . . . 158

- - - - - - - - - - -

# ALGEMENE INLEIDING

DIie Hartábeestpoortskema is dwarsdeur die land bekend, veral aan die ouer geslag, omdat omtrent in elke dorp in die land daar 'n sekere aantal persone was wat in die skema belang gestel het. Baie van hulle het dan ook eindelik daar 'n heenkome gevind, eers as arbeiders en later as nedersetters. Die skema het dus baie jare die aandag geniet, nie net van die kant van die regering nie, maar ook van werklose en grondlose persone. Die skema is aangebou met die doel om die armes te help, en alhoewel dit reeds vroeg in die twintiger jare voltooi is, is daar nog nie gepoog om vas te stel of die skema 'n sukses is en in watter mate nie. Dit is dan veral met die oog op Hierdie leemte dat hierdie verhandeling aangebied word.

In Afdeling A ,,Die Ontstaan van die Hartebeestpoortskema", sal kortliks die toestande wat tot die ontstaan van die skema aanleiding gegee het, geskets word. Daarna word in nog twee hoofstukke die historiese verloop van die werksammhede geskets. Die eerste van hierdie twee hoofstukke handel oor die werksaamhede van die Departement van Besproeiing aan die dam en kanale. Die tweede handel oor die bedrywighede van die Departement van Lande op die nedersetting.

Afdeling B, ,,Die Sukses van en Bedrywighede op die Skema", gaan in hoofsaak oor die sukses van die skema vanuit 'n finansiële oogpunt van die kant van die Besproeiings- sowel as van die Landedepartement gesien. Daarna word ingegaan op die volvoering van die eintlike doelstelling naamlik die opleiding, plasing en rehabilitasie van die armes. Daarbenewens word ook 'n algemene oorsig verstrek van die algemene

ontwikkeling wat deur die nedersetting in die hand gewerk is en wat daaruit voortgevloei het. In die laaste hoofstuk van hierdie afdeling word aandag geskenk aan die instellings vir die bemarking van produkte, omdat hierdie instellings ten nouste met die nedersetting saamgeweef is.

In Afdeling C, „Kritiek en Aanbevelings", word na tekortkominge verwys veral in soverre dit die werksaamhede van die Departement van Lande betref, en op sekere ontwikkelings gewys wat met sukses op nedersettings en die landbou in die algemeen toegepas en ingevoer kan word.

- - - - - - - - - -

## Algemene Inleiding tot Afdeling A

Hierdie afdeling bestaan uit drie hoofstukke waarin veral 'n kort historiese verloop van die werksaamhede op die besproeiingswerke en op die nedersetting gegee word.

Hoofstuk 1 handel oor die toestande wat tot die grootskaalse verarming aanleiding gegee het en die gedagte aan 'n besproeiingskema om die armes te help.

In hoofstuk 11 word die werksaamhede van die Departement van Besproeiing aan die dam en kanale behandel, die moeilikhede wat opgedoem het, die vordering van die werksaamhede en die uitgawe daaraan verbonde.

Die bedrywighede van die Departement van Lande op die nedersetting word in hoofstuk 111 behandel. Hierin word 'n kort uiteensetting gegee van die algemene beleid wat gevolg is, asook die manier waarop hierdie beleid toegepas is.

Afdeling A moet dus beskou word as 'n noodsaaklike inleiding tot afdeling B waar die sukses van die skema ontleed word.

- - - - - - -

# HOOFSTUK 1

## Oorsake vir die Ontstaan van die Hartebeestpoortskema

Die poort in die Magaliesberge het reeds vanaf 1904 die aandag van die Transvaalse regering geniet, maar daar is tot geen daadwerklike stappe oorgegaan nie, hoofsaaklik omdat die koste daaraan verbonde baie hoog sou wees. Met die totstandkoming van die Unie is besproeiingsake aan die sentrale regering oorgedra. Toe daar dus omstreeks 1913-1914 sprake was dat iets gedoen moet word om die armes te help en dat 'n nedersettingskema die gewenste uitweg is, het die poort dadelik weer die aandag getrek, omdat 'n groot dam in die poort 'n groot gebied vir die plasing van armes sou kon besproei.

### 1. Oorsake.

Die benarde toestande waarin baie blankes hulle omstreeks 1913-1914 bevind het, is dus die agtergrond waarteen die skema ontwikkel het, en daarom is dit wenslik dat ons die faktore kortliks sal nagaan wat verarming in die hand gewerk het.

### (a). Die Twee-Plaasstelsel.

Die inwoners van die Oranje-Vrystaat en Transvaal het hoofsaaklik uit trekkers uit die Kolonie bestaan. In Transvaal was die boere op twee plase geregtig: een in die Hoëveld en 'n tweede in die Laeveld. Alhoewel die Transvaal dus heelwat groter as die Oranje-Vrystaat is, is die beskikbare grond in Transvaal tog ook baie gou beset. Dit het ten gevolge gehad dat die eienaars, toe grond vir nuwe intrekkers nie meer beskikbaar was nie, minder gegoede families en vriende

toegelaat het om op die plaas te kom woon. So ontstaan 'n groep grondlose persone en bywoners wat, soos later sal blyk, veral na die Engelse oorlog, geen heenkome gehad het nie. Hoe digter die bevolking geword het, des te moeiliker het dit geword om 'n bestaan te maak, omdat die boerdery die hoofbron van inkomste en heenkome was. Die dorpies was baie klein en het baie min kanse gebied aan ambagsmanne en ander persone wat daar probeer het om 'n bestaan te maak.[1)]

(b). Gebrek aan Aanpassingsvermoë.

'n Ander baie belangrike faktor wat tot die agteruitgang van die blankes bygedra het, is die gebrek aan aanpassing wat noodsaaklik geword het na die ontdekking van diamante en goud. Hierdie gebrek geld veral die ou gevestigde boerebevolking wat moeilik kon voldoen aan die eise van die veranderde toestande. Hulle is voor nuwe voorwaardes gestel waarin veral buitelanders die leiding geneem het.[2)]

(c). Delwerye.

Die alluwiale delwerye waar duisende armes en ander grondlose persone probeer het om hul ekonomiese posisie te verbeter, het in meer as een opsig tot ongelukkige resultate gelei. Hier is hul getalle ook nog verder versterk deur uitlanders wat gereken het om op die diamant- en goudvelde 'n heenkome te vind.

(d). Transportryery.

Die ontdekking van diamante en

---

1. Report of the Transvaal Indigency Committee, 11
2. Die Armblanke Vraagstuk in Suid-Afrika. Deel1, 5

Goud het in een opsig die posisie in die Oranje-Vrystaat en Transvaal verlig, toe transportryery aan baie 'n uitkoms gebied het. Tegelykertyd is daar toe ook 'n mark geskep vir plaasprodukte, en het dit die boere geloon om hul grond meer intensief te bewerk. Dit alles het tot 'n toename in die gebruik van geld gelei wat tot in daardie tyd baie skaars was. Behalwe die inkomste uit transport en landbouprodukte is aan die Transvaalse boere in die Witwatersrandse gebied ook groot somme aan opsiegeld uitbetaal. Die voltooiing van die spoorverbinding na die goudvelde was egter 'n gevoelige slag vir die transportrybedryf wat nou in 'n groot mate uitgeskakel is. Ook is produkte nou vinnig vervoer en van verafgeleë plekke na die markte gestuur met die gevolg dat die pryse aansienlik gedaal het. Dit het weer meegebring dat baie van die transportryers en ook sommige van die bywoners hulle nou na die dorpe moes begewe sonder enige vooruitsig op werk. Alles het meegewerk om die stroom na die dorpe te vergroot. Reeds in 1894 het die landdros van Pretoria gerapporteer: „Ek het tot die slotsom gekom dat die tyd aangebreek het om toe te sien dat die armes wat met hul families in ons stede ronddwaal, 'n vaste verblyfplek kry. Dit is jammerlik om te sien hoe hierdie mense sonder enige middele, hul oral op staatsgrond vestig en tente opslaan ten einde 'n woonplekkie te bekom"[1]. Dit is ook omstreeks hierdie tyd dat Vrededorp naby Johannesburg ontstaan het, sodat Pretoria nie die enigste dorp was waarheen die armes hul toevlug geneem het nie.

'n Mens sou verwag dat die uitbreiding van die

---

1. Report of the Transvaal Indigency committee, 11.

spoorweë en die mynbou 'n groot hulp sou wees om hierdie werklose persone van 'n verdienste te voorsien. Dit was egter geensins die geval nie, omdat hierdie vertakkinge van die bedryfslewe alleen geskoolde blankes in diens geneem het. Die Suid-Afrikaners kon nie as geskooldes kwalifiseer nie en as ongeskoolde arbeiders kon hul nie met die naturelle, wat die moeilike en ongeskoolde werk verrig het, meeding nie. Die armes se enigste inkomste in die dorpe het uit verdienste uit los werkies bestaan en gifte wat hulle van welsynsorganisasies ontvang het.

(e). Die Engelse Oorlog.

Die Engelse oorlog het toestande nog verder vererger, omdat die plase in die meeste gevalle totaal verniel is en daar tyd nodig was om alles weer op te bou. Gevolglik is die platteland in 'n groot mate ontvolk, omdat, weens die afwesigheid van huisvesting, vee en gereedskap, alleen eienaars na die plase terug is omdat daar nou vir die bywoners geen bestaansmoontlikheid was nie. Dan was daar nog nagenoeg 100,000 persone in gevangenis- en konsentrasiekampe wat nie geweet het waarheen om te gaan en wat om te doen nie en gevolglik ook na die dorpe gestroom het.[1)] Hierby moet nog gevoeg word die groot aantal Engelse soldate wat na die oorlog in Suid-Afrika gebly het, en omdat hulle ook geen ambag geken het nie, die hoeveelheid werkloses aangevul het.

Die gevolgtrekking waartoe die Transvaal Indigency Committee geraak het, is dat dit geblyk het dat in 1908 daar nog geen vermindering in die stroom na die

---

1. Report of the Transvaal Indigency Committee, 12

dorpe te bespeur was nie, 'n proses wat reeds in die vorige eeu begin het. Volgens die kriminele opgawes het dit geblyk dat liefdadigheid en die maklike inkomste uit onwettige drankhandel verkry daartoe bydra om 'n ongewenste klas in die dorpe saam te trek.[1]

(f). Omheining en Droogte.

Die omheining van grond wat reeds in 1910 geweldige afmetings aangeneem het, het baie veewagters oorbodig gemaak en dikwels ook bywoners uitgedruk. Daarby kom nog dat 'n meer kapitalistiese gees, veral in die skaapboerdery, tot die verdringing van bywoners en besitters van klein stukkies grond gelei het. Ook moet nog in gedagte gehou word dat droogte jaarliks 'n sekere aantal boere ruïneer omdat die kleinveestreke oor die algemeen 'n lae gemiddelde reënval het wat vir die periode 1900-1914 van 9.6 duim vir Willowmore tot 14.09 vir Graaff-Reinet gewissel het.[2] Hierdie karige reënval beteken veel minder as wat die syfers aandui, indien 'n mens in gedagte hou dat die reënseisoen in die warm somermaande val wanneer verdamping baie hoog is en daarby kom die reën gewoonlik in die vorm van donderstorms wat meebring dat die water vinnig wegvloei en die aarde baie min daarvan opneem.

(g). Landboupryse.

Die rampspoedige gevolge wat voortvloei uit die wisselende pryse vir landbouprodukte word baie goed bewys deur die ineenstorting van die mark vir vol-

---

1. Verslag van het Gekozen Komitee voor Blanken en Arbeidstoestanden, iv
2. Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, nr.5, 1922.

struisvere. Tussen 1900 en 1914 was volstruisvere een van ons vernaamste uitvoerprodukte. Gedurende hierdie tyd is jaarlikse vere ter waarde van ongeveer £52½ miljoen uitgevoer.[1] Daarby het die bedryf verbasende winste afgewerp en veral Oudtshoorn het in weelde geleef. In 1913 val die prys van volstruisvere en in 1914, met die uitbreek van die oorlog, word die buitelandse mark totaal afgesny. Omdat daar nou geen mark was nie en die boerdery oor die algemeen oorgekapitaliseer is, het die meeste boere dan ook bankrot gespeel.[2] DDie algemene ellende is vererger omdat die boere hulle slegs op hierdie een vertakking toegelê het. Aan hierdie boere moes daar uitkoms gebied word en baie van hulle het dan seker ook met genoeë kennis geneem van die plan van die regering om in die noorde 'n besproeiingskema te begin waar armes geplaas sou word om 'n heenkome te vind.

2. Voorgestelde Wetsontwerp.

AAlhoewel geen syfers vir die omvang van die verarming in Suid-Afrika omstreeks 1914 beskikbaar is nie, kan ons uit die voorgaande aflei dat dit in verhouding tot die grootte van die bevolking baie hoog moes wees. Dit is dan ook geen wonder nie dat toe die Hartebeestpoortskema in die Unie-volksraad voorgestel is, telkens na die armes verwys is. Die destydse minister van Lande het, toe hy die wetsontwerp vir die bou van die skema voorgestel het, onder andere gesê: ,, De hoofddoel van het plan is een oplossing te vinden voor de armblankenkwestie"[3] Hy het

1. Offisiële jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, nr 5, 1922.66

2. Idem, 8

3. Volksraaddebatte, 1914.

verder die hoop uitgespreek dat almal wat dit met die doel eens is, die skema sal steun en voortgegaan: ,, De irrigatie departement helpt de armen soveel mogelyk en hoopt nog vele andere plannen voor te brengen. Men moet offers brengen en de hand in de zak steken om de armen te helpen.[1]

Die Eerste Minister het die skema gesteun deur op die moontlikhede van die skema asook op die noodsaaklikheid daarvan te wys: ,, ... de direkteur is zeer voorsichtig en men kan zich op zyn ondersoek verlaten. De positie is een der beste in de Unie. Er zyn boeren die steeds agteruitgaan en naar de dorpen stroomen. Zy verarmen doorlopend en het lid heeft sterk verbetering bepleit. Het huis moet verantwoordelikheid op zich nemen om hen (de armen) te helpen ..."[2]

Die armmoedetoestande het dus in 'n groot mate aanleiding tot die wet gegee, wat die bou van 'n dam in die poort in die Magaliesberge magtig.

Die voorstel is sonder veel teenkanting aangeneem, en so kom aan die begin van Julie 1914 die Hartebeestpoortwet, nr. 32 van 1914 tot stand. Dit stel 'n dam in vooruitsig met 'n wal van ongeveer 200 voet bo die onderste fondamente, met 'n stoorvermoë van 5,100 miljoen kubieke voet, waarvan 4,667 miljoen kubieke voet bo die uitleihoogte sal wees en vir besproeiing aangewend kan word. Die oorloop sal 250 voet lank wees en in staat wees om 'n stroom van ongeveer 80,000 kuseks oor te laat met 'n

1. Volksraaddebatte, 1914.

2. Idem.

met 'n diepte van ongeveer 20 voet. 'n Groot oppervlakte onder die dam is vir besproeiing geskik, maar daar is bereken dat 15,000 morg uiteindelik besproei sal kan word. Die koste van die skema, insluitende die aanbou van die kanale, is op £605,000 beraam.

Verdere besonderhede van die wet kan kortliks soos volg opgesom word: Die omskrywing van die bestaande regte van die oewerbewoners; Voorsiening van besproeiingswater aan private boere; beskerming van die toevloei na die voorgestelde dam; voorsiening om naturellegrond binne die besproeiingsgebied te koop of te ruil; voorsiening vir administratiewe sake.[1].

Die poort waar die dam gebou is, is omtrent 20 myl wes van Pretoria en 9 myl oos van Brits, op die plaas Hartebeestfontein. Dit is 'n ideale plek om die water van die Krokodil- en Magaliesrivier op te dam, omdat hierdie twee riviere 'n endjie hoërop in mekaar vloei en hier deur 'n nou te in die berge stroom.

Tot dusver die aanleiding tot die ontstaan van die skema. In die volgende hoofstuk sal kortliks die voltooiing van die werk geskets word

- - - - - - - - -

1. Hartebeestpoortbesproeiingswet, nr. 32 van 1914

# HOOFSTUK II.

## Werksaamhede van die Departement van Besproeiing.

### 1. Vertragings.

Uit die bespreking van die wetsontwerp moet afgelei word dat dit die plan was om onverwyld met die skema te begin, maar die uitbreek van die oorlog en ander onvoorsiene omstandighede het die werksaamhede aansienlik vertraag.

### (a). Die Uitbreek van die Oorlog (1914).

Die uitbreek van die oorlog in 1914 het die planne in verband met die skema heeltemal op die agtergrond gestel en aanvanklik is slegs deur middel van boorbedrywighede vasgestel hoedanig die rotsformasie is waarop die damwal gebou sou word. Die resultate hiervan was egter heeltemal bevredigend.[1]

Die beperkte omvang van die werksaamhede word goed in die toewysing weerspieël volgens die begroting van 1916-17. Toe is daar by herhaling besluit om nie met die hoofwerke te begin nie en uit 'n totaal van £27,000 waarvoor vir die skema voorsiening gemaak is, is slegs 'n karige £1,500 vir opmetingswerk en ondersoeke toegesê. Die balans sou vir die aankoop van grond gebruik word waarop die regering reeds sedert 1914 'n opsie van aankoop het. Later in 1916 het die regering egter die eerste besluit, naamlik om nie met die werk te begin nie, in heroorweging geneem

1. U.G. 19/1918, 67.

en besluit om wel te begin omdat:

(i). Die regering besef het dat, nadat 'n besluit geneem is om 'n skema soos hierdie aan te pak, daar nog heelwat tyd verloop voordat werksaamhede werklik 'n aanvang neem as gevolg van die vertraging en moeilikhede om die nodige masjinerie en gereedskap te bestel en by die werk te besorg.

(ii). Dit duidelik geword het dat as gevolg van die oorlog en steeds stygende pryse geen ekonomiese of finansiële voordele ten opsigte van die aankoop van benodigdhede verkry sou word nie deur nog langer uit te stel.

(iii). Na afloop van die oorlog sou werkloosheid algemeen wees en dan sal dit goed wees indien daar dan 'n skema soos hierdie aan die gang is waar werkloses geplaas kon word.

(iv). Dit het duidelik geword dat verdere uitstel die grondeienaars binne die gebied van die skema beïnvloed en dat hoe langer daar uitgestel word, des te moeiliker sou dit wees om die nodige grond vir die nedersetting te bekom, aangesien die grondbesitters in baie gevalle vinnig verbeterings aangebring het, verbeterings wat hulle nie werklik nodig gehad het nie, maar wat tog die waarde van die grond verhoog het. Dit alles is uitsluitlik op die sekerheid gedoen dat die regering wel die grond vir die nedersetting sal aankoop.

( v) Grondspekulasie met die oog op die skema het grondpryse verhoog en spoedige optrede van die kant van die regering wenslik gemaak.[1)]

1. U.G. 19/1918, 69.

(b). Geding met mnr. Maarseveen.

Alhoewel daar in Augustus 1914 daadwerklik met die werksaamhede begin is en ook 'n smal spoorlyn vanaf Brits-wes na die terrein van die dam begin is, ten einde die benodigdhede maklik daar te kry, is werksaamhede nog verder vir twee jaar vertraag deur 'n sekere mnr. Maarseveen, eienaar van die enigste geskikte grond onderkant die voorgestelde damwal, waar die werkers aan die skema gehuisves kon word. Die langdurige stryd is uiteindelik deur die regering gewen maar nie alvorens 'n spesiale wet aangeneem is om die optrede van die regering te magtig nie.[1] Die vertragings het ten gevolge gehad dat daar in 1920 slegs 65 kubieke voet uit die totaal van 225 voltooi was van 'n kisdam wat reeds in 1914 aangevoer is. Teen hierdie tyd (1920) is daar ook met 'n ander kisdam laeraf begin en uitgrawings op die regteroewer bo die watervlak.[2]

2. Vordering.

Afgesien van bogenoemde werksaamhede is gedurende 1919-20 'n elektriese kragstasie opgerig vir die verskaffing van krag en lig by die werk en kamp, en ook is water aangelê na die kamp en sommige wonings in die kamp.

'n Nuwe pad, 'n ietsie meer as vier myl vanaf Silkaatsnek, is aangelê en 'n hangbrug van 192 voet

---

1. Die bergagtigheid van die omgewing en die aard van die werk was sodanig dat die werkers slegs onderkant die plek van die werksaamhede gehuisves kon word en die heer Maarseveen het gepoog om die omstandighede tot eie voordeel te benut. Vir volle besonderhede vir die interessante verloop van die stryd, sien U.G. 19/1918, 64 e.v.

2. U.G. 32/1921, 23

7 duim is bokant die kisdammme oor die rivier gebou. Hierdie werksaamhede is genoodsaak omdat die ou pad deur die poort gegaan het op die plek waar die damwal nou gebou word.

Ook die grond wat aan die regering behoort het is gedurende 1919-20 opgemeet.

Dat die genoemde werksaamhede en die benodigdhede tot 1920 reeds baie gekos het, blyk uit die volgende kostegegewens:

Totale Koste op 31 Maart 1920 1)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Damwal .............. | £ 9,622 | 16 | 3 |
| Oorloop ........ | 6,473 | 6 | 7 |
| Kanale ........ | 275 | 4 | 6 |
| Opmetings: | | | |
| Oorstroomde grond | 748 | 11 | 2 |
| Besproeibare grond | 3,881 | 15 | 3 |
| Kamp ........ | 59 | 0 | 4 |
| Aankoop grond onder water | 57,289 | 12 | 6 |
| Regskoste ........ | 2,686 | 16 | 0 |
| Waterhof ........ | 1,263 | 4 | 0 |
| Algemene opmetings . . | 1,431 | 6 | 9 |
| Nuwe pad: | | | |
| regter oewer . . . | 1,595 | 14 | 7 |
| linker oewer . . . | 10,128 | 18 | 2 |
| Brits ....... | 3,500 | 0 | 0 |
| Ongeskikte werke Klipkop | 3,074 | 4 | 8 |
| | 102,030 | 10 | 9 |
| Voorrade en Masjinerie | 15,329 | 1 | 3 |
| Spoorweg ....... | 25,390 | 5 | 8 |
| Kragstasie ....... | 19,011 | 4 | 6 |
| Elektriese lig .... | 940 | 2 | 7 |
| Watervoorsiening . . . | 1,369 | 9 | 2 |
| Gesondheidsdienste . . | 236 | 1 | 10 |
| Geboue (algemeen) . . | 4,497 | 18 | 5 |
| Woonhuise ....... | 13,049 | 18 | 5 |
| Lewende hawe en vervoer | 644 | 11 | 7 |
| Huise blanke arbeiders | 8,567 | 10 | 1 |
| Diverse ....... | 3,102 | 10 | 2 |
| | 244,369 | 4 | 3 |
| Aankoop van plase . . | 142,796 | 8 | 7 |
| Voorbereiding van grond | 4,302 | 9 | 6 |
| | £391,467 | 16 | 4 |

Uit bostaande gegewens blyk dit dat daar veel meer te

1). U.G. 32/1921, 23. £6,718 synde ekstra koste weens die gebruik van blanke arbeid is nie hierby ingesluit nie. Hierdie bedrag is gedek deur die departement van Arbeid en beskou as 'n uitgawe vir noodleniging.

doen was as net die bou van 'n dam en kanale. Streng gesproke is alleen die items in die eerste groep met 'n totaal van £102,030-10-9 plus die voorraad en masjinerie van £15,329-1-3, 'n totaal van £117,360-12s dus, direk by die bou betrokke, terwyl die res van die tweede groep met 'n totaal van £127,009-12-3 slegs indirek daarby betrokke was.

3. Voltooiing.

Die bou van die damwal het baie werk gekos. Veral die regter oewer waar 12,000 kubieke jaarts rots verwyder moes word ten einde 'n goeie stut vir die wal te kry, het baie probleme meegebring. Die gevolg was dat werksaamhede nie, soos verwag was, teen die begin van die reënseisoen, omstreeks Oktober 1922, voltooi kon word nie. Op 22 November 1922 is die uitlooptonnel egter toegemaak en die eintlike opgaarproses het teen die einde van Januarie 1923 begin. Die oorloop is ook gedurende 1922-23 voltooi en oor die lengte van 250 voet moes 43,250 kubieke jaart rots uitgekap en 11,600 kubieke jaart beton ingesit word. Gedurende dieselfde tyd is die brug oor die oorloop asook die padtonnel op die regteroewer voltooi. Nog net die borswering en die bowewal moes aangebring word. Teen die einde van Maart 1923 was die betonwerk aan die dam voltooi en 'n goeie reënseisoen het meegebring dat die dam teen hierdie tyd omtrent 50 persent van sy totale opgaarvermoë gehad het.[1)]

Met die bou van die kanale is vroeg in 1922 begin

1. U.G. 2/1924,26.

maar weens die gebrek aan arbeiders[1] kon die werk nie juis vlot nie en aan die begin van 1923 is die werkers aan die dam dan ook gedeeltelik op die kanale ingespan. Ook is verlof verkry om 100 naturelle te huur om aan die kanale te werk. Teen die einde van Maart 1923 was die uitgrawings aan die een kanaal omtrent 10½ myl gevorder en die nodige tonnels, brûe en sylote reeds voltooi.[2]

Die kapitaal-uitgawes tot op 31 Maart 1923 was soos volg:[3]

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Dam:** | Fondament . . . . . . . . | £ 98,870 | |
| | Beton . . . . . . . . . | 205,950 | |
| | Uitloop . . . . . . . . . | 20,752 | |
| | Oorloop . . . . . . . . . | 111,363 | |
| | Toegang van pad oor dam | 46,857 | |
| | Sementvoeging en algemeen | 3,149 | |
| | Hydro-installasie . . . | 21 | |
| | Kanale . . . . . . . . . | 187,688 | |
| | geboue . . . . . . . . . | 61,767 | |
| | Klipkop-hulpwerke . . . | 5,491 | |
| **Grond vir werke:** | | | |
| | Oorstroomde grond . . . | 94,444 | |
| | Voorlopige ondersoek . | 4,951 | |
| | Regskoste . . . . . . . . | 4,241 | |
| | Voorrade . . . . . . . . | 10,526 | |
| | Gereedskap . . . . . . . | 6,340 | |
| | Uitrusting . . . . . . . | 40,079 | |
| | Buitegewone uitgawe . . | 355 | |
| | Opmeting van kanale . . | 7,417 | |
| | Gedeelte Hartebeestfontein | 3,837 | £ 914,099 |
| | minus voortvloeiende verpligtinge | | 543 |
| | | | 913,556 |
| Nedersetting (insluitende aankoop vangrond | | | 153,275 |
| | | | £1,066,831 |
| Kredietposte op kapitaal tot op 31 Maart 1922 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . | | | 15,027 |
| | Gedurende 1922-23: huur | £4,685 | |
| | uitrusting. . | 40,075 | 44,764 |

1. Die tekort aan blanke-arbeid moet toegeskryf word aan: a) Die groter aanvraag na blankes deur die S.A. S.& H. weens spoorwegontwikkeling. b). Die oorplasing van uitgesoekte werkers van die skema na die Departement van Boswese. c). Die verandering in toelae aan afhanklikes in 'n poging om lg. op die plase te hou of daarheen terug te lok. U.G. 2/1924,26.

2. Idem, 26.
3. Idem, 28.

**Kanaaluitgawes tot op 31 Maart 1923:** [1]

**Konstruksie:**

| | | |
|---|---|---|
| Personeel & administrasie | £ 13,069 | |
| Vervoer & reise . . . . . . | 1,632 | |
| Kantooruitgawe . . . . . . . | 13 | |
| Onderhoud (hoofkamp) . . . | 476 | |
| Kanaalbou . . . . . . . . . | 86,475 | |
| Transport en Spoorvrag . . | 6,124 | |
| Geboue & verbeterings . . | 3,749 | |
| Verliese deur weersomstandighede | 137 | |
| Magasyn, goedere , ens. . | 9,511 | |
| Handelsopsies . . . . . . | 108 | |
| Hessiese hutte in aanbou . | 818 | |
| Kleiner gereedskap . . . . | 14,846 | 136,958 |
| Uitrusting . . . . . . . . . . . . . . | | 7,246 |

**Myn suspensie:**

| | | |
|---|---|---|
| Lone . . . . . . . . . . . . . | 74,091 | |
| Transport & spoorvrag . . . | 5,701 | |
| Hospitaal, ens . . . . . . . . | 2,895 | |
| Kamponderhoud . . . . . . . | 13,428 | |
| Watervoorsiening . . . . . . | 2,913 | 99,028 |
| Suspensie-rekening . . . . . | | 9,036 |
| | | 252,268 |

Die dam is eindelik in 1924 voltooi en die eerste water teen die end van hierdie jaar uitgelaat.

Die volgende toon die hoeveelheid water wat gedurende die eerste paar jaar uitgelaat en die hoeveelheid grond wat daarmee besproei is: [2]

| Jaar | Water uitgelaat Akkervoet | Grond besproei morg |
|---|---|---|
| 1924-25 | 20,190 | 700 |
| 1925-26 | 40,200 | 4,000 |
| 1926-27 | 79,580 | 8,500 |
| 1927-28 | 72,700 | 10,800 |
| 1928-29 | 74,255 | 12,394 |
| 1929-30 | 77,350 | 13,657 |
| 1930-31 | 81,749 | 15,141 |
| 1931-32 | 73,837 | 16,100 |
| 1932-33 | 19,172 | 10,127 |
| 1933-34 | 16,341.6 | 9,189.4 |
| 1934-35 | 67,708.3 | 17,328.1 |

Daar is gedurende 1925-26 slegs twee keer soveel

---

1. U.G. 2/1924,28
2. U.G. 11/1930,25 en Besproeiingskantoor

water uitgelaat as in die vorige jaar, maar 4,000 morg is besproei in vergelyking met 700 in die eerste jaar. Hierdie groot verskil in besproeide oppervlakte word verklaar deur die feit dat baie van die water in die eerste jaar vir konstruksiewerke gebruik is. Die omvang van die droogte in 1933 en 1934 word weerspieël deur die hoeveelheid water wat in daardie jare uitgelaat is. Dit is egter opvallend dat die oppervlakte wat gedurende die ooreenstemmende jare besproei is, nie tot dieselfde mate afgeneem het nie, wat daarop dui dat in die periode die water baie oordeelkundig gebruik is.

Dit in kort, is die werksaamhede aan die dam en kanale. In die volgende hoofstuk sal die aandag geskenk word aan die gebied wat besproei sal word en die werksaamhede aldaar.

- - - - - - - - - - - - - -

# HOOFSTUK 111.

## Die Aanlê van die Nedersetting.

### 1. Inleiding.

Met die aanname van die Hartebeestpoortwet in 1914 was die algemene gedagte dat die Departement van Besproeiing verantwoordelik sou wees, nie net vir die bou van die dam en kanale nie, maar ook vir die nedersetting. In 1916 is egter 'n ander reëling getref met die gevolg dat die Departement alleen die besproeiinewerke sou hanteer en administreer en dat die nedersettingsgebied, die beheer en administrasie daarvan, onder die Departement van Lande sou val. Die grond wat vir besproeiings- en nedersettingsdoeleindes tot op daarde datum deur die Departement van Besproeiing aangekoop is, is deur die Departement van Lande oorgeneem en van tyd tot tyd aangevul.

In 1921 toe die komstruksiewerke byna klaar was, is die Departement van Lande gevra om sy beleid in verband met die nedersetting onder hierdie skema neer te lê. 'n Komitee is aangestel om voorlopig ondersoek in te stel en aanbevelings te doen en as gevolg van die rapport wat in 1922 aan die minister voorgelê is, is besluit dat die nedersettingswerksaamhede op so 'n manier aangegaan sou word dat voorsiening gemaak sou word vir die plasing van:

(a). Gewone nedersetting onder die Kroongrondnedersettingswet van 1912 soos gewysig. Volgens die bepalings van hierdie wet word die grond eers onder huurkontrak aan goedgekeurde persone uitgegee vir 'n mak-

simum tydperk van vyf jaar. Die huurkontrak sluit ook 'n opsie in van aankoop van die hoewe. Wanneer die huurtyd verstreke is, moet die huurder of die opsie van aankoop aanvaar of die hoewe verlaat. Indien die opsie van aankoop uitgeoefen word, moet die koopsom in vyf-en-sestig halfjaarlikse paaiemente afbetaal word, terwyl 'n rente van 3½ persent op die koopsom bereken word.[1]

(b). Nedersetting onder die Kroongrondwet van 1922, Nedersetters onder hierdie stelsel betaal 'n tiende van die koopsom van die grond sodra dit aan hulle toegeken word. Op hierdie manier is deur die regering voorsiening vir die aankoop van grond gemaak ten behoewe van persone wat wel 'n bietjie kapitaal besit, maar te min om self grond te koop.

(c). Behoeftige persone. Hierdie groep verskil nie van die in a) geneem nie, behalwe dat hulle deur die departement van Arbeid aanbeveel word en dat hulle aanvanklik uit die persone bestaan wat op die skema werksaam was.[2]

2. Voorbereiding van Hoewes.

Die Departement van Lande het werksaamhede begin deur bome en struike uit te roei, die grond gelyk te maak, te ploeg en in hoewes op te meet. Ook is 'n begin met 'n padskema gemaak, wat absoluut noodsaaklik in daardie turfwereld is. 'n Kontroleur wat be-

1. Toe die nedersetting 'n aanvang geneem het, was die wet reeds weer gewysig en moes die koopsom teen 4½ persent per jaar oor 'n tydperk van 20 jaar in 40 halfjaarlikse afbetalings gedoen word.

2. U.G. 17/1928, 111.

heer oor die nedersetting sou uitoefen, is aangestel met sy hoofkantoor op Brits, die mees sentraalgeleë spoorwegstasie in die gebied. 'n Gedeelte van die plaas Krokodilpoort is as proefplaas aan die Departement van Landbou gegee, ten einde vas te stel watter gesaaides en watter soorte boerdery in die omgewing die beste beantwoord.

Die geld wat gebruik is om die hoewes voor te berei, is uit leningsfondse verkry en moes deur die verkoop van die hoewes weer gewin word. Die gemiddelde koste per hoewe het in Augustus 1926 op £891 te staan gekom en het bestaan uit:[1)]

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Skoonmaak . . . . | £81 | 10 | 9 | |
| Ploeg . . . . . . | 22 | 3 | 6 | |
| Grensomheining . | 13 | 2 | 6 | |
| Binneomheinings . | 34 | 14 | 9 | |
| Lewende hawe . . | 40 | 0 | 0 | |
| Hoenderhokke . . | 1 | 8 | 9 | |
| Tabakskure . . . | 148 | 9 | 6 | |
| Tabakkelders. . . | 2 | 6 | 9 | |
| Huis . . . . . . . | 342 | 10 | 0 | |
| Paaie . . . . . . . | 109 | 16 | 3 | |
| Opmeting (buite) | 5 | 15 | 11 | |
| Opmeting (binne) | 12 | 1 | 7 | |
| Voorbereidingswerk | 21 | 14 | 7 | |
| Hessiese hutte .. | 13 | 1 | 0 | |
| Dip . . . . . . . | 1 | 0 | 0 | |
| Watervoorsieneing | 10 | 11 | 2 | |
| Diverse . . . . . | 25 | 10 | 7 | |
| Vragmotor (deel van uitgawe) . . | 4 | 17 | 4 | £890-14-11 |

Hierdie bedrae is gemiddeldes en daar die koste vir die bou van huise wat onder kontrak uitgegee is, steeds gestyg het, is dit verwag dat die uitgawe per hoewe uiteindelik op ongeveer £950 te staan sou kom. Hierdie gegewens toon dat die som wat 'n nedersetter vir sy hoewe moes betaal, 'n aansienlike bedrag be-

1. U.G. 17/1928, 111

loop het en sal seker vir baie 'n openbaring wees omdat die algemeen gangbare mening veronderstel dat die nedersetters die hoewes as 't ware verniet ontvang en net nodig het om te saai en te oes ten einde goed te leef en vinnig te vorder. Baie kon eenvoudig nie verstaan waarom sommige van die nedersetters nie 'n sukses van hul hoewes kon maak nie.

Dit is onmoontlik om te bepaal of die hoewes se koopprys te hoog is ten gevolge van ondoeltreffendheid van arbeid en administrasie met die voorbereiding daarvan. Inbegrepe in die koopprys is egter die som van byna £110 vir die maak van paaie. Dit bly egter 'n ope vraag of die nedersetters 'n deel van die koste vir die maak van paaie moes dra. Die paaie is wel 'n logiese gevolg van die nedersetting, maar ons insiens was die maak van paaie nie die taak van die Departement van Lande nie, maar wel van die Weëraad en en moes die Provinsiale Administrasie die koste daaraan verbonde gedra het. Hoe dit ook al sy, die nedersetters sou moeilik die hoewes goedkoper kon voorberei en indien hulle dit wel goedkoper kon doen, sou hulle in elk geval baie kosbare tyd wat nou aan plant en saai bestee is, verloor het, en sou die aantal mislukkings heel moontlik veel hoër gewees het.

3. <u>Nedersetting en eerste Toekennings.</u>

Alhoewel hierbo aangetoon is dat die koste per hoewe op ongeveer £900 te staan gekom het, moes alle hoewes, voordat dit toegeken word, eers deur 'n Landraad waardeer word. Die toekenning van die hoewes het as volg verloop: Volgens wet nr 38 van 1924

is voorsiening vir die stigting van proefnedersettings gemaak hoofsaaklik met die doel om proefhuurders op te lei. Die Minister het toe ook besluit om sover moontlik alleen behoeftige persone op die nedersetting te plaas.

'n Proefhuurder is 'n persoon aan wie 'n hoewe toegeken is, maar hy begin as 'n leerling in die boerdery en werk onder toesig van beamptes van die Departement van Lande. 'n Onderhoudstoelae van £5 per maand vir 'n getroude en 15 sielings per maand vir elke kind wat by hom inwoon en wat van hom afhanklik is. Ongetroudes ontvang £3-5s per maand. Die toelae word egter elke ses maande verminder op so 'n wyse dat dit na agtien maande verval. Enige opbrengs uit die hoewe word in die naam van die Departement verkoop en onkoste ten behoewe van die bewerking van die hoewe namens die proefhuurder aangegaan, word van die opbrengs afgetrek. Soveel van die oorskot as wat die superintendent mag bepaal, maar nie minder as 50 persent nie, word aan die proefhuurder uitbetaal en die saldo word tot sy krediet in 'n trustrekening geplaas en aan hom uitbetaal wanneer sy proeftyd verstreke is. Die proeftyd is op een jaar vasgestel, maar kan op aanbeveling hoogstens vir nog twee jaar verleng word. Hierdie proeftyd is gebruik om die voorgenome nedersetter in die boerderypraktyk op te lei, maar terselfdertyd om vas te stel of hy enige aanleg vir die boerdery het. Toon 'n proefhuurder dat hy geen aanleg of begeerte het nie, is daar probeer om op 'n ander manier vir hom 'n heenkome te vind.

Toon die proefhuurder dat hy in staat is om 'n sukses van die boerdery te maak, word die hoewe permanent aan hom toegeken onder huurkontrak wat 'n opsie van aankoop behels. Hy staan dan bekend as 'n huurder. Dieselfde hoewe waarop hy proefhuurder was, word aan hom toegeken omdat 'n verplasing na 'n ander hoewe mag meebring dat hy met nuwe toestande, veral wat grondtipe betref, te doen sal kry en om die proefhuurder vanaf die begin in die hoewe en werk te laat belangstel, wetende dat die verbeteringe en werk hom alleen ten goede sal kom. Hierdie beleid het danook goeie vrugte afgewerp ten opsigte van die proefhuurders wat enigsins 'n aanleg vir die boerdery getoon het en probeer het om so gou moontlik vordering te maak.

Toe die eerste groep proefhuuders op hierdie nedersetting in 1926 hul proeftydperk voltooi het, is die waardering van die hoewes na die westelike Landraad verwys en later na die Besproeiingskommissie. In 1927 is uiteindelik 76 hoewes waardeer teen 'n gemiddelde prys van £1,200 plus waterbelasting van £2 per besproeibare morg per jaar. Namate grond voorberei en hoewes beskikbaar geword het, is dit aan proefhuurders toegeken. Op 31 Maart 1927 was daar reeds 121 en hul getalle het tot die einde van Julie van dieselfde jaar tot 200 aangegroei, terwyl die totale aantal siele 1281 beloop het. Vanaf die plasing van die eerste proefhuurders in Janaurie 1925 tot aan die einde van Julie 1927 het 35 hul hoewes verlaat en wel om die volgende redes:[1)]

1. U.G. 17/1928, 112.

| | |
|---|---|
| 14 | op aanbeveling van die Komitee van Beheer 1) |
| 2 | na die diamantvelde 2) |
| 11 | het gereken dat hulle elders beter kon bestaan. |
| 1 | het ander werk aanvaar |
| 3 | weens huislike moeilikhede |
| 4 | sonder rede te verstrek |
| 35 | |

Nieteenstaande 35 die nedersetting verlaat het, was daar net 16 leë hoewes beskikbaar wat toon dat baie as proefhuurders ingeskryf het.

Die grond word aan die huurders op die volgende voorwaardes toegeken:

(i). Gedurende die eerste jaar word geen huur .. betaal nie.

(ii). Vir die tweede jaar asook vir die derde, is die huur 2 persent op die koopprys van die hoewe.

(iii). Vir die vierde en vyfde jaar 3½ persent op die koopprys.

(iv). Indien die opsie om te koop uitgeoefen word, moet die koopsom teen 4½ persent per jaar oor 'n tydperk nie langer nie as 20 jaar in veertig half-jaarlikse afbetalings gedoen word. Die koopsom kan ook eerder afbetaal word, maar 'n kroongrondbrief word alleen toegeken tien jaar na die uitoefening van die opsie van aankoop.

Indien die opsie om te koop dus uitgeoefen word, beteken dit dat die gemiddelde huurder 4½ persent rente op die koopsom van £1,200 moet betaal, dit wil sê £54 plus 4½ persent op 'n voorskot van £100 wat neerkom op £4-10/-, plus 'n waterbelasting van £2 op elk van die tiend morge waaruit sy hoewe bestaan, dit

1. Die Komitee van Beheer het diegene wat duidelik getoon het dat hulle nie 'n sukses van die boerdery sal maak nie, in ander werk probeer plaas.

2. Het wel aanleg getoon maar uit eie beweging die boerdery verlaat, omdat hul gereken het dat die toekomsmoontlikhede te skraal was.

wil sê nog 'n verdere £20. Die totaal van hierdie betalinge kom op £78-10/- te staan. Omdat die huurder, wanneer hy die opsie van aankoop uitoefen, nie in staat is om die voorskot wat 'n maksimum van £100 beloop het, terug te betaal nie, is dit gewoonlik gekapitaliseer, wat beteken dat in plaas van £1,200 nou £1,300 in twintig jaar terugbetaal moet word. Die geldelike verpligtinge is dus £78-10/- plus 'n twintigste van £1,300, dit wil sê £65. Gedurende die eerste jaar moet dus £143-10/- betaal word en daarna trapsgewys minder namate die rente op die uitstaande bedrag minder is. Dit is dus 'n aansienlike bedrag wat die nedersetter moet betaal, en veral aan die begin het dit in baie gevalle baie moeilik gegaan omdat hulle alles uit die grond moes haal. Hulle was onervare, in 'n vreemde omgewing, sonder enige kapitaal en daarby besig met besproeiing wat een van die moeilikste boerdery-afdelings is. Indien verder nog in aanmerking geneem word dat die turfgrond die tabak, die hoofgewas van die streek, baie maklik laat versuip en hael in hierdie streek vry algemeen voorkom, het daar inderdaad vir die nedersetters 'n moeilike tyd voorgelê. Dit verbaas ons dan ook nie indien ons later verneem dat die regering in die begin van die dertiger jare spesiale tegemoetkomende maatreëls getref het nie.

4. Verdere Uitbreiding.

Die eerste hoewes is uitgegee op Mamagalieskraal en Krokodilkraal aan die regteroewer van die rivier. Toe op hierdie nedersettings nie meer hoewes beskik-

baar was nie, is verder ondersoek ingestel na die ander plase laer af aan die regteroewer van die rivier, naamlik Kleinfontein, Klipkop en Kameeldrift. Dit het toe geblyk dat die sanderige geaardheid van hierdie grond die streek vir proefnedersetting ongeskik maak. Daar is dus stappe gedoen om die grond in hoewes 50 tot 70 morg groot uit te meet, met 'n maksimum van 25 morg besproeibare grond. Hierdie hoewes is toe uitgegee kragtens artikel 7 van die wet Nr.21 van 1922, waarvolgens die suksesvolle aansoeker een-tiende van die koopsom by toekenning kontant moet stort en die balans oor 'n tydperk van veertig jaar.[1] Die bedoeling was om persone met kapitaal en ervaring te lok om die grond te bewerk met moontlik geringe steun van die regering. 78 hoewes waarvan die waardering gewissel het van £12-10/- tot £23 per besproeibare morg met £2-10/- per morg weiveld, is geadverteer en uitgegee. Die plase was groot genoeg vir 140 hoewes alhoewel almal nie gelyktydig uitgegee is nie.

Namate ontwikkelingswerksaamhede gevorder het, is telkens nuwe gedeeltes vir nedersetting oopgestel en teen 1937 bestaan die nedersetting uit die volgende gedeeltes:[2]

(i). Gedeelte van Hartebeestpoort Nr. 46, Brits, Mamagalieskraal L Nr.41, oorspronklik 227 hoewes. Die nedersetting op hierdie gedeelte is egter geherorganiseer omdat bevind is dat die hoewes te

1. U.G. 17/1928, 115.

2. U.G. 10/1937, 32.

klein is en gevolglik waar moontlik vergroot moes word. Die aantal hoewes is op hierdie manier verminder na 165; dit wil sê die gemiddelde grootte van die hoewes is van 10 na amper 14 morg opgeskuif.

(ii). Gedeelte van Hartebeestpoort C bestaande uit Kleinfontein en Klipkop met 76 hoewes, verminder na 73.

(iii). Gedeelte van Hartebeestpoort C bestaande uit die streek wat bekend staan as Klipkop onder die ou voor met 18 hoewes, verminder na 15.

(iv). Hartebeestpoort E, Nr 98 (oorspronklik bekend as Zanddrift en Veekraal) met 68 hoewes, verminder na 56.

(v). Gedeelte A, Kameeldrift, Nr50, wes van die Krokodilrivier - 33 hoewes.

(vi). Resterende gedeelte van Kameeldrift, oos van die rivier - 48 hoewes, verminder na 28.

(vii). Die Geluk-nedersetting op Hartebeestpoort B, Nr. 46 waar daar 110 hoewes is.

(viii). Twee gedeeltes bekend as Kareepoort-oos en Kareepoort-wes - 95 hoewes.

Die totale aantal hoewes op die nedersetting was dus 575.

Nieteenstaande die beleid van die Departement om gedurende die oorlog geen hoewes beskikbaar te stel nie ten einde grond vir teruggekeerde soldate uit te

hou, is daar tog die volgende nedersettings geopen:

Rooikoppies Nr 65 in 1940 met 16 hoewes;
Zandfontein in 1943 met 10 hoewes;
Wolwekraal in 1943 met 43 hoewes. 1)

5, Toesig.

Soos reeds aangetoon, was die proefhuurders as 't ware in diens van die Departement van Lande en moes hulle werk volgens opdrag. Die huurders het wel meer vryheid gehad, maar dit spreek vanself dat die toesig nie heeltemal opgeskort kon word nie omdat die grond en verbeterings nog aan die Regering behoort het en laasgenoemde 'n oog oor sy besittings moes hou. Daarby kom nog dat die toesig in belang van die huurders self ook is omdat hulle sodoende van deskundige raad en planne voorsien word.

Afgesien van die gewone bepalings insake die onderhoud van die grond en verbeterings is spesiale voorsiening in die huurkontrak gemaak ten einde die huurder te dwing om alle bevele of voorskrifte van owerheidswe uit te voer in verband met boerdery-metodes en -praktyk, bewerking van die hoewe, en sodanige ander sake wat nodig geag mag word om die behoorlike bewerking van die hoewe te verseker, waaronder inbegrepe is die behoorlike versorging en instandhouding van verbeterings, die versorging van die grond, voorkoming van grondverspoeling, die verkeerde gebruik en verkwisting van water en die uitroei van skadelike onkruid.

1. 'n Kaart van die Nedersetting is aan die end ingevoeg.

**Slot.**

Uit die hoofstuk blyk dit dat , nedersetting 'n langsame proses was en dat die Departement van Lande die verrigtinge baie stelselmatig aangepak het Ook het die Departement baie gedoen om die nedersetters te help en selfs nadat hulle 'n kroongrondbrief verkry het en dus selfstandige boere geword het, is hul probleme nog steeds met simpatie behandel en is hulle nog verder gehelp.

Of al die verwagtinge van die verskillende Departemente verwesentlik is al dan nie, sal in die volgende afdeling bespreek word.

- - - - - - -

**HARTEBEESTPOORT-NEDERSETTING.**

**KROONGRONDBRIEWE UITGEREIK GEDURENDE VERSKILLENDE JARE.**

| NEDERSETTING | 1929 | 1930 | 1931 | 1932 | 1933 | 1934 | 1935 | 1936 | 1937 | 1938 | 1939 | 1940 | 1941 | 1942 | 1943 | 1944 | 1945 | 1946 | 1947 | 1948 | 1949 | 1950 tot 9/9/50 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Zandfontein | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | |
| Geluk | | | | | | | | | | | | | 1 | 2 | Geen | 9 | 2 | 6 | 11 | 5 | 15 | 4 |
| Kameeldrift-Oos | | | | | | | | | | | | | | 1 | 4 | 6 | 2 | 1 | 3 | 4 | 1 | |
| Kameeldrift-Wes | | | | | | | | | | | | 1 | | 5 | 5 | 1 | | 4 | | 2 | 1 | |
| Kleinfontein | | | | | | | | 1 | 1 | 2 | 2 | 2 | 5 | 12 | 1 | 5 | 1 | 3 | 2 | 3 | 1 | 2 |
| Klipkop | | | | | | | | | 3 | 2 | 2 | 1 | 3 | 9 | 2 | 4 | 1 | | 6 | 3 | 4 | 1 |
| Kareepoort | | | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | 6 | 1 | | |
| Mamagalieskraal | | | | | | | | | | | 1 | 2 | 2 | 15 | 10 | 6 | 6 | 13 | 16 | 12 | 17 | 3 |
| Zanddrift | | | | | | | | | | | | | | | 9 | 5 | | 4 | 9 | 5 | 2 | 2 |
| Roodekopjes No. 65 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | 2 | 1 | |
| Wolwekraal | | | | | | | | | | | | | | | | | | 1 | | 1 | | 1 |
| Seksie 11 en 16 en Kerk ens. | 1 | | | 1 | | | | | | | 1 | 2 | 3 | 6 | 1 | 11 | 5 | 4 | 1 | 3 | 7 | 3 |
| TOTALE | 1 | Geen | Geen | 1 | Geen | Geen | Geen | 1 | 4 | 4 | 6 | 8 | 14 | 50 | 32 | 47 | 17 | 37 | 55 | 41 | 50 | 16 |

# AFDELING B

## Algemene Inleiding tot Afdeling B.

In hierdie afdeling sal nagegaan word en vasgestel word in hoeverre die verskillende Departemente geslaag het in die volvoering van hul onderskeie doelstellings.

In Hoofstuk lV word die bedrywighede van die Departement van Besproeiing bespreek en daar word nagegaan in hoeverre die beraming van die uitgawe ten opsigte van die skema in ooreenstemming met die werklike uitgawe is. Ook of die Departement in staat is om, soos beplan, die koste van onderhoud, rente en aflossing uit die waterbelasting te dek.

In Hoofstuk V word op dieselfde patroon die werksaamhede van die Departement van Lande ontleed. Hierdie Departement het egter, behalwe die finansiële sukses, ook 'n ander doelstelling, naamlik die rehabilitasie van die grondlose persone. Die plasing van nedersetters, die vordering in besondere gevalle en die algemene ontwikkeling van die nedersetting word dus ook in hooftrekke nagegaan.

Hoofstuk Vl handel veral oor die bemarking van die verskillende produkte, met spesiale verwysing na die koöperasies, omdat dit 'n inherente deel van die hele ontwikkeling is.

- - - - - - - - - -

## Afdeling B

## Hoofstuk 1V

### Die Sukses van die Skema.

By 'n ontleding van die sukses van die skema sal ons eers die geldelike sy ten opsigte van die betrokke Departemente nagaan en daarna op die direkte en indirekte voordele let wat uit die skema voortgevloei het.

1. Die Departement van Besproeiing.

(a). Beraamde Koste.

Die beraamde koste soos voorgelê aan die parlement tydens die bespreking van die wetsontwerp om die skema te magtig, was soos volg: Die koste van die kanale is op £10 per besproeibare morg bereken. Die koste van die dam, behuising van die personeel, verlegging van die pad, bou van die brug, ens., is alles in rekening gebring en die totale koste daarvan op £603,000 beraam, soos volg ingedeel:[1].

| | | |
|---|---|---|
| Dam . . . . . . . | £ 361,000 | |
| Kanale . . . . | 165,000 | |
| Grond,geboue . | 77,000 | £603,000. |

Verder is beraam dat 15,000 morg, behalwe die grond wat reeds deur die boere uit die rivier besproei word, deur die voorgestelde dam van water

1. U.G. 19/1914, 12.

voorsien sal kan word. Waterbelasting sal nie meer as £2 per besproeibare morg per jaar hoef te wees nie, daar sodanige belasting rente, onderhoud en aflossing sal dek.

Die gebied wat uiteindelik bewerk sal word, was op daardie tyd (1914) van min waarde en in besit van 'n paar persone. Baie van die eienaars het reeds toegestem om die helfte van die 15,000 besproeibare morg asook weiveld aan die Regering teen £2 per morg te verkoop. Hierdie grond sal dan na voltooiing van die skema teen ongeveer £30 per morg verkoop word en sodoende sal die hoofkoste aansienlik verminder kan word. Indien die regering 7,000 morg akkerbougrond en 35,000 morg weiveld teen £2 per morg aankoop, kom dit op £84,000 te staan. Hierdie grond kan dan soos volg verkoop word:[1]

| | | |
|---|---|---|
| 7,000 morg teen £30 per morg . . . . | £210,000 | [2] |
| 35,000 morg teen £2 per morg . . . | 70,000 | £280,000 |
| Minus grond gekoop en onkoste daaraan verbonde...... | | 90,000 |
| | | 190,000 |

Op hierdie manier word die hoofkoste van die skema dan na £413,000 verminder, maar daarby sal dan £37,000 gevoeg moet word as synde opgeloopte rente gedurende die werksaamhede wat die netto hoofkoste volgens die beraming dan op £450,000 te staan sou bring. Op hierdie bedrag sal 'n waterbelasting van slegs £1-10/- in plaas van £2 gehef kan word, omdat dit sal beteken dat al word £4,500 per jaar aan onderhoud bestee, daar nog

1. U.G. 19/1914, 10
2. Daar is veronderstel dat indien die skema eers voltooi is, die grondpryse geweldig sou styg en dat die grond wat teen £2 per morg aangekoop is, onverbeterd teen £30 van die hand gesit sou kan word.

'n netto inkomste van £25,500 sal wees en dit sal heeltemal voldoende vir rente en aflossing wees.[1]

Ook hierdie beraming van die koste toon dat die Departement van Besproeiing die hele skema sou beheer; anders kon die beraamde wins op die grondverkope nie teen die hoofkoste in rekening gebring gewees het nie. Ons het reeds aangetoon dat in 1916 daar 'n herorganisasie teweeggebring is en dat die nedersetting weggeneem is van die Departement van Besproeiing en onder beheer van die Departement van Lande geplaas is, en hierdeur is die bogenoemde moontlike netto inkomste om die hoofkoste te verlaag, verbeur, en sou daar maar weer na 'n waterbelasting van £2 per morg teruggekeer moes word. Ook is reeds daarop gewys dat deur die langdurige vertraging van werksaamhede en die invloed van die oorlog op pryse die koste aan die werke geweldig gestyg het. Dit is dan ook te betwyfel of die Parlement die skema sou goedgekeur het indien die oorspronklike beraming al die moeilikhede kon voorsien en daar aangetoon kon word dat die skema uiteindelik twee keer soveel sou kos.

(b). <u>Werklike Koste.</u>

Hier volg nou die werklike bedrae aangegaan ten opsigte van die hoofwerke, grondaankope uitgesonderd.[2]

---

1. U.G. 19/1914, 13
2. U.G. 39/1927, 328.

Toewysing van totale uitgawe tot 31 Maart 1927.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hoofwerke: | Dam en uitloop . . | £338,733 | |
| | Oorloop . . . . . . . | 113,517 | |
| | Toegang, weg, ens. | 48,552 | |
| | Hydro-kragstasie | 3,163 | |
| | Grond vir werke | 103,787 | |
| | Geboue . . . . . . . | 61,767 | £669,519 |
| Kanale . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . | | | 657,401 |
| Diverse: | Voorlopige- en regskoste . . . . . | 14,683 | |
| | Diverse . . . . . . | 355 | |
| | Opmeting: algemeen | 7,982 | |
| | verdeling | 1,892 | |
| | Nedersetting, grond-aankope . . . . . . | 154,968 | 219,959 |
| | | | 1,546,879 |
| Min uitstaande laste, onbetaalde arbeid . . . . . . . . . . . . . . . . | | | 747 |
| | | | 1,546,132 |

Krediete

| | | |
|---|---|---|
| Werke: | | |
| Uitrusting voor kapitalisasie | 40,079 | |
| Diverse konstruksieinkomste | 33,085 | |
| Voorraad oorgebring op standaard voorraad & uitrusting | 6,903 | |
| Oorgedra na Dept. v. Onderwys | 11,500 | |
| | 91,567 | |
| Nedersetting: | | |
| verkoop van grond . . . . . . . . | 4,500 | |
| Oorgedra na Dept. v. Lande . . | 150,468 | 246,535 |
| | | 1,299,597 |
| Plus opgeloopte rente, (ongeveer) | | 345,656 |
| Totale netto uitgawe aan hoofwerke | | 1,645,253 |

Uit hierdie opsomming van uitgawes blyk duidelik dat indien die opgeloopte rente nie ingereken word nie, die uitgawe op 'n ietsie meer as dubbel die oorspronklike beraming te staan gekom het, en dat die uiteindelike bedrag £1,645,253 in plaas van £450,000 beloop het, dit wil se byna byna vierkeer die beraamde koste. Die werklike uitgawe vereis dus 'n waterbelasting nie van £1-10/ per morg om die koste te dek nie, maar 'n belasting van ongeveer £6 per morg wat as baie hoog gereken kan word.

Dit word dus meteens duidelik dat die skema finansieel noodwendig 'n mislukking is, omdat dit inhou dat groot bedrae deur die Regering afgeskryf moes word. Die Posisie word egter nog interessanter indien ons die heffing van die waterbelasting en die invordering van die heffing nagaan.

Kragtens artikel 8 van die Hartebeestpoortwet van 1914 het die Goewerneur-Generaal 31 Desember 1925 as die datum van die voltooiing van die skema vasgestel.[1] Kragtens artikel 9 van die Wet het een helfte van die volle tarief[2] betaalbaar geword, op die streek in die goewermentskennisgewing van 1927 omskryf. Op 28 September 1927 het die minister van besproeiing egter besluit dat geen tarief vir die jaar 1927 gehef sal word nie aangesien die streek na die Besproeiingskommissie verwys is.[3] Op aanbeveling van hierdie kommissie het die Minister in Junie 1928 die heffing van 'n belasting van £1 per besproeibare morg per jaar goedgekeur vir die jaar wat op 30 April 1929 eindig. Hierdie heffing sou in Augustus 1928 betaalbaar wees, maar later is hierdie datum na September 1929 verskuif. Die inkomste op die heffing is op £13,980 bereken, maar op 31 Maart 1930 was slegs £6,806 ingevorder en was £7,174 dus nog uitstaande. Hierna is geen heffing gedoen nie omdat die Besproeiingskommissie in Maart 1930 die Minister meegedeel het dat hy van mening is dat in verband met die vasstelling en insameling van die waterbelasting, geen stappe gedoen moet word nie alvorens

---

1. Goewermentskennisgewing Nr.975, gedateer 9 Junie '25
2. Wet Nr.32 van 1914 het die volle en maksimum tarief vir hierdie skema op £2 per morg per jaar vasgestel
3. Verslag van die Ouditeur-en Kontroleur-Generaal,1926 27, 328 (hierna sal na hierdie verslae verwys word as Ouditeursverslag).

regulasies vir die verpligte dip van vee in die Hartebeestpoortgebied van krag gemaak is.[1] Die eerste heffing wat daarna ingestel is, was vir die jaar 1932-33 en dit is op slegs 12/6 per morg per jaar vasgestel. Hierna is weer 'n aantal jare verligting verleen, en eers sedert 1936 is daar gereeld belastings gehef alhoewel nie teen dieselfde jaarlikse skaal nie. Dat die invorderings na na wense geskied het nie, is baie duidelik. In 1937 was daar byvoorbeeld nog £4,433 van die 1928-29 heffing en £5,490 van die 1932-33 heffing uitstaande.

Die volgende tabel toon die waterbelasting wat in die verskillende jare gehef is en die verwagte inkomste daar uit. Ongelukkig kon afskrywings ten opsigte van agterstalliges nie ingewin word nie.[2]

| Belastingjaar | Heffing per morg | Beraamde inkomste |
|---|---|---|
| 1928-29 | 20/- | £13,980 |
| 32-33 | 12/6 | 9,798 |
| 36-37 | 5/- | 3,778 |
| 37-38 | 7/6 | 5,581 |
| 38-39 | 8/4 | 6,130 |
| 39-40 | 10/- | 7,431 |
| 40-41 | " | 7,361 |
| 41-42 | " | 7,453 |
| 42-43 | " | 7,461 |
| 43-44 | " | 7,178 |
| 44-45 | 12/6 | 9,018 |
| 45-46 | 15/- | 10,499 |
| 46-47 | 15/- | 10,392 |
| 47-48 | 17/6 | 12,235 |
| 48-49 | 20/- | 14,414 |
| 49-50 | " | 14,447 |
| 50-51 | " | 21,685 vir 18 maande |
| | | £167,743 |

Gedurende dieselfde tyd was die uitgawe:

1. Dit is 'n eienaardige voorwaarde waarop die Kommissie sy aanbeveling grond, maar die bevoegdheid van di Minister om verligting op besproeiingsgebiede te verleen, is nie op die Hartebeestpoortskema van toepassing gemaak nie, en om die nedersetters tegemoet te kom, is daar van hierdie bepaling gebruik gemaak.
2. Gegewens van die Departement van Besproeiing.

| | | |
|---|---|---|
| Onderhoud en administrasie | £288,225 | |
| Verbeterings . . . . . . | 30,330 | £318,555 |

Indien ons in gedagte hou dat van die eerste heffing 'n aansienlike bedrag nooit gein is nie, beteken dit dat die skema uit die waterbelasting slegs plus-minus vyftig persent van die lopende uitgawes kon dek en dus kon geen rente of aflossing gedek word nie. Dit kom dus daarop neer dat die kapitaal wat in die dam en kanale belê is, 'n verlies vir die Departement van Besproeiing beteken en dat boonop nog jaarliks 'n aansienlike bedrag bygedra moet word om die lopende uitgawe te dek. Hierdie tekorte op die jaarlikse uitgawe het vanaf 1926 op 'n jaarlikse gemiddelde van £6,313 te staan gekom.

Uit 'n suiwer geldelike oogpunt benader, moet ons dus aflei dat die berekening ten opsigte van die hoofwerke glad te kort geskied het in vergelyking met die werklike koste en omdat in die beraming daarvoor geen voorsiening gemaak is nie, die departement van Besproeiing nie net 'n aansienlike bedrag moes afskryf nie, maar ook jaarliks 'n aansienlike deel tot die onderhoudskoste moes bydra.

2. Die Departement van Lande.

(a) Beraamde Koste.

Net soos in die geval van die Departement van Besproeiing sal ons hier ook eers die beraamde koste weer stel en daarna die werklike koste wat aangegaan is en dan vasstel wat die uiteindelike resultaat is. Daar is reeds daarop gewys dat in 1914

gehoop is om op die aankoop en verkoop van grond vir nedersettingsdoeleindes 'n wins van ongeveer £190,000 te maak[1)] deur 7,000 morg aan te koop teen £20,000 en te verkoop teen £210,000. Toe die grond uiteindelik aangekoop is, moes heelwat meer per morg betaal word as wat oorspronklik bereken is. Ook was dit aanvanklik nie die plan om die hoewes vir die nedersetters voor te berei nie en het die ontwikkelingskoste baie meer as die £6,000 beloop waarvan in die berekening vroeër melding gemaak is. Nieteenstaande die veranderde beleid ten opsigte van die voorbereiding van die hoewes was die bedoeling tog dat die nedersetters vir hierdie dienste moes betaal, en dit is dan ook alles ingesluit by die koopprys wat vir die nedersetters vasgestel is. Die gedagte was dus dat die nedersetting in geen opsig vir die belastingbetaler 'n las moes wees nie en dat die nedersetters nie van gunste en gawes moes leef nie en moontlik afhanklik van die betrokke Departement sal wees en bly. Die gedagte was gesond, maar hier sal vasgestel moet word of alles volgens plan verloop het.

(b). Werklike Koste.

Daar is oorspronklik beplan dat 15,000 morg besproeibare morg die maksimum is wat deur die skema gedek sal word. Die Regering het self grond in die gebied besit, maar 'n baie groot stuk sou nog aangekoop moes word om die 15,000 morg te bereik, en in die leningsbegroting is voorsiening vir £120,000 gemaak

1. Sien uiteensetting op bl.33.

vir die aankoop daarvan, Hierdie bedrag wat slegs 'n jaar na die oorspronklike beraming gestem is, is dus reeds ongeveer £50,000 meer as die beraamde koste.

Die grond wat aangekoop is, kan in hoofsaak in twee groepe verdeel word, naamlik naturellegrond aan die linkeroewer van die rivier, wat vir ander grond geruil sal word. Volgens die Hartebeestpoortwet moet hulle 10 persent meer grond kry en dit is net ten weste van die oorspronklike besittings vir hulle aangekoop sodat hulle nader aan Hermansburg-sendingstasie kon wees waarmee hulle baie nou verbonde was. Die oppervlakte wat van die Naturelle vir die nedersetting verkry is, het bestaan uit:

| | | |
|---|---|---|
| Loeperfontein Nr.119 ..... | 2,869 | morg |
| Wolwekraal Nr.512 ....... | 2,122 | " |
| Wolwekraal Nr.2 .......... | 1,775 | " |
| Karreepoort Nr.623 ....... | 2,891 | " |
| Geluk Nr.365 ............. | 1,280 | " |
| Karreepoort .............. | 3,351 | " |
| Kafferskraal Nr.597 ...... | 396 | " |
| | 14,684 | morg. |

Die eerste vyf gedeeltes is van die Naturelle-opperhoof, Johannes Mamogale, gekoop en die laaste twee van Darius Mogale. Aangesien die Naturelle 10 persent meer grond moes kry is vir huule gedurende 1914-1918 16,152 morg aangekoop.

Behalwe die grond wat van die Naturelle geruil is, is nog 'n verdere 23,137 morg aan die regteroewer van die rivier van blankes aangekoop. Die totale area wat tot 1923 vir die nedersetting aangekoop is, het 39,290 morg beslaan en die aankoopprys daarvan was £104,000, dit wil se ongeveer £2-13/- per morg. Van die Departement van Besproeiing is 16,153 morg oorgeneem maar geen koopsom is aangedui nie. Van die tota-

le area is egter weer 14,700 morg aan die Departement van Arbeid in 1924 afgestaan, sodat die Departement van Lande oor ongeveer 25,000 morg beheer gehad het.[1)]

Op 31 Maart 1929 was die posisie soos volg: Op die proefnedersetting op Mamagalieskraal was die uitgawe vir grond, ontwikkeling, ens. £261,543 . Die besittings is egter beraam op £67,018 sodat daar 'n batige saldo van ongeveer £5,476 was. Salarissie en toelaes van beamptes ten bedrae van £22,436 is egter nie by die £261,542 ingesluit nie en sodoende is die werklike stand van sake dus eintlik soos volg:[2)]

| | |
|---|---|
| Salarissè en toelae . . . . . . . . . . . . | £22,436 |
| Plus Algemene onderhoudskoste van werke | 7,005 |
| | 29,441 |
| Min die batige saldo hierbo . . . . . . . . | 5,476 |
| Netto tekort | £23,965 |

Die stand van sake soos in die daaropvolgende jare ontwikkel, word in die volgende tabel aangetoon wat saamgestel is uit die jaarverslae van die Departement van Lande vir die verskillende jare. Die gegewens vir 1930 en 1931 is nie beskikbaar nie, en die eerste som van £40,143 salarisse sluit die bedrag wat tot op 31 Maart 1929 uitbetaal is, naamlik £22,436, in Die bedrae teenoor elke jaar is die som van al die vorige jare en nie die som by daardie bepaalde jaar betrokke nie. Die bedrag van £90,428 teenoor 1947 is die totaal wat aan salarisse uitbetaal is vanaf die begin van die nedersettingsbedrywighede.

---

1. Ouditeursverslag - 1926-27, 312.
2. Idem.

Uitgawes en verliese:

| Jaar | Salarisse | Voorskotte | Herwaarderings | Afskrywings | Kwytskeldings 1) |
|---|---|---|---|---|---|
| | £ | £ | £ | £ | £ |
| 1930 | ? | - | 64,972 | - | - |
| 1931 | ? | - | ? | - | - |
| 1932 | 40,143 | 629 | ? | - | - |
| 1933 | 45,107 | 629 | ? | - | - |
| 1934 | 49,309 | 629 | ? | - | - |
| 1935 | 52,937 | 1,127 | 149,305 | 4,231 | - |
| 1936 | 56,368 | 1,175 | 212,031 | 4,231 | 25,710 |
| 1937 | 59,412 | 1,592 | 241,751 | 4,469 | 25,710 |
| 1938 | 62,771 | 1,819 | 249,854 | 4,816 | 25,710 |
| 1939 | 65,452 | 1,976 | 253,551 | 4,952 | geen ver- |
| 1940 | 68,952 | 2,093 | 256,156 | 5,119 | dere |
| 1941 | 72,534 | 2,093 | 257,244 | blyk- | kwytskel- |
| 1942 | 76,464 | blyk- | 257,244 | baar | dings nie |
| 1943 | 79,997 | baar | 257,244 | geen | |
| 1944 | 82,943 | geen | 257,244 | afskry | |
| 1945 | 85,989 | ver- | 257,244 | wings | |
| 1946 | 88,160 | liese | 257,244 | meer | |
| 1947 | 90,428 | meer. | 258,011 | | |

Soos uit bestaande gegewens blyk, betaal die Departement van Lande jaarliks tussen £3,000 en £4,000 aan salarisse, terwyl die dienste wat deur die amptenare gelewer word, die nedersetters ten goede kom, Hierdie dienste sluit onder andere in die periodieke besoek aan die nedersetters deur inspekteurs wat die stand van die boerdery nagaan, 'n rapport daaroor opstel en die nedersetter met raad bedien oor wat op die hoewe gedoen behoort te word en wat noodsaaklik is, dit wil sê die gesonde boerderypraktyk w rd aan hom verduidelik en aanbeveel. Volgens die voorwaardes waaronder die grond aan die nedersetter toegeken en gehou word, is hulle verplig om die opdragte van die inspekteurs uit te voer, maar dit gebeur dikwels dat daar nie uitvoering aan die opdragte gegee word nie en doen die Departement ook geen stappe om dwang uit te oefen nie. Klagtes van die kant van die inspekteurs

1. Gegewens van die Besproeiingskantoor, Hartebeestpoort.

kom veral by herhaling voor ten opsigte van versuim om skadelike onkruid uit te roei, die instandhouding van verbeterings en die toepassing van 'n gesonde wisselboustelsel. Die nalatigheid van die nedersetters blyk gewoonlik eers met die volgende besoek van die inspekteur en dan is daar moontlik reeds baie skade berokken, omdat die besoeke weens die tekort aan personeel nie te dikwels geskied nie. Tog word gepoog om minstens een maal per jaar elke nedersetter te besoek. In die periode tussen die een besoek en die volgende kan daar dus baie min beheer oor die doen en late van die nedersetter uitgeoefen word, en so kan die vrugbaarheid van die grond, om maar 'n voorbeeld te noem, baie nadelig beïnvloed word.

Die salarisse is dus 'n verlies vir die Departement in soverre die dienste van die amptenare in die eerste instansie op die nedersetters ingestel is, en die jaarlikse uitbetalings moet dus as 'n verlies beskou word in soverre daar in die oorspronklike beraming geen voorsiening daarvoor gemaak is nie. Toe die nedersetting begin is, het die dienste egter geblyk noodsaaklik te wees, omdat so baie van die nedersetters nie vertroud was met die boerdery nie en sonder hulp en voorligting baie moeilik 'n sukses sou kon maak. Om van die nedersetters vergoeding vir die dienste wat gelewer is, te eis, sou aan die anderkant moontlik nadelige gevolge gehad het, omdat die nedersetters die amptenare as onwelkome besoekers kon gaan bestempel het en in plaas van saam te werk, die verhouding tussen nedersetter en Departement verder vertroebel het.

Die verlies ten opsigte van voorskotte bedra nie veel nie en het gewoonlik ontstaan wanneer die huurders die hoewe verlaat en nie in staat is om hul verpligtinge na te kom nie, en ook wanneer vee gevrek en die Departement deel van die voorskot afgeskryf het.

Volgens die Nedersettingswetvan 1925 en ook van 1934 is die Minister by magte om op aanbeveling van van die Sentrale Landraad die oorspronklike koopprys van die hoewe te verlaag met 'n som soos deur die Landraad aanbeveel. 'n Nedersetter kan aansoek om sodanige herwaardering doen indien die waarde van die grond volgens sy oordeel te hoog vasgestel is of dit verswak het deur oorsake buite sy beheer. Die verliese wat die Departement deur herwaarderinge gely het, beloop 'n aansienlike bedrag, en die grootste gedeelte van die som is vir herwaarderings vanaf 1930 tot 1936, hoofsaaklik dus in die depressiejare en die tyd toe die prys van landbouprodukte 'n laagtepunt bereik het. Die nedersetters het dus op grond van die verhouding inopbrengs en die koopsom 'n taamlike saak gehad om die koopprys verminder te kry, veral omstreeks 1930 toe die dam baie min water vir besproeiingsdoeleindes gehad het.

Daar is ongelukkig nie besonderhede wat die afskrywings verduidelik nie, maar ons kan aanneem dat dit in verband gebring moet word met die waardevermindering van voorrade in die departementele dèpôt op Brits, en moontlik ook verliese wat in die verband voorgekom het.

Die kwytskeldings begin met 'n aansienlike som

en moet ook aan die depressie en die droogte rondom die dertiger jare toegeskryf word toe die nedersetters nie hul verpligtinge kon nakom nie.

Die gegewens vervat in die tabel op bladsy 42 verteenwoordig egter nie al die verliese wat die Departement moes dra of die verligting wat aan nedersetters toegestaan is nie. Verligting is byvoorbeeld toegestaan wanneer agterstallige gelde by die koopsom gekapitaliseer is. Dit beteken dus slegs tydelike verligting vir die nedersetter en nie 'n verlies vir die Departement nie. Die verlaging van die rentevoet in 1935[1] van 4½ persent na 3½ persent per jaar, het moontlik vir die Departement 'n verlies meegebring, tensy die vermindering moontlik was omdat die lenings ten opsigte van die nedersetting aangegaan op daardie datum reeds herfloteer was en die verlaging van die rentevoet sodoende dus moontlik gemaak het.

Die verliese en afskrywings soos in die tabel aangetoon, kom in 1947 reeds op £381,361 te staan en ons moet hieruit aflei dat ook die Departement van Lande finansieel verliese op die skema gely het, maar glad nie naastenby soveel as die Departement van Besproeiing nie. Die verliese op die nedersetting het verder veral voortgevloei uit die verandering van beleid. Aanvanklik is gereken dat die nedersetters die werklike prys van die grond as

---

1. Nedersettingswet Nr.47 van 1935.

koopprys moet betaal en dat hulle dan verder sonder voorligting of hulp van die Departement sal kan klaarkom. Aanvanklik sou daar ook geen beswaar teen hierdie beleid ingebring gewees het nie, maar die tyd het geleer dat omstandighede deurslaggewend kan wees. Hierby moet ons nog voeg dat hierdie nedersetting die eerste digters nedersetting in die Unie was en dus as 'n proefneming beskou moet word en as sodanig geoordeel, het die Departement van Lande finansieel nie swak daarvan afgekom nie.

3. <u>Nedersetting</u>.

Die voorgaande uiteensetting van die geldelike verliese van die Departement van Lande moet egter nie gesien word as bewys dat die nedersetting 'n mislukking is nie. Die verliese daar aangedui, is meer 'n bewys dat die skema moeilikhede opgelewer het wat nie voorsien is nie en indien die aanpassings nie gedoen is nie, kon die gevolge vir die sukses van die nedersetting inderdaad rampspoedig gewees het. Die groot doel van die skema was immers om die armes weer op die been te bring, en indien daarin geslaag is, moet die nedersetting, die geldelike verliese ten spyt, as 'n sukses beskou word. Ten einde vas te stel of die nedersetters hulle by die omstandighede aangepas en van die boerdery 'n sukses gemaak het, en indien nie, watter oorsake ten grondslag van die mislukkings lê, bespreek ons hier enkele steekproewe wat as verteenwoordigend beskou kan word omdat die algemene patroon op die nedersetting dieselfde is.

(a): Voorwaardes van Toekenning.

In November 1924 is in die Staatskoerant aangekondig dat ooreenkomstig artikel 1 van die Kroongrondnedersettingswette soos gewysig, proefhuurders goedgekeur sal word wanneer hoewes beskikbaar is vir die volgende gedeeltes onder die Hartebeestpoortdam, naamlik:

| | |
|---|---|
| Krokodilpoort | Mamagalieskraal |
| Krokodilkraal | Kleinfontein |
| Blaauwbank | Karreepoort |
| Turffontein | Kafferskraal |
| Wolwekraal | Losperfontein |
| Geluk | Kameeldrift |
| Klipkop. | |

Hierdie kennisgewing bevat ook die voorwaardes waarop hoewes toegeken sal word. Die vernaamste waarvan is:

(i). Die persoon moet nie jonger as 20 wees nie en nie grond besit waaruit hy 'n inkomste kan maak nie. Daarby moet hy liggaamlik geskik wees en van goeie gedrag. Voorkeur sou aan getroude persone gegee word.

(ii). Die toekenning geskied op 'n tydelike basis van twaalf maande wat na goeddunke na 24 maande verleng kan word.

(iii). Na twaalf maande kan aanbeveel word dat die proefhuurder in aanmerking geneem word vir toekenning van 'n hoewe indien hy bevredigend gevorder het.

(iv) Indien 'n hoewe toegeken word, moet die huurder self die hoewe bewoon en mag alleen sy vrou en onmondige kinders saambring.

(v). Na goeddunke kan die Minister onderhoudstoelae aan proefhuurders betaal.

Hierdie voorwaardes dui daarop dat die Departement in die eerste instansie alleen persone wou plaas wat, geoordeel na hul algemene toestand en karakter, die moontlikheid besit om van die boerdery 'n sukses te maak. Die onderhoudstoelae is verder 'n duidelike bewys dat die nedersetters baie behoeftig was en daarby was hul sonder kapitaal soos duidelik uit die verskeidenheid artikels blyk wat hul op voorskot geneem het. Die proefhuurder is ook voorsien van die nodige boerderybenodigdhede soos deur die Kommissie van Beheer aanbeveel. Dit is alles op voorskot gegee en bly die eiendom van die Departement tot tyd en wyl dit ten volle betaal is. So behoeftig was baie dat dit in sommige gevalle selfs nodig was om die saad aan hul te voorsien. Die oeste word in die naam van die Departement van die hand gesit en van die opbrengs neem die regering 40 persent wat dan van die skuld afgetrek word.

'n Ander aanduiding van die groot armoede van sommige vandie persone wat as proefhuurders aangeneem is, is die feit dat hulle nie hul eie reiskaartjies kon betaal nie en dat dit ook deur die Departement betaal moes word. Van die stasie op die nedersetting is hulle gewoonlik met 'n trollie van die Departement, deur muile getrek, na hul hoewes geneem.

Die huislike toestande was soms ook nie na wense nie en in Februarie 1927 is 'n departementele om-

sendbrief uitgestuur waarin gemeld word dat sommige huise met weeluise besmet is en dat die okkupeerders van sodanige huise die katels met swael en kookwater moes ontsmet.

Sodra die huurder uitpasseer word, word aan hom 'n voorskot toegestaan waarteen hy dan benodigdhede na goeddunke by die voorraadkamers van die Departement kan aankoop. Aan die begin was die maksimum wat as voorskot toegestaan is £100 maar later is die bedrag na £150 verhoog. Om aan te dui hoe min die mense in werklikheid besit het, volg hier 'n lys van die aankope van een so 'n huurder. Dit sluit behalwe osse en 'n ploeg so 'n klein artikeltjie soos sekels ook in:

| | |
|---|---|
| Sweep | Sweepstok |
| Jukke | Enkelvoorploeg |
| Kettings | Kruiwa |
| Rieme | Waterkrane |
| Stroppe | Harke |
| Skeie | Kultiveerder |
| Eg | Grawe |
| Pik | Hooivurke |
| Osse | Koeie |

Ten spyte van die maklike terme van afbetaling, was die oeste so swak, hoofsaaklik as gevolg van die onbedrewenheid van die nedersetters, maar andersyds ook as gevolg van hael, te veel reën en koue, dat baie nedersetters telkens vergun moes word om afbetalings later te doen. Wanneer 'n huurder die opsie om te koop uitoefen en sekere bedrae van die voorskot nog uitstaande is, is hy tegemoetgekom deur hierdie bedrae by die koopprys van die hoewe te voeg. Soos reeds aangedui, is die rentevoet op uitstaande bedrae in 1935 verlaag van 4½ persent na 3½ persent

ten einde die nedersetters tegemoet te kom in die moeilike tyd wat voortgevloei het uit die droogte en depressie. Ook is in dieselfde jaar die rente afgeskryf wat gedurende die jare 1931-1934 nie betaal is nie.[1)]

Die meeste skuld vir die stadige vordering van sommige nedersetters moet by laasgenoemde self geleë wees, maar die Departement is egter ook nie heeltemal vry te spreek van vertragings nie soos blyk uit die volgende: Een bepaalde nedersetter het byvoorbeeld op 25 November 1939 aansoek om 'n voorskot van £25 gedoen en dit is wel aan hom toegestaan maar eers op die 16de Julie 1940, dit wil sê ruim ag maande daarna. 'n Ander nedersetter het weer aansoek om die gebruik van 'n ander sluis gedoen omdat die huidige voervoor een myl lank is en 'n derde van die water wegsyfer en laeraf versuipagtigheid in sy grond veroorsaak. 'n Mens sou verwag dat dit 'n saak is wat ernstige en spoedige optrede vereis omdat die vrugbaarheid van die grond in 'n ernstige mate onder die toestand ly. Omdat die Kontroleur van Lande nie seggenskap oor besproeiingsake het nie, het hy die aansoek op 2 Oktober 1942 na die ingenieur van die Besproeiingsdepartement deurgestuur. Die eerste wat die aansoeker weer daarvan verneem het, was op 2 Maart 1944 toe aan hom meegedeel is dat 'n ander sluis vir hom ingesit sal word. Vandat die aansoek gedoen is, het toe reeds sewentien maan-

---

1. Omsendbrief 16/11/1935.

de verloop. Dat sodanige vertragings baie lastig kan wees, is te meer vanselfsprekend indien in gedagte gehou word dat die persone, wanneer hulle aansoek doen, nie rekening hou met die moontlikheid van vertragings nie en boonop die aansoek deurstuur wanneer hul reken dat dit werklik noodsaaklik is en spoedige aandag vereis.

(b). Die Sukses van die Nedersetting.

Uit wat tot dusver gesê is, het dit duidelik geblyk dat die nedersetters baie arm was toe hulle op die nedersetting gekom het en dat hulle inderdaad 'n karige begin gemaak het, en die beste manier om die algemene sukses van die nedersetters na te gaan, is moontlik die tempo waarteen hulle hul kroongrondbriewe gekry het. Hierdie kroongrondbriewe kom ooreen met 'n kaart-en-transport en word aan die huurder toegeken wanneer hy die koopprys van die hoewe asook die rente en alle verpligtinge teenoor die Departement ten volle vereffen het. Daar is egter 'n servituut op die hoewes naamlik dat alhoewel die grond aan die gewese huurder behoort, hy nie die reg het om dit te verkoop sonder die toestemming van die Departement van Lande nie. Dit is veral opgelê ten einde die doelstelling van die nedersetting te sterk naamlik deur die nedersetters op die grond te hou. Dit het veral 'n heilsame invloed gedurende die oorlogsjare en daarna gehad toe, met die styging in grondpryse, die nedersetters maar te geneig was om die grond van die hand te sit. Indien 'n nedersetter sy grond van die hand sit, is dit op sigself

nie iets besonders nie, maar die gevaar bestaan dat sodanige persone gou weer uit die geld kan raak en andermaal 'n las vir die gemeenskap en die staat word.

Uit die uiteensetting van die verkryging van kroongrondbriewe op die meegaande tabel[1] wil dit voorkom asof die styging in die prys van landbouprodukte gedurende en na die oorlog baie gehelp het om die nedersetters op die been te bring en dat hul ook inderdaad goeie gebruik daarvan gemaak het. Teen die einde van 1949 het nie minder nie as 320 huurders kroongrondbriewe verkry en dit is ongeveer 65 persent vandie wat toe reeds tien jaar die opsie om te koop uitgeoefen het en dus daarop geregtig was. As ons verder in aanmerking neem dat die gemiddelde koopprys per hoewe op £1,200 te staan gekom het en dat vanaf 1929 tot omstreeks 1933 die nedersetters in hierdie gebied 'n baie moeilike tyd deurgemaak het as gevolg van droogte en die depressie, dan kan mens nie anders nie as om tot die slotsom te kom dat die nedersetting wel 'n sukses is.. Die verkryging van kroongrondbriewe is 'n duidelike bewys dat die Departement daarin geslaag het om baie van die armes wat hulle daar gevestig het, weer op die been te bring. Daarby het die Departement van die eens beboste wêreld agter die Magaliesberge 'n pragtige akkerboustreek gemaak, met 'n vooruitstrewende gemeenskap en op die oomblik een van die digbevolkte distrikte in die Unie.

---

1. Verkry van die Departement van Lande, Brits.

Die toename in die aantal blankes in die gebied gee ook reeds 'n goeie aanduiding vandie verandering wat ingetree het met die totstandkoming van die nedersetting. Binne tien jaar het die permanente bevolking met byna 11,000 vermeerder, dit wil sê ongeveer 1,000 per jaar, wat as 'n groot toevloei bestempel kan word.

| Jaar | Aantal blankes [1] |
|---|---|
| 1921 | 2,032 |
| 1931 | 13,004 |
| 1936 | 11,384 |
| 1941 | 11,111 |
| 1946 | 13,185 |
| 1951 | 13,379 |

Dit is ook duidelik dat binne die eerste tien jaar die distrik omtrent sy versadigingspunt bereik het.en dat selfs na die oorlog die styging bo die getalle van 1931 baie min was. Hierdie verskynsel toon 'n sterk teenstelling met die ander dorpe en stede in die Unie wat 'n groot toename in hul getalle gedurende en veral na die oorlog ondervind het.

Dat die koopkrag van die gemeenskap baie groot is, word duidelik uit die volgende syfers waarin die aantal boere asook ander beroepsgroepe aangegee word ten opsigte van bepaalde inkomste:

Inkomstegroepe in dorp en distrik [2]

| Inkomste £ | Aantal boere | Ander beroepe |
|---|---|---|
| 0-49 | 2 | 47 |
| 50-99 | 9 | 318 |
| 100-149 | 62 | 178 |
| 150-199 | 65 | 147 |
| 200-249 | 109 | 109 |

1. Sensusverslae.
2. Rekords in Magistraatskantoor, Brits.

| Inkomste £ | Aantal Boere | Ander Beroepe |
|---|---|---|
| 250-299 | 60 | 140 |
| 300-349 | 175 | 171 |
| 350-399 | 71 | 122 |
| 400-499 | 182 | 131 |
| 500-599 | 187 | 146 |
| 600-799 | 262 | 164 |
| 800-999 | 227 | 81 |
| 1,000-1,499 | 312 | 51 |
| 1,500-1,999 | 133 | 6 |
| 2,000-2,499 | 72 | 5 |
| 2,500-2,999 | 33 | 12 |
| 3,000-3,999 | 37 | 6 |
| 4,000-4,999 | 8 | 3 |
| 5,000 en maar | 10 | 1 |

Wat dadelik opval uit die gegewens is dat die ander groepe in die laer inkomstegroep heeltemal oorheersend is terwyl die boere weer die hoër inkomstegroepe oorheers en ook in die groepe tussen £400 en £1,000. Die enigste gevolgtrekking waartoe geraak kan word, is dat die boeregemeenskap in in die distrik Brits, wat hoofsaaklik akkerbougebied is, heeltemal welvarend is.

Dat die bedrywighede hoofsaaklik op die landbouhoewes gekonsentreer is, word gou duidelik indien ons in teenstelling met die vinnige toename in die totale bevolking, die toename in die bevolking van die dorpie Brits nagaan. In 1924 is aan die gemeenskap 'n gesondheidskomitee toegeken en in1928 'n dorpsraad en nie voor 1944 nie 'n minisipaliteit. Nieteenstaande die klein aantal inwoners het die dorpie reeds in 1935 'n waterskema voltooi en in 1938 is dit van lig enkrag voorsien toe die kraglyn vanaf Pretoria tot by Brits voltooi is.

Die toename in bevolking is as volg:

| Jaar | Blanke bevolking | Totaal (aale groepe) 1) |
|---|---|---|
| 1926 | 252 | 252 |
| 1936 | 917 | 1,664 |
| 1946 | 2,114 | 3,550 |
| 1951 | 2,856 | 6,080 |

Die vooruitgang vandie dorpie word beter weerspieel in die verbeterings wat in die dorpie aangebring is. Selfs gedurende die oorlog was die waardevermeerdering van die verbeterings aansienlik en na afloop van die oorlog het dit nog meer gestyg:

| Jaar | Belasbare Verbeterings. 2) £ |
|---|---|
| 1935 | 85,448 |
| 1939 | 105,021 |
| 1943 | 243,565 |
| 1946 | 305,965 |
| 1948 | 512,480 |
| 1950 | 897,692 |

Om aan te toon hoe afhanklik die boeregemeenskap van die dorp veral vir hulle vleis is, is die hoeveelheid vee wat in die munisipale slagpale geslag is, ook insiggewend:

| Jaar | Beeste | Skape | Kalwers | Varke | Totaal 3) |
|---|---|---|---|---|---|
| 1944 | 1,442 | 8,717 | 27 | 334 | 10,520 |
| 1946 | 2,732 | 8,190 | 20 | 560 | 11,507 |
| 1948 | 3,440 | 9,579 | 55 | 581 | 13,655 |
| 1950 | 4,912 | 10,994 | 87 | 693 | 16,686 |

Die aantal motorvoertuie in die dorp en distrik het vir die verskillende jare op die volgende te staan gekom:

1. Minisipale rekords,Brits.
2. Idem
3. Idem

| Jaar | Aantal motorvoertuie 1) |
|---|---|
| 1937 | 1,000 |
| 1940 | 1,418 |
| 1944 | 2,043 |
| 1948 | 3,658 |
| 1951 | 4,611 |

Ten opsigte van die blankes alleen beteken dit een motorvoertuig vir plus minus elke drie persone.

Uit die volgende blyk ook die groot sametrekking van ekonomiese aktiwiteite in die dorpie. In 1950 was daar byvoorbeeld nieminder nie as: 2)

22 Garages
20 kafee's en restaurants
20 varsproduktehandelaars
55 algemene handelaars en kruideniers
3 banke met 'n totale personeel van 47

Om 'n idee te kry van hoe druk dit soms kan toegaan, moet 'n mens dit self sien. Met agterskotdae, wanneer die boere die 25 persent van die waardasie van hul tabak wat deur die koöperasie agterweë gehou word plus enige bonusse ontvang, bly die banke tot selfs so laat as 7,30 nm. oop om sake te doen.

Uit die algemene gegewens is dit wel duidelik dat die nedersetting nie net groot hoeveelhede persone daarheen gelok het nie, maar dat die hele omgewing omskep is en dat ekonomiese en ander bedrywighede 'n geweldige omvang aangeneem het. In die volgende hoofstuk sal meer in besonderhede ingegaan word op die boerderymetodes op die nedersetting en sodoende die bedrywighede nog nader in oënskou neem.

1. Munisipale rekords, Brits.
2. Idem.

# HOOFSTUK V

## Nadere Besonderhede oor Boerderymetodes

In die vorige hoofstuk is die algemene vordering op die nedersetting nagegaan. Dit is egter vanselfsprekend dat daar tog verskille van hoewe tot hoewe sal wees en in hierdie hoofstuk sal so 'n steekproef behandel word en verder ook 'n uiteensetting gegee word van die boerderymetodes wat toegepas word veral ten opsigte van die hoofgewas, naamlik tabak.

### 1. Persoonlike Invloede.

Die grond op die nedersetting verskil wel van streek tot streek en dit wissel van swaar turf tot heeltemal sanderige grond en 'nmens kan verwag dat daar verskil sal wees in die opbrengs op hoewes van verskillende streke, maar dit gebeur egter ook dat twee nedersetters hoewes ontvang wat in alle opsigte feitlik identies is, en dat die een van die boerdery 'n sukses maak, maar sy buurman nie. In so 'n geval kan 'nmens nie anders nie as om tot die gevolgtrekking te geraak dat die persoonlike faktor in die boerdery baie belangrik is. Die ontleding van die volgende voorbeeld sal die gevolgtrekking baie duidelik na vore bring.

Die twee hoewes onder bespreking lê langs mekaar en faktore soos klimaat, reënval, grondtipe, ens. kan nie die verskil in opbrengs tussen die twee hoewes verklaar nie omdat wat vir die een geld, ook op die ander van toepassing is. So byvoorbeeld vind ons

dat gedurende die jare 1945 en 1946 albei die nedersetters oor haelskade en te veel reën kla. B kla egter boonop dat die koue sy koring beskadig het, terwyl dit blykbaar nie die geval was ten opsigte van A nie. Selfs hierdie terugslag kan ons aan persoonlike faktore toeskryf. Die beskadiging van koring deur koue kan die gevolg wees van foutiewe oordeel. A het sy koring of vroeg of laat gesaai[1] ten einde die kritieke eerste week in September[2] vry te spring, terwyl B moontlik die kritieke tyd nie in gedagte gehad het toe hy gesaai het nie. Ook kan dit wees dat A sommige van sy koring vroeg en ander laat gesaai het terwyl B alles gelyktydig gesaai het. A se koring was dus reeds taamlik sterk of baie jonk toe die koue gekom het, terwyl die van B net in die kritieke stadium was en dus baie beskadig is.

Bemesting het blykbaar ook 'n groot rol in die verskil in opbrengs gespeel en terwyl A die nut van bemesting besef het, het B blykbaar gereken dat hy die uitgawe aan bemesting eerder sal spaar. Hierdie foutiewe besparing geld veral die opbrengs in 1945 toe die gebrek aan bemesting in die vorige jare baie sterk gevoel is. Terselfdertyd kan die armoede van die grond weens gebrek aan bemesting ook 'n bydraende faktor wees tot die skade wat B gely het weens koue. Al het die twee nedersetters gelyktydig gesaai, sou uit wat ons van die bemesting kan aflei die koring van A baie vinniger gegroei het as die van B. Die tabel hieronder toon die bemesting deur die betrokke

1. Datums is egter nie beskikbaar nie.
2. Gewoonlik rig die koue elke jaar aan die begin van September skade aan, en sien die boere met vrese uit na hierdie tyd van die jaar.

nedersetters toegedien en die totale inkomste vir die verskillende jare:[1)]

A.

| Jaar | Kunsmis | Kraalmis | Groen-Bemesting | Inkomste |
|---|---|---|---|---|
| | ton | ton | morg | £ |
| 1944 | 3 super<br>2 B-mengsel | 2 | - | 536 |
| 1945 | 3 super<br>2 B-mengsel | 2 | 6 | 950 |
| 1946 | 1 super<br>1 B-mengsel | 2 | 6 | 850 |
| 1947 | 2 super<br>1½ B-mengsel | 13 | 6 | 1,343 |
| 1948 | 3 super<br>1 B-mengsel | 17 | 5 | 2,238. |

B.

| Jaar | Kunsmis | Kraalmis | Groen-bemesting | Inkomste |
|---|---|---|---|---|
| | ton | ton | morg | £ |
| 1944 | - | - | - | 260 |
| 1945 | ½ B-mengsel | 5 | - | 241 |
| 1946 | ½ B-mengsel<br>2 Kalk | 17 | - | 680 |
| 1947 | 3 super | 14 | - | 704 |
| 1948 | 1½ super<br>1 B-mengsel | 12 | 5 | 666 |

Die tipe grond is 'n ligte sandgrond en alhoewel kraalmis 'n baie goeie bemestingstof is soos uit die vermeerderde inkomste van A blyk nadat hy groter hoeveelhede daarvan toegedien het, blyk dit tog ook baie duidelik dat indien die grond nie al die voedingstow-

1. Gegewens van die Departement van Lande, Brits.

we het nie, 'n groot hoeveelheid van een bepaalde bestanddeel nie veel baat nie, soos uit die opbrengs van A blyk wat vanaf die begin verskillende soorte bemestingstowwe toegedien het.

Ook ten opsigte van die gebruik vankalk kan ons hier 'n interessante afleiding maak. Onder boere is daar die geegde wat lui: „ kalk maak die vader ryk en die seun arm"; en dit wil voorkom asof hierdie gesegde in ons onderhawige geval bewaarheid is. Kalk is 'n element wat die plantvoedsel oplos sodat dit maklik tot beskikking van die plante gestel word. In die eerste seisoen of twee is die oes goed, maar daarna is dit baie teleurstellend, en dit is blykbaar wat in die geval van B gebeur het. In 1946 dien hy kalk toe en in daardie jaar en ook in die daaropvolgende is sy inkomste heelwat bo die van 1945. In 1948 egter, is die inkomste heelwat minder as in die vorige twee jaar, nieteenstaande die feit dat hy in 1948 behalwe die gereelde bemesting ook nog 5 morg groenbemesting ingeploeg het. In 1948 het hy dus meer aan bemestingstowwe bestee, maar die opbrengs was kleiner. Dat groenbemesting ook noodsaaklik is en boonop baie goed, blyk uit die groot toename in die inkomste van A in 1945 toe hy met groenbemesting begin het. B is ook elke jaar deur die beamptes van die Departement aangeraai om groenbemesting in te ploeg, maar eers in 1948 het hy daarmee 'n aanvang gemaak en moes die resultate vir hom ietwat teleurstellend gewees het, maar op daardie stadium was sy grond baie arm, en soos reeds aangedui, is die uitputting deur die toediening vankalk meegehelp.

Die groter inkomste van A het hom ook in staat gestel om sy grond beter te bewerk, want reeds in 1945 het hy vir hom 'n trekker gekoop en nieteenstaande dit net soveel arbeiders in diens gehad as B. Ook het A in 1944 reeds 'n tweede ploeg aangekoop en in 1946 'n nuwe vragmotor, terwyl B eers in 1947 'n tweede ploeg aangekoop het en in 1948 'n tweedehandse vragmotor. Die vermeerdering in die inkomste van A hang dus moontlik ook ten nouste met die kapitaaltoerusting saam wat hy vir hom aangekoop het.

Die afleiding wat ons van die gegewens gedoen het, veral ten opsigte van die bemestingstowwe, is baie algemeen omdat die gevolgtrekkings gebaseer is alleen op die hoeveelhede toegedien en die inkomste vir daardie jaar, terwyl ander faktors soos byvoorbeeld die metodes van toediening, besproeiing, ens. alles die opbrengs kan beïnvloed. Alles in aanmerking geneem dui dit tog baie duidelik daarop dat die persoonlike element baie belangrik is, veral in soverre die een persoon hom aan die erkende boerderypraktyke hou en die ander nie.

Ook professor Tomlinson het in sy ekonomiese ondersoek na oonddroogtabak in Wes-Transvaal gevind dat die persoonlike element 'n baie belangrike rol in die boerdery speel.[1] Ons haal die bevindinge van professor Tomlinson aan onder die hoofde soos hy dit ontleed het.

---

1. Van die 100 plase wat prof. Tomlinson ondersoek het, val 73 in die Brits-distrik en is sy bevindinge dus heeltemal verteenwoordigend van hierdie streek.

(a). Ouderdom van Boer.[1)]

Die ontleding van die gegewens van 100 plase om vas te stel of die finansiële resultaat enigsins 'n bepaalde korrelasie toon ooreenkomstig die ouderdom van die boer, blyk uit die volgende:

Verhouding tussen Ouderdom van Boer en Ondernemersloon (1948-49)

| Ouderdom van Boer (jaar) | | getal gevalle | Ondernemersloon. |
|---|---|---|---|
| Groep | Gemiddelde | | £ |
| tot 30 | 27.0 | 11 | 400 |
| 31-40 | 35.4 | 32 | 623 |
| 41-50 | 44.6 | 24 | 660 |
| 51-60 | 54 9 | 24 | 411 |
| 61 en ouer | 63.8 | 9 | 88 |

Dit blyk dat daar twee groepe is wat min of meer dieselfde ondernemersloon kry, naamlik die groep tot 30 en die tussen 50-60 wat elk rondom die £400 ontvang. Die redes waarom die twee groepe met so 'n groot verskil in ouderdom min of meer dieselfde ondernemersloon ontvang, is moontlik die volgende: Die groep onder 30 is meestal beginners met nie voldoende ondervinding nie en het veral te kampe met 'n tekort aan meganiese hulpmiddele. Hulle strewe nog om kapitaal op te bou en die boerdery uit te bou. Die lae ondernemersloon is dus nie die gevolg van 'n gebrek aan belangstelling en inspanning nie, maar die gevolg van faktore buite hul beheer. Die groep tussen 50-60 het aan die ander kant weer hul beste jare agter die rug en behalwe dat hul liggaamskragte afneem, het hulle ook nie meer so baie belangstelling en durfkrag soos vroeër nie. Persoonlike toesig

1. Tomlinson: Ekonomiese Ondersoek van Oonddroogtabakboerdery in die Wes-Transvaalse besproeiingstreek, 28 en verder.

verminder en daarmee ook die produktiwiteit weens gebrekkige bewerking. Hierdie faktore en die gevolge daarvan kom veral sterk na vore in die groep bo 60 waar die ondernemersloon 'n baie groot vermindering ondergaan.

Die ander twee groepe, naamlik 31-40 en 41-50 het weer min of meer dieselfde ondernemersloon en wel oor die £600. Op hierdie stadium is die gebreke waaraan die eerste groep mank gaan, oorkom en die swakhede van die groepe bo 50 het nog nie hul verskyning gemaak nie of indien wel, dan in 'n baie geringe mate.

(b). <u>Persoonlikheidsbeoordeling.</u>

Professor Tomlinson en sy medewerkers het gedurende die ondersoek 'n poging aangewend om aan elke boer 'n puntetoekenning te doen ooreenkomstig die algemene indruk wat die boer op die navorser maak ten tyde van die ondersoek. Wanneer die puntetoekenning gedoen word, dra die navorser geen kennis van die grootte van die plaas, die grootte of waarde van die tabakoes of enige finansiële besonderhede nie. Die indruk waarvolgens die puntetoekenning gedoen word, berus hoofsaaklik op die boer se algemene intelligensie en in die beantwoording van die vrae aan hom gestel, sy belangstelling in die organisasie en bestuur van sy boerdery. Aan die einde van die ondersoek is die boere in vier groepe ingedeel volgens die puntetoekenning en toe met die ondernemersloon vergelyk. Die resultate toon 'n merkwaardige ooreenkoms tussen die puntetoekenning en die ondernemersloon soos uit die volgende blyk:

Verhouding tussen die Persoonlikheidsbeoordeling van die boer en die ondernemersloon (1948-49).

| Persoonlikheids-Beoordeling | Aantal gevalle | Ondernemersloon £ |
|---|---|---|
| Baie goed | 20 | 903 |
| Goed | 18 | 668 |
| Redelik | 37 | 490 |
| Swak | 25 | 102 |

Al slotsom waartoe ons ook hier kan geraak, is dat die persoon 'n baie belangrike faktor in die boerdery is en dat van hom, sy toewyding, sy oordeelkundigheid en algemene organisasie- en bestuurdersvermoë, die sukses van die boerdery afhang.

2. Grondtipe en Opbrengs.

(a) Algemeen.

Ons het reeds terloops al daarop gewys dat verskeie grondsoorte op die nedersetting aangetref word, en ons sal kortliks die verskillende gewasse verduidelik wat in die distrik gekweek word. Die distrik leen hom veral vir die produksie van tabak en koring, wat dan ook as die twee hoofgewasse van die distrik beskou kan word. Ten noorde van die dorpie Brits, veral in die Kleinfonteinse omgewing, is die gebied feitlik rypvry en leen die klimaat en die ryk sandgrond hulle uitstekend vir die kweek van spanspekke, waatlemoene en pampoene. Die inkomste uit die oeste is gewoonlik ook baie hoog, veral omdat die produkte so vroeg op die mark kom. Hierdie tipe produkte kan ook op die ander dele van die distrik gekweek word, maar die resultate is baie teleurstellend, nie weens die swakheid van die grond nie, maar omdat die produkte eers laat gesaai of ge-

## HARTEBEESTPOORT-NEDERSETTING.

Gemiddelde grootte, bewerkbare en geskeduleerde oppervlakte van vyf (5) hoewes, toegepas op verskillende strukture van grond onder behandeling, gebaseer op die inkomste van die volgende oeste, naamlik koring, tabak, waterlemoene, panspekke, pampoene en tamaties, gedurende die afgelope 5 jaar - 1945/1949. Skedulering op hierdie Nedersetting is gebaseer op 44 kusek uur per geskeduleerde morg per jaar.

Die volgende is die berekening op die gemiddelde oppervlakte en gemiddelde jaarlikse inkomste na aanleiding van bogenoemde.

| Gemiddelde oppervlakte van hoewes onder behandeling. | Bewerkbare en besproeibare oppervlakte. | Struktuur van grond | Geskeduleerde oppervlakte | Reg vir trekdiere en melkkoeie in gesamentlike weiding. | Gemiddelde oppervlakte en jaarlikse inkomste van die boerdery vertakkings wat aangetref word. Dit is uitgehaal uit jaarlikse inspeksies van huurders van hoewes. | | | | | | | | | | | | | | Groen bemestingsgewas. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | Koring | | Tabak | | Waterlemoene | | Panspekke | | Boerpampoene | | Tamaties | | Komkommers & Squashes | | |
| | | | | | Morge | Bedrag | Morge | Bedrag | Morge | Bedrag | Morge | Bedrag | Morge | Bedrag | Morge | Bedrag | Morge | Bedrag | |
| 28. 6 morge | 18 morg | Swaar swart turf. | 12 morg | 16 diere | 13 | £204 | 9 | £1430 | — | — | Wat geplant word is vir huisgebruik | | | | | | — | — | Oor die algemeen word plus minus 5 morg Sonhennep as groen bemestingsgewas jaarliks toegedien aan die grond. |
| 24 morge | 16 morg | Rooi turf deels granietagtig. | 10 morg | 18 diere | 8 | £113 | 6 | £ 893 | — | — | Wat geplant word is vir huisgebruik. | | | | | | — | — | |
| 27 morge | 14 morg | Sanderige leem en leem. | 13 morg | 12 diere | 6 | £ 75 | 6 | £1023 | — | — | Wat geplant word is vir huisgebruik | | | | | | — | — | |
| 41 morge | 20 morg | Sanderige leem | 13 morg | 16 diere | 6 | £115 | 6 | £1215 | | £400 | 1 | £175 | 1 | £150 | 1 | £175 | 1 | £175 | |
| 79 morge | 30 morg | Sandgruis en gruisagtige ligte sandleem. | 16 morg | 15 diere | 5 | £ 50 | 4 | £ 750 | | £300 | 1 | £250 | 2 | £160 | 1 | £200 | 1 | £140 | |

plant kan word, en teen die tyd dat die produkte ontwikkel, is die pampoenvlieg baie straf en kom daar van die oes nie veel tereg nie. Die turfgrond en tabak word gewoonlik as die beste kombinasie beskou, maar die gegewens op die aangehegte tabel toon dat op enige hoewe 'n goeie oes verkry kan word mits die hoewe goed bewerk en die regte produk gekweek word. Die inkomstesyfers is veral van belang omdat dit oor 'n tydperk van vyf jaar strek waardeur seisoensinvloede uitgeskakel word.

Uit die gegewens blyk eerstens dat die hoewes met sandgrond skraler is as die turfgrond met 'n laer opbrengs en dat om 'n bestaan te maak of om gelykwaardig te wees aan 'n turfhoewe, die sandgronhoewes heelwat groter moet wees. Hierdie beskouing word ook bewaarheid in soverre dit die opbrengs van koring en tabak betref. Soos uit die besonderhede vir die hoewes 4 en 5 blyk, is die opbrengs aan koring en tabak op die verskillende hoewes dieselfde, maar daarby kom nog dat die sandgrondhoewes 'n addisionele inkomste uit waatlemoene en spanspekke, pampoene en tamaties het, wat die totale opbrengs van laasgenoemde hoewes baie hoog opskuif. Behalwe die streek in ons uiteensetting word in ander sandgrondgebied na aan die dam die inkomste uit koring en tabak deur die kweek van blomme aangevul wat in Pretoria en die Rand van die hand gesit word.

Interessant is dit om die tabakopbrengs van die twee groepe hoewes soos deur die eerste en tweede en

dan weer die vierde en vyfde verteenwoordig, met mekaar te vergelyk. Die gemiddelde opbrengs per morg toon dan die volgende:

| Hoewe | Grootte | Opbrengs | Gemiddelde per morg. |
|---|---|---|---|
| | morg | £ | £ |
| 1 | 9 | 1,430 | 158.9 |
| 2 | 6 | 893 | 148.8 |
| 4 | 6 | 1,215 | 202.5 |
| 5 | 4 | 750 | 187.5 |

Dit blyk dus dat die gemiddelde inkomste vir die sandhoewes wat veronderstel was om nie so vrugbaar te wees nie, hoër is as die van die turfhoewes. Ongelukkig word die gewig aan tabak wat op die verskillende hoewes ge-oes is nie aangegee nie, maar die waarskynlike resultaat daarvan sou wees dat die gewig van die hoewes met die hoogste gemiddelde nie juis meer sou wees nie as die vvan die hoewes met die laagste gemiddelde opbrengs per morg, omdat die turfgrond weens sy vrugbaarheid 'n baie geil tabakblaar lewer, wat op sy beurt nie so goed droog as die van die tengerige blaar op die sandgrond nie, en daarom 'n heelwat laer prys per pond behaal. Dit blyk ook verder dat die sanderige leemgrond die hoogste gemiddelde inkomste en dus ook opbrengs in gewig per morg gelewer het, dus selfs meer as die turfgrond.

Tabak is beslis die vernaamste gewas in die distrik en 'nmens vind dat tabaksaadbeddings tot in die agterdeur van die woonhuis gemaak word. Elke beskikbare stukkie grond word vir tabak gebruik en boere wat groente kweek, selfs al is dit net vir eie gebruik, is 'n uitsondering. Uit die gegewens van die besondere hoewes blyk egter dat die hoewes wat

geskik is vir die kweek van waatlemoene, spanspekke pampoene en tamaties, die opbrengs per morg uit hierdie produkte die opbrengs uit tabak ver oortref. Daarby kan ons ook nog aanneem dat die produksiekoste vir eersgenoemde produkte baie laer is as die van tabak omdat die groeiseisoen kort is en dit nie so baie handearbeid as tabak vereis nie. Die mark vir hierdie tipe produk is egter onseker daar dit op die ope mark van die hand gesit word; maar soos uit die gegewens oor 'n tydperk van vyf jaar blyk, is die posisie glad nie swak nie en solank die pryse vir landbouprodukte oor die algemeen goed bly, is daar geen rede om aan te neem dat die pryse van hierdie produkte sal daal nie. Die winsgewendheid daarvan hang juis saam met die feit dat die die eerste soort somervrug is wat op die mark kom en is verbruikers baie begerig om daarvan in die hande te kry. Die moontlikheid dat die mark wat hierdie produkte hanteer oornag in duie kan stort, is baie skraal.

(b) Tabak.

Omdat tabak die vernaamste produk van die streek is, wil ons kortliks enkele gegewens daaroor verstrek en veral op die arbeid wys wat daarby betrokke is. Die tabel hieronder toon die hoeveelheid tabak in 'n bepaalde jaar geplant, die gewig gelewer, die waardasie van die tabak toe dit by die koöperasie ingelewer is, die voorskot (75 persent) wat daarop uitbetaal is, die agterskot en wins. Die tabak is op swaar, swart turf gekweek en in drie grade bemark, naamlik oonddroogtabak, ligte lugdroogtabak en donker

lugdroogtabak. Laasgenoemde graad kom egter nie elke jaar voor nie, en word eintlik deur ongunstige weersomstandighede veroorsaak.

Oonddroogtabak 1)

| Jaar | Morg | Gewig lb | Waardasie £ | Voorskot £ | Agterskot £ | Totaal £ |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 44-45 | 7 | 14,422 | 843 | 632 | 594 | 1,126 |
| 45-46 | 9 | 10,191 | 831 | 623 | 498 | 1,121 |
| 46-47 | 9 | 18,509 | 1,548 | 1,161 | 929 | 2,090 |
| 47-48 | 8 | 10,911 | 1,052 | 789 | 539 | 1,328 |
| 48-49 | 6 | 12,891 | 1,352 | 1,014 | 744 | 1,758 |
| 49-50 | 8 | 12,095 | 1,166 | 875 | 627 | 1,502 |
| **Ligte lugdroogtabak** | | | | | | |
| 44-45 | | 3,145 | 122 | 91 | 70 | 161 |
| 45-46 | | 1,503 | 72 | 54 | 42 | 96 |
| 46-47 | | 4,123 | 421 | 315 | 263 | 578 |
| 47-48 | | 5,069 | 294 | 220 | 163 | 383 |
| 48-49 | | 6,070 | 388 | 291 | 224 | 515 |
| 49-50 | | 6,474 | 496 | 372 | 304 | 676 |
| **Donker lugdraagtabak** | | | | | | |
| 44-45 | | 396 | 6 | 5 | 4 | 9 |
| 48-49 | | 678 | 21 | 15 | 12 | 27 |

Die verskil in opbrengs van jaar tot jaar is ooglopend, maar dit is moeilik om vas te stel wat die oorsaak daarvan is. Soms weet die boer self nie want volgens die aandag wat die oes ontvang het, moes dit gelyk gewees het aan die beste. Veral die oes van 1944-45 was baie swak en dit kan moontlik aan die feit toegeskryf word dat 'n gedeelte van die grond waarop die tabak geplant was, versuipagtig is. Ook het die grond moontlik 'n sterk negatiewe reaksie getoon nadat 'n groenbemesting die vorige jaar ingeploeg is. Dit is egter interessant om daarop te let

1. Die gegewens in die tabel asook die oor arbeid wat in die volgende bladsye bespreek word, is met die goedgunstige toestemming van een van die boere uit sy boeke geneem.

dat alhoewel die gewig wat in 1945-46 van 9 morg geoes is omtrent 30 persent minder was as wat in die vorige jaar van sewe morg geoes is, daar omtrent geen verskil in die opbrengs van die sonddroogtabak is nie Hier het ons dus moontlik weer te doen met 'n geval waar die stand van die tabakplante swak was, die blaar nie so geil nie en gevolglik het dit beter gedroog en is dienooreenkomstig hoër gewaardeer. Die totale en gemiddelde inkomste per morg uit tabak van die betrokke boer was vir die agtereenvolgende jare dan soos volg:

| Jaar | Gemiddeld per morg £ | Totaal uit tabak £ |
|---|---|---|
| 1944-45 | 185.1 | 1,296 |
| 45-46 | 135.2 | 1,217 |
| 46-47 | 296.6 | 2,668 |
| 47-48 | 214.0 | 1,711 |
| 48-49 | 383.3 | 2,300 |
| 49-50 | 272.2 | 2,178 |

Op die oog lyk dit asof die boer 'n goeie inkomste gemaak het, maar ons kan dit nie sonder meer aanneem nie omdat tabak baie arbeid vereis waardeur die produksiekoste hoog is. Die arbeid wat by die 1949-50 oes betrokke was, word hieronder aangetoon en gee min of meer die omvang van die arbeid in die algemeen aan. Die gegewens strek vanaf Julie 1949 tot November 1950 wat reeds daarop dui dat om een oes af te handel, meer as 'n jaar nodig is. Die tabel toon die bepaalde maand en daarteenoor die hoeveelheid arbeidsdae wat in daardie maand aan die tabakoes bestee is.

| | Maand | Arbeidsdae | |
|---|---|---|---|
| 1949: | Julie | 34 | |
| | Aug. | 47 | |
| | Sept. | 10 | |
| | Okt. | 36 | |
| | Nov. | 117 | |
| | Des. | 86 | |
| 1950: | Jan. | 333 | |
| | Feb. | 416 | |
| | Mrt. | 344 | |
| | Apr. | 297 | |
| | Mei | 219 | |
| | Junie | 309 | |
| | Julie | 36 | |
| | Aug. | 125 | |
| | Sept. | 40 | |
| | Okt. | 29 | |
| | Nov. | 49 | 2,527. |

Daar was dus 2,527 arbeidsdae nodig om oor 'n tydperk van sewentien maande ongeveer 12,000 lb tabak te kweek, wat neerkom op ongeveer een arbeidsdag om 4.7 lb tabak te kweek. Byna die helfte van die arbeidsverbruik val in die periode van ag maande vanaf November tot Junie, waarin die tabak uitgeplant, geskoffel, geoes, gedroog en gesorteer word. Gedurende hierdie maande, behalwe November en Desember, word daar dus feitlik aan al die produksiestadia aandag gegee.

Die produksieproses begin gewoonlik omstreeks Julie, soms selfs Junie, wanneer die tabaksaadbeddings voorberei word deur kraalmis daarop te brand ten einde al die onkruidsaad te vernietig. Daarna word die saad gesaai en die plantjies wat baie gevoelig vir koue is, met kaasdoek beskerm tot die gevaar van ryp verby is. Wanneer die plantjies mooi sterk is ( ongeveer Oktober-November), word dit uitgeplant en gereeld geskoffel. Reeds in Desember, maar gewoonlik in Januarie, begin die oesery en dan is besonder baie

hande nodig soos uit die syfers vir die daaropvolgende maande blyk. Die proses hou tot omstreeks die einde van Mei aan, terwyl die werk in die daaropvolgende maande hoofsaaklik uit die sorteer van die gedroogde tabak inverskillende grade bestaan.

Die volgende gegewens toon die hoeveelheid arbeid wat elke produksiestadium van die bepaalde oes geverg het:

| | Dae | |
|---|---|---|
| Voorbereiding, uitplant | 74 | |
| Besproeiing . . . . . . | 81 | |
| Skoffel . . . . . . . . | 198 | |
| Oes . . . . . . . . . . . | 1,068 | |
| Droog . . . . . . . . . | 55 | |
| Sorteer . . . . . . . . | 1,051 | 2,527 |

Meer as 80 persent van die arbeid aan die oes bestee, gaan na die twee afdelings oes en sorteer, en hierdie twee stadia verg omtrent gelyke hoeveelhede arbeid. Normaalweg word baie van die sorteerwerk deur die boer se vrou gedoen en sy is ook die persoon wat hier die toesig op haar neem. Haar toetrede tot die produksieproses op hierdie stadium word in die hand gewerk deur die feit dat die sorteerwerk onderdak geskied en sy haar dus nie aan die son en hitte hoef bloot te stel nie. Die presiese tyd waarop die sorteerwerk begin, hang van die tyd af wanneer die tabak uitgeplant is, maar dit duur nog voort lank nadat die tabak reeds alles geoes is. Die verdeling van die arbeidsdae aan sorteerwerk in ons geval is soos volg:

| Maand | dae |
|---|---|
| Maart | 48 |
| April | 196 |
| Mei | 219 |
| Junie | 309 |
| Julie | 36 |
| Aug. | 125 |
| Sept. | 40 |
| Okt. | 29 |
| Nov. | 49 |
| | 1,051 |

In die geval wat ons hier ontleed, het die oesery reeds in Januarie begin, maar daar is nie onmiddellik met die sorteer van die tabak begin nie, omdat ook ander vertakkinge van die boerdery gedurende hierdie tyd van die jaar heelwat aandag vereis. Die tabak word dan in die kelders gehou waar dit weer effens vogtigheid opneem en dus maklik hanteerbaar is en nie maklik breek wanneer daarmee gewerk word nie. Sodra die werk op die boerdery met die intree van die herfs en winter minder word, word die arbeid na hierdie afdeling oorgeplaas om die kelders leeg te maak en ook om die tabak te bemark. Teen die einde van Junie was die sorteerdery blykbaar byna klaar en is gedurende Julie die arbeid weer na die landerye verplaas. Die hoë syfer gedurende Augustus moet aan slegte weersomstandighede toegeskryf word. Aangesien die sorteerwerk onderdak gedoen word, is dit baie gerieflik wanneer dit reën of die landerye te nat is, en die arbeid tog produktief aangewend moet word.

Uit die voorgaande blyk dit dus dat 'n groot hoeveelheid arbeid in die produksie van tabak betrek word en kan ons ook aanneem dat dit die vernaamste koste-item in die produksiekoste is. In die onderhawige ge-

val was die arbeidskoste soos volg:

| | |
|---|---|
| Lone . . . . . . . . | £ 167-16 |
| Lewenskoste . . . | 130-19 |
| Rantsoene . . . . | 51- 7 |
| Voorman . . . . . . | 107- 7 |
| Kantoor . . . . . . | 48 |
| Totaal | £505- 9-0 |

Die totale opbrengs van hierdie jaar was £2,177-10 wat aandui dat ruim 25 persent vandie bruto-inkomste vir die vergoeding van direkte en indirekte arbeid gaan.[1)]

Die persentasie koste wat aan arbeid toegeskryf word, is ook deur professor Tomlinson in sy ondersoek na die oonddroogtabakboerdery in Wes-Transvaal nagegaan. Byna driekwart van die plase wat hy ondersoek het, is in die Brits-distrik en kan sy gegewens as van algemene toepassing op die distrik aanvaar word. In sovERRE dit arbeid betref, kom hy ook tot die gevolgtrekking dat arbeid die vernaamste koste-item in die tabakbedryf is. In sy ontleding vind hy dat uit 'n gemiddelde inkomste van £1,694.5 uit tabak, nie minder nie as £577.8 aan arbeid toegeŝe word en daarvan weer £51.5 aan gesinsarbeid.[2)] Die verhouding van die arbeid tot die bruto-inkomste kom in hierdie geval te staan, nie op ongeveer 25 persent nie, maar op 34 persent. Dat gesinsarbeid in hierdie bedryf 'n baie groot rol speel, word in die volgende tabel bewys. Dit dui die gemiddelde getal werksdae aan deur die verskillende vorme van arbeid, asook die koste per ar-

---

1. Onder direkte arbeid word bedoel die gehuurde arbeid wat eiehandig besig is met produksie terwyl indirekte arbeid insluit die pro-rata deel van die voorman se salaris en kantooruitgawe aan tabak toegereken.

2. Tomlinson - Ekonomiese Ondersoek na Oonddroogtabak in die Wes-Transvaalse besproeiingstreek, 8 en 9.

beidsdag.

<u>Arbeidsdae gebruik per Boerdery en die Koste per Arbeidsdag (1948-49).</u>[1]

| Tipe arbeid | dae per Boerdery | Dae teen tabak | % dae teen tabak | Koste per arbeidsdag |
|---|---|---|---|---|
| | | | | s. d. |
| Eienaar | 163 | 130 | 79.8 | 15 - 0 |
| Vrou | 49 | 49 | 100 | 8 - 8 |
| Ander familie | 56 | 46 | 82.1 | 10 - 9 |
| Gehuurde blankes | 26 | 21 | 80.8 | 14 -10 |
| nie-blankes | 3.469 | 2.982 | 86.0 | 3 - 2 |
| Totaal | 3,763 | 3,228 | 85.8 | - |

Dit blyk eerstens dat behalwe die gesin, baie weinig gehuurde blanke arbeid gebruik word, en in slegs 13 persent van die gevalle wat in die Ekonomiese ondersoek gedek is, het daarvan gebruik gemaak. In 41 persent van die gevalle is gevind dat die boervrou plaaswerk verrig en is dit uitsluitlik met tabak gedoen.

Om die produksiekoste van tabak, tewens van enige landbouproduk te bereken, is baie moeilik, veral weens die gebrek aan betroubare gegewens. Hierdie gebrek strem die landbounavorsing baie en feitlik geen hulp kan van die boeregemeenskap verwag word nie; en om werklik betroubare gegewens te verkry, moet daar deur die landboubeamptes proewe gedoen word en op die manier word geld entyd en energie verspil wat gespaar kon gewees het, indien werklik betroubare gegewens van die boeregemeenskap verkry kon word.

'n Ekonomiese ondersoek soos deur professor Tomlison ingestel toon duidelik dat daar 'n groot aantal

1. Tomlinson - Ekonomiese Ondersoek, 11

boere is wat hul met die landbou besig hou, maar nie 'n sukses daarvan maak nie. Die oorsaak kan of by die boer, die grond of die gewas geleë wees, maar dit is wenslik dat die oorsaak opgespoor en alle middele in die werk gestel word om verbetering aan te bring. Is die boer nie opgewasse vir sy taak nie, moet aan hom 'n ander uitweg gebied word voordat hy heeltemal uitboer. Die grond hoef nie onoorkomelike probleme op te lewer nie en dit sal baie maklik wees om 'n ander gewas te kweek wat beter by die grond en klimaat pas.

Professor Tomlinson kom tot die gevolgtrekking dat die gemiddelde nettowins per morg tabak op £49.6 te staan kom,[1] wat as baie laag deur die gemiddelde boer beskou sal word. Die gemiddelde ondernemersloon per boerdery is vasgestel op £508.3. Onder die gevalle wat in die ondersoek voorkom is daar egter 21 persent wat geen ondernemersloon toon nie en die vraag is of sodanige gevalle in rekening gebring moet word.

<u>Verspreiding van Boerderye ooreenkomstig Ondernemersloon (1948-49).</u>[2]

| Ondernemersloon £ | Aantal plase |
|---|---|
| minus | 21 |
| 1-300 | 23 |
| 301-600 | 22 |
| 601-900 | 8 |
| 901-1,200 | 12 |
| 1,200 en meer | 14 |

Die resultate uit die ondersoek verkry dui dus daarop dat indien 'n prysvasstelling daarop gebaseer moet word, die prys sodanig sal moet wees dat 21 per-

1. Tomlinson - Ekonomiese Ondersoek, 34.
2. Idem, 10.

sent van die studiegevalle wat nou geen ondernemersloon toon nie, van 'n redelike ondernemersloon verseker word en nog 'n verdere 23 persent wat nou nie 'n redelike ondernemersloon toon nie, sal ook moet gehelp word. Dit sal dus daarop neerkom dat die boere wat nie 'n sukses van die boerdery kan maak nie, die deurslag in die prysvasstelling gee omdat hulle ruim 44 persent van die gevalle uitmaak. Die gewig wat aan die resultate van hierdie 44 persent toegeken word, word verder verhoog indien in aanmerking geneem word dat slegs 22 persent van die gevalle as gemiddel des beskou kan word. Daar bly dus maar 33 persent oor wat bo die gemiddelde is en as teenwig teen die 44 persent moet dien.

Interessant in die ekonomiese ondersoek is die gevolgtrekking waartoe geraak is, naamlik dat sommige faktore geïsoleerd optree en andere weer gesamentlik in die beïnvloeding van die boerdery. Die oppervlakte onder tabak en die opbrengs per morg, het byvoorbeeld 'n duidelike invloed op die ondernemersloon:

1)

**Gesamentlike Invloed van Produksie per Morg en Waarde per lb. tabak ontvang op Ondernemersloon**

| Produksie per Morg | Waarde per lb. onder gemiddelde | | Waarde per lb. bo gemiddelde | |
|---|---|---|---|---|
| | Aantal plase | Ondernemersloon £ | Aantal plase | Ondernemersloon £ |
| tot 1,000 | 18 | -118 | 5 | -44 |
| 1,000-1,[illegible]00 | 16 | 231 | 14 | 540 |
| 1,401-1,800 | 6 | 478 | 15 | 727 |
| 1,801 en meer | 11 | 837 | 15 | 1263 |

Die bevinding is dus dat die produksie per morg

1. Tomlinson - Ekonomiese Ondersoek, 25.

op die ondernemersloon in albei gevalle sterk positief is, maar die invloed is ietwat sterker in die geval waar die waarde per lb. tabak bo die gemiddelde is as in die gevalle waar dit onder die gemiddelde is Dit kom in die tabel duidelik uit daar in die eerste geval die verskil tussen die minimum en die maksimum £955 beloop en in die tweede geval £1,307. Dit blyk verder dat die opbrengs per morg 'n baie belangriker rol speel as die kwaliteit, omdat selfs waar die waarde onder die gemiddelde is maar die hoeveelheid hoog, die resultaat beter is as in die gevalle waar die kwaliteit hoog en die hoeveelheid laag is. In die eerste geval is die ondernemersloon byvoorbeeld £837 indien die hoeveelheid meer as 1,800 lb. is, en in die tweede geval slegs £727 waar die hoeveelheid minder as 1,800 is maar tog maar as 1,400.

In hierdie hoofstuk is kortliks die produksie op die nedersetting, met spesiale verwysing na tabak, geskets. In die volgende hoofstuk sal die aandag aan die bemarking van die produkte bestee word.

- - - - - -

# HOOFSTUK VI

## BEMARKING

In hierdie hoofstuk sal kortliks nagegaan word die bemarking van die minder belangrike produkte van die nedersetting, soos waatlemoene, spanspekke en blomme, alvorens aandag aan die bemarking van die belangrike produkte naamlik tabak en koring geskenk word en die instellings waardeur die bemarking geskied.

### 1. Waatlemoene en Spanspekke.

Waatlemoene en spanspekke lewer 'n hoë inkomste per morg en ons kan dit alleen aan die klimaat toeskryf wat die boere in staat stel om die produkte vroeg te plant en dus vroeg te bemark. Die produkte word noord van Brits in die Kleinfonteinse gebied gekweek waar nie net die klimaat baie geskik is nie, maar ook die grond ideaal is. Reeds in Julie word die saad ingesit, met die gevolg dat die produkte teen Oktober-November op die mark is. Teen hierdie tyd is die aanbod van hierdie produkte baie gering in vergelyking met die vraag daarna vandaar dat die opbrengs van £300-£400 beloop. Die vernaamste afsetgebied is die markte van Pretoria en Johannesburg en in 'n mindere mate ook Brits. Die waatlemoene word los op vragmotore gelaai en na die mark geneem terwyl die spanspekke gewoonlik in groot kratte soos die waarin piesangs, versend word, gepak

en ook so op die mark van die hand gesit word. 'n deel van die oes, veral laat in die seisoen, wanneer die aanbod deur besendings van ander gebiede aangevul word, word persoonlik deur die boer aan die verbruikers verkoop. Gedurende hierdie tyd kan vragmotors oral in die buitewyke van Pretoria en Johannesburg opgemerk word, met die produkte belaai wat dan aan verbygangers verkoop word. Dit gebeur dan ook heel dikwels dat 'n boer 'n nag of meer moet uitslaap ten einde sy vrag van die hand te sit.

2. Blomme.

In teenstelling met waatlemoene en spanspekke wat weens die gunstige klimaat en kort seisoen maklik bemark word teen 'n goeie prys, is die bemarking van blomme ietwat moeiliker. Die blomme word in hoofsaak aan die hange van die Magaliesberge gekweek en alhoewel die boere in staat is om selfs gedurende die winter byvoorbeeld rose te kweek, is hul produksie nie net tot hierdie seisoen beperk nie. Daar is gevolglik 'n groot seisoenskommeling in die pryse wat vir die produkte verkry word, behalwe in die geval van die produsente wat hul oes op kontrak van die hand sit en dus teen 'n voorafbepaalde prys verkoop. Al kry laasgenoemde dwarsdeur die jaar dieselfde prys, is hul gemiddelde inkomste hoër as die van die produsente wat op die mark verkoop en dus van seisoen tot seisoen groot pryskommelings aanskou. Ook vir hierdie produk is Pretoria en die Witwatersrand die vernaamste mark, maar uit die aard

Van die produk kan dit makliker oor lang afstande vervoer word omdat dit nie so maklik kneus nie en dus nie so maklik in waarde afneem met die versending nie. Die gevolg is dat dit selfs op sulke afgeleë plekke soos Durban en Bloemfontein bemark word. Om dit doeltreffend te vervoer, word die blomme in hout- of kartonhouers gepak. Die blom word gepluk en toegelaat om effens te verwelk. Dan word dit styf in die houer ingepak sodat dit nie binne die houer kan rondskud nie. Wanneer die besending sy bestemming bereik, word die blomme uitgehaal en in water gesit, verkieslik water wat effens lou is, en binne 'n kort tydjie het die blom weer sy fleur terug. Die versending van blomme word verder vergemaklik deur die feit dat die mees gesogte soorte soos rose en swaardlelies gepluk word nog voordat die blomknoppe oopgaan. Met die versending is daar dus nie juis 'n blom wat beseer kan word nie omdat die knoppe maar stadig oopgaan en in werklikheid bereik hierdie soorte eers hul volle prag 'n dag of meer nadat die verbruiker dit gekoop het.

Terloops kan hier net opgemerk word dat terwyl die meeste produsente van waatlemoene en spanspekke nedersetters is, die blomkwekers oor die algemeen privaat boere is wat hul leiwater uit die Magaliesberge uit boorgate kry.

3. Tabak.

(a). Die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging.

In teenstelling met die produkte wat dusver

behandel is, en waarvan die bemarking en prys nie beheer word nie, kom ons nou by die bemarking van tabak waarvan die prys beheer word en die bemarking langs vasgestelde kanale geskied. Die bemarking van tabak geskied naamlik deur die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging (M.K.T.V.). Dit is vandag een van die grootste tabakverenigings in die land en dit is miskien wenslik dat ons die ontwikkeling, doelstelling en beleid van die Vereniging in besonderhede sal nagaan.

(i). <u>Historiese Verloop.</u>

Die ontwikkeling van die tabaknywerheid in die Unie is baie nou aan die Koöperatiewe optrede van die produsente verbonde en die ontwikkeling langs die Magaliesberge is weer ten nouste aan die M.K.T.V. verbonde, wat ook weer 'n baie belangrike rol in die tabaknywerheid gespeel het. Die een het dus as 'n stimulus vir die ander gedien en die historiese groei van albei ontwikkel dus min of meer langs mekaar.

Reeds voor 1909 is tabak al in die Magaliesbergstreek gekweek, strekkende vanaf die noorde van Pretoria tot in Groot-Marico. Produsente het hul produkte aan handelaars, spekulante en selfs direk aan die vervaardigers van tabakprodukte verkoop. Onder die omstandighede was pryse baie laag en die produsente aan die genade van die kopers uitgelewer. In 1908 het die Transvaalse regering gevolglik £10,000 gestem om die tabaknywerheid in Transvaal te steun. 'n Komitee waarop sulke gesiene persone soos Generaal Botha en Sir Abe Baily gedien het, is aangestel om ondersoek

in te stel en vas te stel op watter manier die gestemde bedrag aangewend moet word ten einde van die grootste nut vir die tabakbedryf te wees.[1] Die komitee het aanbeveel dat 'n Koöperatiewe Tabakvereniging op Rustenburg opgerig moet word met geskikte pakhuise en die nodige masjienerie. Die gevolg was dat die M.K.T.V. in 1909 opgerig is met die doel om nie net as verkoopsagent vir lede op te tree nie, maar ook om die bes moontlike prye te verkry deur die tabak te gradeer en te fermenteer. Die oprigting van hierdie Vereniging was 'n baie goeie verwikkeling wat ook later die nedersetters op Brits goed te staan sou kom omdat deur die Verenigi ng die tabakprodusente 'n bedingingsmag verkry het wat hulle afsonderlik nooit sou kon verkry nie Sodanige gesamentlike optrede was des te noodsaakliker omdat tabak nie 'n basiese produk is nie en dus in teenstelling met byvoorbeeld koring, maar 'n beperkte afsetgebied het.

Nog 'n verdere voordeel wat die koöperasie vir die produsent ingehou het, is geleë in die feit dat dit die tabak klassifiseer, gradeer en ook fermenteer. Dit is alles vertakkings van die bedryf wat gespesialiseerde kennis vereis en byna onmoontlik met klein hoeveelhede deurgevoer kan word. Verder verhoog hierdie prosesse ook die gehalte van die produk en trek die produsent voordeel uit die verhoogde prys wat daaruit voortvloei. Die boer word dus op hierdie manier in staat gestel om die volle voordeel uit die ge-

1. Rapport van die Kommissie om Ondersoek in te stel insake Koöperasies en Landboukrediet, (hierna verwys as U.G. 16/1924), 98

halte van sy produk te haal.[1]

Die stigting van die koöperasie was egter strydig met die beginsel van die ondernemings wat die tabak verwerk, en daarom het hulle alles in hul vermoë gedoen om die groei en sukses van die koöperasie te dwarsboom. Veral het hulle hulle daarop toegelê om produsente om te praat om nie lid van die koöperasie te word nie en verder ontrouheid by lede aan te moedig. Ook het hulle by wyse van gunstige kontrakte, kontant voorskotte en om die verskaffing van saad en bemestingstowwe te sudsidieer, probeer om produsente van aansluiting by die koöperasie te weerhou. In die Brits-distrik het een van die groot fabrikante groot stukke grond aangekoop en self begin om tabak op groot skaal te kweek. Daarby is groot skure gebou en tabakvoorrade opgebou moontlik in 'n poging om vir 'n seisoen of meer onafhanklik te wees van aankope van die Koöperasie en op die manier laasgenoemde 'n knou te gee. Dit is dus te verstaan dat onder sodanige omstandighede die M.K.T.V. nie die nodige vordering kon maak nie, en het daar by lede die sienswyse ontstaan dat die koöperasie nie aan sy doel beantwoord nie en het self die getrouste lede afvallig begin word. Persone wat in koöperasie geglo het, het hulle toe des te meer vir verpligte koöperasie beywer en uiteindelik is hul stryd bekroon toe die beginsel in 1925 deur die parlement goedgekeur is.[2] Hierdie wet bepaal in Artikel 17 onder andere dat indien die Minister

---

1. U.G. 16/1934, 98.

2. Wet op Koöperatiewe Verenigingen 1922, Wysigingswet 1925.

daarvan oortuig is dat binne 'n bepaalde streek of provinsie ten minste 75 persent van die produsente van 'n landbouproduk lede is van 'n koöperasie of Landboumaatskappy, geregistreer volgens die Koöperatiewe wet 1922, en as een van sy oogmerke het die verkoop van die produkte van sy lede, kan die Minister op versoek van so 'n instelling, verklaar dat vanaf 'n bepaalde datum alle produsente binne die bepaalde streek of provinsie sodanige produkte nie anders van die hand mag sit nie, dan deur middel van die koöperasie afgesien daarvan of sodanige produsent lid van die koöperasie is of nie. Oortreders van hierdie bepaling maak hulle skuldig aan 'n boete van hoogstens £75. Die aanname van hierdie wet het die hele posisie van koöperasies beveilig. Daar was gevolglik 'n snelle toename in die lidmaatskap en wel sodanig dat die minister reeds in 1926 die produsente in die streek langs die Magaliesberge verplig het om hul produkte deur die M.K.T.V. te verkoop. Omdat dit nou ook gelyk het asof die pryse van tabak deur die bemarking deur een kanaal sal toeneem, het die produksie ook baie toegeneem. Hierdie vergrote produksie is nog verder in die hand gewerk deur die uitgawe van hoewes op die nedersetting in Brits waar die nedersetters ook begin het met die produksie van tabak. Die gevolg van die verpligte koöperasie en die vermeerdering in produksie was dat die Koöperasie veral in1928 'n baie kritieke tyd deurgemaak het omdat daar in hierdie jaar 12,000,000 lb. tabakblaar in die vereniging se store gelê het en waarvoor geen mark gevind kon word nie. Die posisie het agter die daaropvolgende jare

verbeter hoofsaaklik as gevolg van die daling in die opbrengs weens die kwaai droogte in die Magaliesbergstreek. Die M.K.T.V. was egter self vir die posisie verantwoordelik waarin hulle beland het omdat hulle, onmiddellik na die instelling van verpligte koöperasie die produsenteprys van tabak buite verhouding gaan verhoog het. Dit het nie net die produksie gestimuleer nie, maar ook die fabrikante 'n afwagtende houding laat inneem, omdat hulle gereken het dat die vasgestelde prys buite verhouding tot die vraag en aanbod is. Die gevolg was dat groot hoeveelhede tabak oorsee gedump moes word en daarna het die M.K.T.V. 'n verstandiger beleid gevolg soos die syfers in die volgende tabel aantoon:[1]

| Jaar | Gem. prys betaal aan produsente ( per lb). | |
|---|---|---|
| | d | |
| 1922-23 | 5.14 | |
| 23-24 | 5.35 | |
| 24-25 | 5.11 | |
| 25-26 | 6.27 | |
| | | instelling van verpligte koöperasie |
| 26-27 | 10.14 | |
| 27-28 | 6.18 | |
| 28-29 | 4.01 | |
| 29-30 | 5.19 | |
| 30-31 | 5.03 | |
| 31-32 | 5.92 | |

In 1932 begin die langtermynprysstyging wat in 1950 nog nie sy hoogtepunt bereik het nie.[2]

Interessant in verband met bogenoemde krisis waarmee die M.K.T.V. te kampe gehad het, is die invoer van tabak vanuit die Rhodesiës. Die groter in-

1. U.G. 16/1934, 102
2. Die tabakpryse is in 1939 vasgepen. Toe was die gemiddelde prys vir alle grade 13 pennie. Hierna is jaarliks net 'n persentasie toevoeging tot die prys gedoen en in 1950 het dit 68 persent beloop. (Verslag van die Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid, 30 Apr. 1951, 7 en bylae A en B.).

voer hou verband met die lae tabakpryse in Engeland en die hoë pryse in die Unie, maar dit is ook moontlik dat die fabrikant in die Unie die geleentheid gebruik het nie net om goedkoop tabak te bekom nie, maar daarin ook 'n strydmiddel teen die ontwikkeling van die Koöperasie gesien het. Dit is baie duidelik dat die invoer gedurende 1927-29 heelwat bo die gemiddelde was en dit was des te nadeliger vir die tabakbedryf in die Unie omdat ons toe reeds in ons eie behoeftes voorsien het. Die gevolg was dat verdere vertoë tot die Regering gerig is, en in 'n nuwe doane-ooreenkoms met die Rhodesië is die invoer van tabak tot 2,800,000 lb per jaar beperk.

<u>Invoer vanuit Rhodesië</u> 1)

| Jaar | lb. |
|---|---|
| 1921 | 3,188,615 |
| 22 | 2,810,195 |
| 23 | 4,576,263 |
| 24 | 5,581,095 |
| 25 | 2,835,802 |
| 26 | 3,565,532 |
| 27 | 8,628,696 |
| 28 | 5,336,994 |
| 29 | 8,830,916 |
| 30 | 2,646,693 |
| 31 | 2,800,000 |

Die krisisjaar het nog 'n ander leemte in die reëling van die tabaknywerheid aan die lig gebring. Dit het naamlik geblyk dat toe die koöperasie met 'n surplus opgeskeep sit en nie eintlik kans sien om tabak van sy lede in te neem nie, die tabakprodusent, wat in streke woon waar verpligte koöperasie nie van toepassing was nie, 'n geredelike afset vir hul pro-

1. U.G. 16/1934, 103

duk gehad het. Om hierdie leemte te vul, is die Tabakreëlingswet van 1932 aangeneem. Die wet wat veral op aandrang van die koöperasies aangeneem is, het 'n meer eweredige verspreiding van surplusse ten doel. Volgens die wet word daar 'n uitvoerkwota vir alle streke vasgestel, en waar daar nie verpligte koöperasie is nie, rus die las om die kwota uit te voer op die handelaar of fabrikant wat die tabak aankoop. Die handelaars was nie in 'n posisie om tabak vir die buitelandse mark voor te berei nie en het aankope dus gestaak. Ook die fabrikante het weens die swak oorsese mark nie die verantwoordelikheid wou aanvaar nie en gevolglik net van die Koöperasies gekoop, wat toe die hele verantwoordelikheid moes dra. Die werklike uitwerking van die Tabakreëlingswet van 1932 was dus eintlik 'n toepassing van verpligte koöperasie op die hele land. Dit is ook weerspieël in die verkopings van die M.K.T.V. aan fabrikante, wat vanaf die tydperk 1 April tot 30 November 1932 van 2,389,918 tot 6,517,365 lb. vir die ooreenstemmende tydperk in 1933 geklim het.[1]

Behalwe die foutiewe prysbeleid wat die M.K.T.V. met die instelling van verpligte koöperasie ingevoer en wat onmiddellik reperkussies veroorsaak het, het dit ook in die begin 'n ander swak beleid gehandhaaf wat nie onmiddellik aandag getrek het nie. Die swakheid is naamlik dat die prysbeleid dus produsente nie aangemoedig het om tabak van 'n goeie gehalte te kweek nie, maar hulle alleen op

1. U.G. 16/1934, 104.

hoeveelheid te laat toespits. Gevolglik het 'n toestand ontstaan wat die M.K.T.V. genoop het om 'n ooreenkoms met die fabrikante aan te gaan waardeur laasgenoemde verplig is om vir elke bepaalde tabak van 'n goeie gehalte ook 'n vasgestelde hoeveelheid tabak van 'n swak kwaliteit te koop. Dit het op sy beurt weer meegebring dat die verbruikerspubliek van Suid-Afrika gewoon geraak het aan tabakprodukte van 'n lae gehalte en dat die aanvraag na hoë kwaliteit tabak steeds verminder het. Hierdie beleid is gelukkig verander deur die gaping in dieprys vir verskillende grade tabak so wyd te maak dat die produsent daarna sal streef om 'n produk van 'n hoë kwaliteit te kweek. Onlangs het een van die vervaardigingsmaatskappye selfs bekers geskenk wat jaarlikse aan die produsente van die hoogste gehalte tabak kweek toegeken word.

Dit blyk dus dat die M.K.T.V. in die begin 'n opdraande stryd gevoer het en dat drastiese stappe gedoen moes word om dit te red[1] maar tog reken ons dat dit sy bestaan regverdig soos uit die verdere bespreking sal blyk.

(ii). <u>Doelstellings:</u>

Soos baie duidelik uit die verdere bespreking sal blyk, stel die M.K.T.V. hom ten doel om op allerlei wyse sy lede te dien.

---

1. Hier word verwys na die verskillende wette en veral die Wysigingswet 1925 op Koöperatiewe Verenigings waardeur ~~produsente~~ die vryheid van bemarking ontse is.

Die vernaamste oogmerk van die Vereniging is om die tabakoes van sy lede te bemark, hetsy onverwerk of gedeeltelik verwerk. In verband met die verwerking van tabak het lede al baie by vergaderings daarop aangedring dat die Koöperasie self 'n fabriek moet oprig om die tabak te verwerk. Die bestuurders, en veral wyle mnr. de Kock, het hierdie voorstel nog altyd heftig teengestaan, maar sonder om die lede regtig te oortuig dat dit nie wenslik en ook nie moontlik is nie. Hierdie weiering het baie produsent laat vermoed dat daar 'n ooreenkoms bestaan tussen die M.K.T.V. en die fabrikante dat indien laasgenoemde aan sekere voorwaardes voldoen, eersgenoemde hom nie op die vervaardigingsterrein sal begeef nie.

Die M.K.T.V. stel hom ten doel om landbougereedskap en -masjinerie, saad, bemestingstowwe en ander boerderybenodigdhede ten behoewe van die lede aan te koop.

Die posisie volgens die statute van oprigting is dus dat die vereniging nie benodigdhede aankoop nie tensy die lid spesifiek daarom vra. Sodanige aankope geskied dan ook alleen indien die koopprys van die artikel op die lid se tabakoes verhaal kan word. Hierdie bepaling word egter nie streng toegepas nie, veral nie ten opsigte van kleinighede waarvan die Vereniging gewoonlik 'n klein voorraad het.

Daar is aanvanklik ook gereken om winkels

op 'n koöperatiewe grondslag verkry moet word ten einde tabakprodukte van die hand te sit. Hierdie doelstelling is maar idealisties as wat dit van enige praktiese betekenis kan wees, omdat die afset van tabakprodukte so algemeen is dat geen doel gedien kanword deur kleinhandelsake spesifiek vir die doel in die lewe te roep nie. Die Vereniging het danook geen sodanige winkel onder sy beheer nie.

Die Vereniging stel hom ten doel om die oeste en landboumasjinerie op 'n koöperatiewe grondslag te verseker of om as agent van sy lede op te tree ten opsigte van sodanige versekering.

In hierdie vertakking beteken die M.K.T.V. baie vir die boere veral in die omgewing van Brits waar hael jaarliks aansienlike skade berokken. Ten eerste maak die statute daarvoor voorsiening dat lede se tabakoes outomaties teen haelskade verseker is sonder die betaling van 'n regstreekse heffing, mits die lid die vorige seisoen ttabak in kommersiële hoeveelhede aan die vereniging op sy eie naam gelewer het. Indien 'n lid egter vir 'n tydperk van vyf jaar tot die fondse van die Vereniging bygedra het en die vorige jaar nie tabak kon lewer nie weens oorstromings, droogtes, hael of vuur, kry die lid vir die daaropvolgende jaar vry dekking van sy oes, mits hy sy tabakoes soos voorgeskryf registreer. Die dekking word bereken op die waarde van die vorige jaar se oes wat ingelewer is en al wat

nodig is, is om die oes te registreer en 2/6 te betaal vir bestryding van administrasiekoste. Wanneer hael die tabak beskadig, moet die Vereniging onmiddellik in kennis gestel word en takseateurs word dan gestuur om die skade vas te stel. Eise word alleen ten volle betaal indien die versekeringspoel sterk genoeg is.

Behalwe hierdie voordele ten opsigte van versekering van oeste teen haelskade, het die Tabak Hael Assuransie Ko-operatiewe Maatskappy, beperk in 1938 tot stand gekom grootlike deur die beywering van die M.K.T.V. Soos die naam aandui, is dit 'n maatskappy op koöperatiewe grondslag met beperkte aanspreeklikheid. Deur aandele te koop, word enige bona fide boer lid van die Vereniging en is hy geregtig om sy tabakoes teen haelskade te verseker. Die totale bedrag van die versekering bepaal die hoeveelheid aandele wat 'n lid moet besit. Vir die eerste £200 assuransiewaarde of deel daarvan moet hy een aandeel besit en 'n verdere aandeel vir elke £100 assuransiewaarde of deel daarvan. Die prosedure wat gevolg word om die skade vas te stel, is min of meer dieselfde as die van die M.K.T.V., behalwe dat die maksimum eis nie meer kan beloop as waarvoor verseker is nie. Indien die oes totaal vernietig is nie word een kwart van die skade afgetrek as verteenwoordigende besproeiing, skoffel, afoes, ens., en ander koste wat nie deur die boer betaal is nie, maar wat hy sou moes betaal indien die oes nie vernietig is nie.

Indien die oes so vroeg in die seisoen vernietig is dat nog 'n oes weer ingesit kan word, word die eiser net vergoed vir alle redelike koste aangegaan ten opsigte van die vernietigde oes en word die nuwe oes verseker sonder enige verdere fooi te betaal.

Die Vereniging doen ook alles in sy vermoë om inligitng aangaande boerderymetodes en die afsetmoontlikhede van tabak aan lede te verstrek. So byvoorbeeld word daar aan die begin van die seisoen en wanneer nodig die boere op hoogte gehou met die moontlikhede van die nuwe oes, watter tipe tabak in aanvraag is en dus deur die boere geplant moet word. Die Vereniging lewer egter nie persoonlike voorligtingsdiens nie, omdat dit deur die personeel van die Tabaknavorsingstasie op Rustenburg gedoen word. Op die nedersetting op Brits word die werk deur die amptenare van die Departement vanLande verrig.

(iii). Voorskotte aan Lede.

Die vereniging koop nie die produkte van sy lede nie, maar dit onderneem om die tabak te gradeer, te fermenteer en namens die lid van die hand te sit. Daar verloop dus heelwat tyd vanaf die datum waarop die lid sy produk aan die Vereniging lewer, en die datum waarop dit werklik van die hand gesit word. Voorsiening word egter gemaak vir die waardering van die tabak wanneer dit ingelewer word en op alle sodanige aflewerings kry die lid onmiddellik 'n voorskot van 75 persent van die waardasie van die afgelewerde tabak. Om hierdie voorskotte te doen, en ook om die administrasie aan die gang te

hou, is die Vereniging volgens sy statute gemagtig om geld te leen. Verdere voorskotte geskied by wyse van leweransierskrediet omdat lede benodigdhede op skuld kan koop en afbetaal wanneer hulle hul oes inhandig.

Die 25 persent wat met die aflewering van die oes nie aan die lid uitbetaal word nie, dien as reserwe vir die Vereniging indien die produk nie die waardasie met aflewering behaal nie of ingeval die Vereniging 'n verlies ly, wat ook al die oorsaak daarvan mag wees. Ingeval van verliese is die lede verantwoordelik, afsonderlik en gesamentlik, vir enige skuld van die Vereniging. Hul verantwoordelikheid is dus onbeperk. Behaal die oes meer as die 75 persent wat aan die lid uitbetaal is, word dit, nadat die nodige voorsiening vir reserwes en administrasie gemaak is, by wyse van agterskot aan lede uitbetaal. Die reël is egter dat die werklike verkoopsprys van die oes veel hoër is as die waardasie wat gewoonlik op konserwatiewe wyse gedoen word, en dat die agterskot veel meer as die teruggehoue 25 persent beloop.

Die agterskot word gewoonlik in Mei van die volgende jaar uitbetaal. Dit dien dus as 'n soort reserwe vir die lede omdat hulle tot op daardie stadium reeds veel onkoste moes aangaan vir nuwe oeste, maar nog nie veel tabak gelewer het nie. Met die uitbetaling van die agterskot op die verskillende sentra word dan ook die jaarlikse ledevergaderings gehou, waarop die bestuurder die posisie van die M.K.T.V. skets en die algemene toestand in die tabak-

nywerheid skets. Op Brits, net soos op ander sentra, is hierdie agterskotdag uiters belangrik, nie net vir die boeregemeenskap nie, maar inderdaad vir almal wat maar enigsins iets het om van die hand te sit of op een of ander manier fondse wil insamel. Alle moontlike ruimte langs die hoofstraat is dan vol motors, plaasmasjinerie ens., en welsynsorganisasies en kerke probeer altyd om 'n basaar of verkoping op hierdie dag of sou gou moontlik daarna te hou. Dit is dan ook die drukste dag wat die dorp beleef, omdat 'n kwart van die distrik se inkomste op een dag uitbetaal word. Geen wonder dus dat die banke tot laat saansvir die publiek oopbly nie. Die winkels sluit agter op die gewone tyd.

Behalwe die voorskot en die leweransierskrediet kan die Vereniging ook nog kontant aan lede voorskiet, maar alleen teen die sekuriteit van sessie van die verwagte agterskot. Sodanige lenings aan lede kan dus uit die aard van die saak nie te groot wees nie, maar bied tog 'n uitkoms aan lede wat andersins nie gehelpe kan raak nie.

(iv). <u>Uitvoer.</u>

Sedert die moeilike tydperk in 1928 probeer die M.K.T.V. naarstiglik om 'n oorsese mark vir ons tabak te vind, maar nieteenstaande die verskillende bestuurders agtereenvolgens met die doel oorsee is, is daar nog geen sukses behaal nie. Die oorsaak is geleë in die soort tabak wat in die Unie gekweek word en in smaak sterk verskil van die Amerikaans-gekweekte tabak waaraan die Europese lande gewoon is. Vanaf

1951-52 het die M.K.T.V. boere verplig om van die ou gevestigde Amarelo tabaksoort oor te slaan na Orinoco, die tabak wat met die Amerikaanse ooreenstem en waarvoor daar wel 'n oorsese mark gevind kan word. Boere het vroegtydig kennis gekry dat Amarelo nie gekoop sal word nie en dat boere hulle op die nuwe soort moet toelê. Die nuwe tipe sal surplusse en oorproduksie in die toekoms op twee maniere kan voorkom. Eerstens lewer hierdie tipe tabak nie soveel blaar as die Amarelo nie en aan die ander kant sal die boere aan die begin ook moeilikheid ondervind met die kweek daarvan, met die gevolg dat gedurende die eerskomende paar jaar die totale opbrengs heelwat benede die gemiddelde sal wees. Tweedens kan die tabak oorsee van die hand gesit word en op die manier kan die tabaknywerheid met gerustheid die toekoms tegemoet gaan.

Dit blyk dus dat die boere in die M.K.T.V. 'n magtige organisasie het om hul belange te behartig en in die uitbouing van hierdie Vereniging het Brits as een van die grootste tabakprodusseerders in Transvaal 'n groot aandeel gehad.

## 4. Koring.

### Die Magaliesbergse Koring Koöperatiewe Maatskappy, Beperk.

Hierdie koöperatiewe maatskappy, soortgelyk aan die M.K.T.V. sover dit koring betref, is in 1930 deur die boere van Brits in die lewe geroep. Teen hierdie tyd moes die produsente van koring, wat ook tabakkwekers is, reeds bewus gewees het

van die swakhede van koöperasies om prysverhogings te verkry en het die bykomstige dienste soos die hantering van bemarking van die oes, voorskotte en die lewering van boerderybenodigdhede die deurslag gegee. Ons sal nie hier in besonderhede op die statute van doelstellinge ingaan nie, omdat dit in hoofsaak dieselfde is as die van die M.K.T.V., maar natuurlik net ten opsigte van koring. In teenstelling met die M.K.T.V. maak die Maatskappy egter nie voorsiening vir versekering teen haelskade nie, alhoewel dit as agent vir lede optree wanneer hulle hul koring wil verseker. Hierdie Maatskappy vul die M.K.T.V. ook pragtig aan in soverre dit in die streek van die Magaliesberg die leweransier van landbou- en boerderybenodigdhede is en ook 'n groot en uitgebreide kleinhandelsafdeling daarop nahou.

Ewe as die M.K.T.V. openbaar die Maatskappy groot groeikrag. Waar die totale omset in 1936 naastenby £23,600 beloop het, was dit in 1951 ongeveer £698,500. Die omset in landbougereedskap en boerderybenodigdhede het veral vanaf 1942 sterk toegeneem, soos in die syfers vir 1939 en 1951 weerspieël word, naamlik £10,000 en naastenby £250,000 respektiewelik.[1)]

Dit is die beleid van die Maatskappy om nie groot winste te maak nie, maar om die voordeel van lae pryse aan lede te gee. Nieteenstaande die feit dat die Maatskappy as agent van die Koringbeheerraad

---

1. Wolfaardt - Die ontstaan en groei van die Magaliesbergse Koring Koöperasie Bpk. in van Riebeeckfees-Gedenkuitgawe,

sedert 1938 nog dieselfde hanteringsfooi tot 1949 ontwang het, is daar behalwe in 'n paar gevalle, tog redelike winste getoon en het die diwidente op die kapitaal van 5 tot 7½ persent beloop.

Vir die betere hantering van die belange van die koringprodusente het die Maatskappy in die dertiger jare 'n sentrale koringkoöperasie gestig, naamlik S.A.S.K.O., wat as mondstuk moes optree en ook die maalfunksie moes vervul, en hiervan het die Magaliesbergse Koöperatiewe Maatskappy ook lid geword. Ook is affiliasie verkry tot die Vrystaatse en Transvaalse Sentrale Aankoopskoöperasie beperk, wat, soos die naam aandui, landbougereedskap op groot maat aankoop vir verskaffing aanlede-koöperasies. Verder is die Maatskappy lid van die Transvaalse Lewende Hawe Koöperasie Beperk, deur watter liggaam die slagvee van sy lede bemark word.[1)]

Ten einde die belange van die koringboere in koöperasies in die algemeen te bevorder, is die Maatskappy by die Transvaalse en Suid-Afrikaanse Landbou-unie geaffilieer, asook by die Transvaalse sirkel van Graankoöperasies. Laasgenoemde liggaam word by die vasstelling van graanpryse deur die Regering geraadpleeg.

Dit blyk dus dat die Maatskappy baie gegroei het en dit kon alleen geskied indien dit deeglike diens aan lede lewer en so hul trou behou. Hierdie

1. Wolfaardt - Die Ontstaan en groei van die Magaliesbergse Koringkoöperasie, Bpk, in van Riebeeckfees-Gedenkuitgawe.

Maatskappy doen dan ook alles in sy vermoë, soos sy wydvertakte kontakte aantoon, om die beste aan sy lede te lewer. Die besproeiingskema het dus nie net die water en grond vir nedersetting moontlik gemaak nie, maar indirek ook gesorg vir die totstandkoming van lewenskragtige afsetorganisasies waarin die boer leer om saam te staan en saam te werk.

5. Slot.

Uit bostaande bespreking blyk dit dat die vernaamste produkte, naamlik tabak en koring, deur bepaalde kanale van die hand gesit word, en dat die ontwikkeling van die koöperasies baie tot die gesonde ontwikkeling van die streek bygedra het. Indien die distrik na ander produkte soos groente en vrugte sou oorslaan, kan 'n mens verwag dat ook vir hierdie produkte weldra koöperasies sal verrys. Die ander produkte van die streek word deur indiwidue sonder veel moeite bemark, omdat omstandighede, veral aanvraag en aanbod, in hul guns is.

- - - - - - - - - - - -

# A F D E L I N G C

Algemene Inleiding tot Afdeling C.

Hierdie afdeling sal bestaan uit hoofstukke Vll, Vlll en lX. Hierin sal aangedui word in watter opsigte, veral deur die Departement van Lande, die werksaamhede op die nedersetting aangevul kon word ten einde dit op 'n beter grondslag te plaas.

Hoofstuk Vll handel oor die voordele van 'n boekhoustelsel vir boere en die wenslikheid dat die Departement so 'n stelsel daar kon aanmoedig en die boere daarin kon laat belangstel. Voorbeelde van eenvoudige maar tog baie bruikbare state word gegee en sterk aanbeveel. Die doel daarvan is nie om die boer in staat te stel om al die werkinge van sy boerdery te wete te kom nie, maar om sy belangstelling in die boekhouding te wek. Ons is oortuig dat indien die boer eers daarin geinteresseerd is en dit toepas, hy later self die tekortkominge sal insien en aanvul. Eenvoudige voorbeelde soos hier uiteengesit, kan dus tog 'n nuttige doel dien.

Hoofstuk Vlll handel oor die toepassing van tyd- en bewegingstudies in die landbou. Hierdie studies word vry algemeen in die industrieë toegepas, maar Europese lande en die V.S.A. het getoon dat dit ook met vrug in die landbou toegepas kan word. Die studies staan in die landbou as vereenvoudiging van werkverrigtinge bekend, 'n benaming wat die aard daarvan goed aandui. Die grondliggende gedagte is om alle onnodige bewegings met die verrigting van 'n bepaalde taak uit te skakel. Sodoende word die werk versnel en tyd bespaar.

Hoofstuk lX handel oor die meganisering en elektrifisering van die landbou en die wenslikheid en tekortkominge daarvan.

# A F D E L I N G   C

## Kritiek en Aanbevelings.

## Hoofstuk Vll.

## Boekhou vir Boere.

### 1. Inleiding.

In seker geen ander bedryfvertakking word boekhouding so verwaarloos as in die boerdery nie. Hierdie verskynsel het blykbaar 'n historiese agtergrond en die belangrikste redes vir die afwesigheid van die toepassing van 'n bepaalde stelsel is die volgende:

(i). Die boerdery was aan die begin baie eenvoudig en in die reël selfversorgend, sodat die byhou van gegewens nie nodig was nie. Ons vind egter dat nieteenstaande die groot vooruitgang wat die boerderybedryf in die afgelope eeu en meer gemaak het en veral sedert die begin van die huidige eeu in Suid-Afrika, bly die boeregemeenskap baie konserwatief en het die boekhouding nog nie veel verder as die byhou van 'n aantekeningboek ontwikkel nie. Laasgenoemde is egter nie af te keur nie en kan saam met 'n boekhoustelsel gebruik word, maar aangesien die boerdery vandag wel deeglik 'n sakeonderneming is, is dit vanselfsprekend dat die boer ook 'n boekhoustelsel

daarop moet nahou wat as bron van inligting en maatstaf vir optrede in sy onderneming kan sien.

(ii). Nog 'n ander rede wat ons kan aanvoer vir die afwesigheid van 'n boekhouding is die feit dat algemeen gespreke, die boere nie van „boekwerk" hou nie, al sou hy ook nog in die besonderhede van sy boerdery belangstel. Hy is gewoonlik tevrede indien hy weet dat hy 'n batige saldo in die bank het en die sukses van sy boerdery word volgens die wisseling van sodanige balans gemeet. Boekhouding is dus onnodig, so word geredeneer, omdat die boer die sukses van sy boerdery sonder die ekstra „beslommernis" tewete kan kom. Almal wat egter enigsins met landbounavorsing te doen het, is daarvan oortuig dat die byhou van een of ander boekhou-stelsel noodsaaklik is. Die boere moet van die noodsaaklikheid oortuig word en om hulle tot daadwerklike optrede oor te haal, moet aan hulle 'n stelsel gegee word wat baie eenvoudig en maklik toepasbaar is, maar wat nietemin 'n redelike mate van inligting sal verstrek, veral ten opsigte van sy uitgawe en inkomste.

(iii). Nog 'n rede waarom boere nie boekhou nie, is omdat in so baie gevalle alleen een bepaalde boerderyvertakking beoefen word en alle inkomste en uitgawe aan die vertakking toegeskryf word. Die boere verloor egter uit die oog dat sodanige boerdery hom die maklikste tot boekhouding leen en dat dit ewe noodsaaklik is as vir ' gemengde

boerdery.

2. Voordele van 'n Boekhoustelsel.

'n Boer sal, voordat hy tot die byhou van 'n boukhoustelsel oorgaan, graag verneem wat die voordele daarvan is, en daarom beklemtoon ons die vernaamste voordele hier:

(a). Die gegewens van die vorige jaar kan geneem word en daarvolgens kan vooruit begroot word ten einde die boerdery, indien moontlik, beter te beplan. Professor Andrew Boss skryf dat sodanige gegewens kan dien "as a basis for making trial budgets of different combinations of his farm enterprises and forcasting probable results before setting upon his yearly production program to probable labor and power supplies and to estimate in advance and provide for needed feed an material requirements. Study of the result of past operations will reveal the weak and the strong enterprise that enter into his farm orginization plans and contribute to the net income. Knowledge thus gained should result in a steady improvement in efficiency of production." [1] Op grond van die verlede bou die boer dus sy toekomsplanne en dit kan hy alleen goed doen indien hy alle nodige gegewens het, en dit kan hy alleen deeglik byhou deur 'n sistematiese boekhoustelsel. Indien hy die rekords nagaan, merk hy sekere bedrae wat voorkom

1. Boss:"Forty Years of Farm Cost Accounting Record cords", - Journal of Farm Economics,

asof hulle buite alle verhouding tot die algemene gang van die bedrywighede is, en deur te beplan, kan hy vasstel of hy in staat is om byvoorbeeld koste-items wat baie hoog is, te verminder. Ook kan hy probeer om die gewone roetine te verander ten einde die opbrengs te vermeerder. Dit is egter alleen die boekhouding wat moontlike swakhede kan openbaar.

(b). Bogenoemde voordeel geld veral die eenbedryf-boerdery. Kom ons egter by 'n boerdery-onderneming waar verskeie boerderyvertakkinge beoefen word, is daar nog 'n volgende ooglopende voordeel. Eerstens kan deur 'n ontleding vandie gegewens afgelei word watter vertakking die meeste wins afwerp.[1] Indien byvoorbeeld gevind word dat die varke-afdeling die grootste nettowins gelewer het, weet die boer dat dit die vertakking is waaraan hy steeds deeglike aandag moet gee. Is die pluimvee-afdeling die swakste, moet hy homself afvra waarom dit so is en op die moontlikhede ingaan om die resultate te verbeter. Die stappe wat onder (a) aanbeveel is, moet dan ook hier gedoen word. Nadat aan die individuele vertakkinge aandag geskenk is, moet die kombinasie vertakkings in oënskou geneem word. Die verskillende vertakkings mag die volgende wees: Akkerbou, varke, pluimvee en suiwel. Deur die gewasse wat gekweek word deur ander gewasse te vervang, byvoorbeeld meer groente en minder lusern, kan die totale opbrengs moontlik vermeerder word. Na die verande-

---

1. Black: Farm Management, 467

ring mag dit blyk dat die varke nou 'n heelwat groter wins afwerp, terwyl die opbrengs van die akkerbou-afdeling min of meer dieselfde is as voorheen. Op hierdie manier kan 'n ontleding van die gegewens in die boekhoustelsel stelselmatig tot nuwe kombinasies, proefneming en verbetering van die boerdery lei.

(c). Die boer probeer gewoonlik om sy wins te vermeerder deur sy opbrengs te vergroot. Dat dit 'n metode is wat in baie gevalle die gewenste resultaat lewer, wil ons nie betwis nie, maar die vermindering van die produksiekoste om die wins te verhoog, kan in sommige gevalle doeltreffender wees en is ook die enigste en werklik doeltreffende en aan te bevole metode.

(d). 'n Boekhoustelsel stel die boer in staat om presies vas te stel wat sy bates en wat sy laste is en deur laasgenoemde van eersgenoemde af te trek weet hy presies wat sy posisie is. Dit kan hom byvoorbeeld goed te staan kom wanneer hy om een of ander rede 'n lening wil aangaan. Dan sal dit nie nodig wees dat alles eers moet waardeer word nie, omdat hy reeds oor die gegewens wat op wetenskaplike grondslag saamgestel is, beskik.

(e). 'n Laaste voordeel wat ons hier wil beklemtoon, is miskien meer van indirekte aard, maar daarom nie van minder betekenis nie. Ons bemarkingswet maak vir die instelling van beheerrade voorsiening wat die prys van die produk vasstel wat hulle beheer. Hierdie vasstelling van produktepryse kan nie op 'nlosse voet geskied nie en die

aangewese persone om die nodige inligting te verstrek om die beheerraad in staat te stel om 'n billike prys vas te stel, is die boere. Nou gebeur dit agter dat die boere nie oor die nodige besonderhede beskik nie en tog is hulle die eerste om die Rade vir die vasstelling van pryse te blameer ,wat nie die produksiekoste dek nie."

Dit is dus noodsaaklik dat die boere 'n boekhoustelsel daarop sal nahou, nie net vir hul eie gebruik nie, maar ook as 'n bron van inligting vir die verskillende regeringsdepartemente wat by die boerdery belang het asook navorsers wat graag een of ander boerderyprobleem wil ondersoek. Geen studie kan deurgevoer word indien die nodige inligting nie bekombaar is nie, en deur nie boek te hou nie, vertraag die boere enige navorsing wat in hul belang gedoen moet word. Kosteontleding kan byvoorbeeld deur plaaslike ondersoeke gedoen word, maar in die meeste gevalle word inligting oor 'n aantal jare vereis ten einde tot enigsins betroubare gevolgtrekkings te geraak, en gewoonlik sal sodanige inligting van die boere verkry kom word indien hulle maar in hul eie belang gegewens oor die boerdery wou boekstaaf.

3. Voorgestelde Boekhoustelsel.

Dit is ons beskeie mening dat die Departement van Lande op die nedersetting op Brits en ook op ander nedersettings 'n gulde geleentheid laat verbygaan het om die boere in hierdie noodsaak-

like sy van die boerdery te onderrig. Dit is des te meer jammer omdat die Departement op so 'n nedersetting so 'n gulde geleentheid daartoe het omdat die nedersetter aan die begin so afhanklik van die Departement is en opdragte van laasgenoemde gereeld uitvoer. Dit sou ook maklik wees om die stelsel te begin, want die nedersetter kry die benodigdhede van die Departement en kon laasgenoemde baie maklik met die opstelling van die boeke behulpsaam gewees het. Die goedere wat op voorskot verkry word, kan meteens op 'n inventaris geplaas en aangevul word met wat die nedersetter self besit. In hierdie opsig kon die inspekteur van die Departement behulpsaam gewees het. So ook kon die Departement dit as 'n vereiste gestel het dat hulle sekere state soos 'n inkomste- en uitgawestaat en 'n arbeidsregister daarop moet nahou. Hierdie paar state kon dan die kern gevorm het van 'n stelsel wat stadig uitgebou word namate die omstandighede dit wenslik maak. Ons wil dus aan die hand doen dat die Regering op enige nedersettingskema waarmee hy nog besig is of in die toekoms besig sal wees, 'n boekhoustelsel as vereiste sal stel. Indien al die nedersetters 'n boekhoustelsel het, sal hulle, alhoewel teensinnig, tog later die waarde daarvan insien en 'n aansteeklike kern vir die privaat boere in die omgewing vorm. Namate hulle ook meer met die byhou van die boeke vertroud raak, sal hulle weldra die tekortkominge van die stelsel besef en vanself aanvul waar nodig.

Omdat ons oortuig is dat so 'n stelsel baie ...

eenvoudig moet wees, maar tog so ver moontlik die vernaamste gegewens moet registreer, doen ons die volgende stelsel aan die hand, wat met moontlike veranderinge toegepas kan word. Dit sal die volgende state insluit:

(a) Inventaris.

Die eerste staat is die inventaris, waarin al die kapitaaltoerusting soos geboue, masjinerie, trekkers, motors, ens. asook hul waarde of koopsom aangeteken word. Dit is dus 'n voorraadstaat ten opsigte van die geboue en boerderymasjinerie. Die vorm wat ons vir hierdie staat aanbeveel, is soos volg. Dit moet minstens vier kolomme hê, maar hoe meer die kolomme des te beter omdat iedere kolom bo vier die tydperk wat die staat gebruik kan word met 'n jaar verleng. Die eerste kolom bevat die item wat ingeskryf word, byvoorbeeld GEBOUE; die tweede kolom word gebruik om die waarde van die item met die opstel van die staat in te skryf. Indien die waarde van die geboue £5,000 is dan word hierdie bedrag teenoor GEBOUE in die tweede kolom gesit. Die waarde van hierdie goedere verminder egter namate hul gebruik word en vir hierdie waardevermindering moet voorsiening gemaak word. Gerieflikheidshalwe doen ons dit sommer ook in hierdie staat en daarvoor gebruik ons die derde kolom. Die geboue sal byvoorbeeld elke jaar met slegs 'n klein persentasie in waarde verminder teenoor byvoorbeeld 'n trekker waarvan die waardevermindering persentasiegewys baie meer sal wees. Indien ons

die waardevermindering van die geboue op £50 stel, dan kom hierdie bedrag in kolom drie teenoor die Geboue. Die vierde en volgende kolomme word dan gebruik om die waarde van die bepaalde item in die daaropvolgende jare aan te dui. As ons die inventaris in 1950 opgestel het dan is die waarde van die geboue in 1951 £4,950 en in 1952 £4,900 soos blyk uit kolomme vier en vyf. Die volgende is 'n voorbeeld van so 'ninventaris waarin die verskillende items aangedui word asook die waardeverminderings wat jaarliks afgetrek word:

| Item | Koopsom of waarde - 1950 | Waardevermindering p.a. | 1951 | 1952 |
|---|---|---|---|---|
| | £ | £ | £ | £ |
| Geboue | 5,000 | 50 | 4,950 | 4,900 |
| Trekker | 640 | 100 | 540 | 440 |
| Ploeë | 250 | 40 | 210 | 170 |

Uit die voorbeeld blyk dit duidelik dat die waardevermindering van die verskillende items baie van mekaar verskil. Dit is egter 'n logiese gevolg van die geaardheid van die gereedskap wat meebring dat die een baie langer gebruik kan word as die ander Die waarde van die item kan egter baie maklik van jaar tot jaar vasgestel word en ook kan die totaal van die waardevermindering wat jaarliks afgeskryf word, ook maklik vasgestel word deur slegs die bedrae in kolom drie op te tel.

'n Werktuig soos byvoorbeeld 'n trekker of 'n vragmotor se waarde verminder egter nooit tot nul nie en sal die waarde van die trekker moontlik vir 'n aantal jare op £40 bly staan, eers wanneer dit van die hand gesit word as van geen nut meer nie of

afgetakel word, haal ons dit van die inventaris. Sodra die waardevermindering van 'n bepaalde item nie meer in berekening gebring word nie, moet dit op die inventaris netjies deurgehaal word anders mag dit baie maklik in die volgende jare nog ingereken word in die totaal.

Wanneer 'n nuwe artikel aangekoop word, word dit net onder die ander ingeskryf. Op die manier kan die een staat vir baie jare gebruik word.

(b). Lewende Hawe-Register.

Net soos ons 'n staat het waarop ons die kapitaaltoerusting op die plaas aanteken, so moet ons ook 'n staat hê waarop ons van die lewende hawe boekhou. Die doel van die twee state is dieselfde maar hulle verskil van mekaar in die opsig dat vir elke tipe lewende hawe daar 'n aparte register gehou moet word, byvoorbeeld een vir beeste een vir skape, een vir pluimvee, ens., omdat ons maklik die posisie van byvoorbeeld die beeste wil vasstel sonder om telkens met gegewens van skape of hoenders te doen te kry. Die vorm wat die staat aanneem is ook effens anders omdat die diere byvoorbeeld nie waardeverminderinge ondergaan nie,

met die gevolg dat ons hul waarde van jaar tot jaar weer opnuut moet vasstel, maar tog wil ons dit wat in die loop van die jaar gebeur, vaslê, veral in soverre dit aankope, verkope en verliese aangaan. Die staat sal soos volg daar uitsien:

| Datum | Item | Opmerkings | Aantal | Waarde | Verliese. |
|---|---|---|---|---|---|
| 1950 | | | | £ | £ |
| Jan. | Melkkoeie | - | 20 | 800 | - |
| " | Osse | - | 16 | 320 | - |
| " | Jong beeste | - | 6 | 60 | - |
| Apr. | Osse | Gifblaar | 2 | - | 32 |

Uit die ontleding van die bostaande blyk dan die volgende: Die staat is in Januarie 1950 opgestel en toe het die boer 20 melkkoeie, 16 osse, en 6 jong beeste gehad. Die waarde van elke groep is bereken en daarteenoor ingeskryf. In April het hy skade gely toe twee van sy osse gevrek het as gevolg van gifblaar. Hierdie verlies word in die laaste kolom aangeteken. Indien die boer in die loop van die jaar beeste sou aankoop, sou hul op die bepaalde datum ingeskryf word op dieselfde manier as die ander diere aan die begin van die jaar. Hierdie register moet agter elke jaar weer opnuut saamgestel word omdat nie net die waarde van die diere verander nie, maar die verskillende groepe moet saamgevat word. Die jong beeste het moontlik ontwikkel tot groot beeste en ook is ander bygekoop en almal word dan saamgevat in een item in die nuwe register. 'n Vergelyking tussen die state van die verskillende jare gee dus aan die boer 'n beeld van die veranderde posisie van sy trop.

(c). Arbeiderregister.

Die grootste enkele koste-item op die plaas is die ten opsigte van arbeid en 'n arbeidsregister waarop die verskillende arbeiders se name en hul vergoeding voorkom, is dus noodsaaklik. Ons

het hier in gedagte 'n staat wat ons 'n bietjie meer inligting sal gee as net die naam van die arbeider en sy vergoeding. Dit is vir die boer van belang om te weet wat die arbeider elke dag doen, ten einde die koste van sekere produkte te bereken, maar veral vir die navorser en kosteberekenaar is meer volledige inligting as net die maandelikse loon noodsaaklik en dit kan die boer in die voorgestelde register sonder veel ekstra inspanning aanteken. Die staat moet voorsiening maak vir die naam van die arbeider, elke werksdag van die maand, sy dagloon, ander vergoeding ( een of twee kolomme) en die totale loon, natura ingesluit, dit wil se ongeveer 36 kolomme. Vir die doel sal dit nodig wees om 'n folio dwars te draai om genoegsaam kolomme op dieselfde bladsy af te trek, of so nie kan op albei kante van 'n bladsy gewerk word. Op bladsy een byvoorbeeld kom dan die naam van die arbeider en genoeg kolomme om tot die 20ste van die maand voorsiening te maak en op bls. 2 kolomme tot die einde van die maand, die dagloon, rantsoene, ander vergoeding en die totaal. In die kolomme vir die bepaalde dag word dan nie 'n teken gemaak om aan te dui of 'n bepaalde arbeider gewerk of afwesig was nie, maar deur middel van 'n enkele letter word aangedui waar hy gewerk het of waarmee hy besig was. Teenoor Piet se naam sal in byna al die kolomme die letter V voorkom omdat hy verantwoordelik is vir die Varke, maar Klaas sal byvoorbeeld vier agtereenvolgende dae by die koring help en dan weer 'n

hele aantal dae by die Tabak wat in die kolom met 'n K en T aangedui word. Wanneer daar byvoorbeeld bepaal moet word wat die produksiekoste van mielies of koring of 'n ander produk is, kan van die arbeidsregister maklik vasgestel word hoeveel dae elke arbeider aan 'n bepaalde produk bestee het en kan die arbeidskoste baie maklik bereken word. Die register sal dan min of meer as volg daar uitsien:

| | M | D | W | D | V | S ..... | dagloon | Rantsoen | huis | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Klaas | M | M | M | T | T | T | 2/- | 10/6 | 10/- | 3-12-6 |

Die werksdae is aangedui deur 'n enkele letter. Maandag deur 'n M, Dinsdag deur 'n D, ens. Klaas was dus drie dae besig met die mielieoes en drie dae met Tabak. Ons neem aan dat sy register verder aantoon dat hy 26 dae in die maand gewerk het teen 2/- per dag plus 'n rantsoen van 10/6 en dat sy huisvesting teen 10/- per maand bereken word. Sy totale loon is dan £3-12-6 vir daardie maand. Die arbeidskoste tenopsigte van die verskillende produkte word dan net pro rata verdeel, dit wil sê indien hy die helfte van die arbeidsdae aan mielies bestee het, dan word die helfte van sy loon van £3-12-6 aan mielies toegereken.

(d). Opbrengsregister.

Die boer moet rekord hou van sy oeste, sowel van die hoeveelheid as van die opbrengs van elk. Die eerste is maklik genoeg omdat dit 'n sekere aantal sakke of ton mag wees, wat ookal

die inhoudsmaat vir die betrokke produk. Die inkomste daaruit verkry, gaan nie so maklik nie omdat dit verskeie bedrae insluit namate die produk bemark word, maar ook hier is die berekening baie vergemaklik ten opsigte van die produkte wat onder die beheerrade val en dus 'n vasgestelde prys het. 'n 1,000 sak koring kan dan byvoorbeeld onmiddellik bereken word as £2,500 indien die vasgestelde prys vir daardie graad £2-10/- per sak is.

Dit is nodig om ook die hoeveelhede wat vir eie gebruik geneem word, in aanmerking te neem, anders kan die boeke 'n baie skewe beeld van die toestand gee en kan sekere afdelings byvoorbeeld ten onregte 'n groter wins toon. Die boer gebruik byvoorbeeld 300 sak mielies vir sy pluimvee, varke en beeste maar teken dit nie aan nie omdat dit nie verkoop is nie, met die gevolg dat die opbrengs van mielies per morg laer aangegee sal word as wat dit in werklikheid is asook die opbrengs uit mielies, en omdat dit 'n plaasproduk is, word dit moontlik ook nie as 'n uitgaaf by die ander afdelings ingereken nie en is die wins weer daar hoër. Die waarde waarteen produkte vir eie gebruik aangeslaan word, moet teen die markprys bereken word en indien daar nie 'n markprys is nie dan teen produksiekoste.[1]

Vir elke vertakking van die boerdery sal so 'n opbrengsregister gehou moet word en maande-

---

1. Sien v.d.Schroeff: De leer van de Kostprys.

liks of halfjaarliks aangesuiwer word al na gelang van die bemarking van die produkte. Die vorm daarvan is baie eenvoudig en maak voorsiening vir die hoeveelheid, aantal verkoop en die waarde daarvan, hoeveelheid verbruik en die waarde daarvan:

Koringregister

| Hoeveelheid ge-oes | Verkoop | | Eie gebruik | |
|---|---|---|---|---|
| | Hoev. | Waarde | Hoev. | Waarde |
| sak | sak | £ | sak | £ |
| 1,000 | 910 | 2,275 | 90 | 225 |

(e). Kontantboek.

Hierdie boek of staat is vir die boer omtrent die belangrikste en ook die enigste waaraan die meeste boere aandag skenk, alhoewel die vorm daarvan en die metode van opskryf baie verskil. Soos die naam aandui, is dit die boek waarin al die kontantsake opgeskryf word. Dit is dus as 't ware die sleutel tot die boerdery, omdat hierdie boek gou aandui of die kontantgeld uitgeput is en wat die omvang van die voorraad daarvan is. Dit is ook die boek wat die boer help om sy inkomstebelastingvorm in te vul en is die byhou van so 'n boek noodsaaklik. Die vorm wat hierdie boek aanneem, is die volgende: Dit behels twee bladsye elk met twee geldkolomme. Op die linkerbladsy word al die geld wat ontvang word, aangeteken asook enige inbetalinge in die bank, terwyl op die regterbladsy al die gelde opgeteken word wat uitbetaal of uit die bank getrek word.

Linkerbladsy van kontantboek:

| Datum | Ontvangste | Kas £ | s | d | Bank £ | s | d |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1950 | | | | | | | |
| Jan. 4 | Aan G. Venter | 7 | 10 | 6 | | | |
| " 10 | " Hotel-X | 20 | 10 | 6 | | | |
| " 16 | " Bank | | | | 15 | 9 | 6 |
| | | 28 | 1 | 0 | 15 | 9 | 6 |

Regterbladsy van kontantboek:

| Datum | Uitbetalings | Kas £ | s | d | Bank £ | s | d |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1950 | | | | | | | |
| Jan. 4 | Per J. Laas | 3 | 9 | 6 | | | |
| " 11 | " H. Haacke | 7 | 11 | 5 | | | |
| " 16 | " Bank | 15 | 9 | 6 | | | |
| " 31 | " Balanse | 1 | 10 | 6 | 15 | 9 | 6 |
| | | £28 | 1 | 6 | 15 | 9 | 6 |

'n Ontleding van die kontantboek toon die volgende: Op 4 Januarie het die boer £7 10 6 van G. Venter gekry en daarom het hy dit op die linkerblad ingevul. Op dieselfde datum het hy aan J. Laas £3 9 6 uitbetaal en daarom die inskrywing op die regterblad. Op 10 Januarie het hy weer geld van die Hotel-X ontvang en die £20 10 6 ook op die linkerblad ingeskryf. Die volgende dag, 11 Januarie, het hy weer £7 11 6 aan H. Haacke uitbetaal soos uit die inskrywing op die regterblad blyk. Indien hy enige tjeks sou uitgeskryf het, sou dit ook op die regterbladsy ingevul gewees het, maar in die bankkolom. Die volgende inskrywing moet goed nagegaan word, naamlik die op 16 Januarie. Dit toon dat dieselfde bedrag aan albei kante ingevul is, maar met die verskil, naamlik dat waar dit op die regterbladsy as 'n kontantuitgawe voorkom, dit op die linkerbladsy as 'n ontvangste in die bankkolom ver-

skyn; en dit is ook wat gebeur.het. Die boer het gevind dat hy te veel kontantgeld het en besluit om sommige daarvan te bank. Deur dit te doen, het hy sy geld op hande verminder en daarom word dit as 'n uitgawe op die regterbladsy ingeskryf. Vir sy bankrekening is dit 'n ontvangste en daarom word dieselfde bedrag op die linkerbladsy ingeskryf maar wel in die bankkolom.

Aan die einde van die maand of wanneer die boer dit ook al goed vind, word die kontantboek gebalanseer. Die bedrae word opgetel en die verskil tussen die totale van die kaskolomme en die verskil tussen die bankkolomme word vasgestel. In ons voorbeeld was die twee kolomme op die regterbladsy as die totale van die kolomme op die linkerbladsy. Die verskil of balanse word dan aan die kant ingeskryf waar die totaal die minste is sodat wanneer die twee kaskolomme opgetel word, die totale bedrae presies eenders is. Dieselfde geld vir die twee bankkolomme wat dieselfde totaal moet hê nadat die balans ingeskryf is. Indien die twee ooreenstemmende kolomme se totale nie klop nie is daar erens 'n fout in die berekening. Die balanse op die regterbladsy ingeskryf word dan weer teruggebring na die linkerbladsy en onder die totale ingeskryf en dui dan aan wat die posisie is wanneer daar in die daaropvolgende maand weer met die inskrywings begin word.

Nieteenstaande alle uitbetalings hier nou-

keurig aangeteken word, is dit noodsaaklik dat die boer nog moet sorg dra dat hy van alle bedrae wat hy uitbetaal 'n kontantbewys ontvang en dat dit goed bewaar word, omdat dit die enigste middel is om te bewys dat die bedrag wel betaal is, en ook nodig is vir inkomstebelastingdoeleindes.

(f). Persoonlike Rekeninge.

Hierdie rekeninge is nie so noodsaaklik as die kontantboek nie, maar dit is tog wenslik veral wanneer 'n boer op klein maat en op skuld aan verskeie persone produkte lewer. Gewoonlik word hierdie boeke by wyse van aantekeninge gehou, maar 'n geordende vorm sal die byhou van die boeke vergemaklik en die volgende eenvoudige vorm word aanbeveel. Dit bestaan uit 'n enkele vel waarop voorsiening gemaak is vir die datum, opmerkings en twee geldkolomme. Die sogenoemde joernaalboek beantwoord hieraan. In die eerste geldkolom word die bedrag van die gelewerde goedere ingeskryf sodra dit afgelewer is, en in die tweede word alle geld ingeskryf wat ontvang is. Aan die einde van 'n bepaalde periode word die rekening dan ook gebalanseer, dit wil sê daar word net soos in die geval van die kontantboek vasgestel watter bedrag nog uitstaande is.

Hotel-X

| Datum | Opmerkings | Bedrag | Ontvang |
|---|---|---|---|
| Jan. 3 | Groente | 2 0 0 | |
| " 5 | Room | 1 0 0 | |
| " 10 | Groente | 3 0 0 | |
| " 30 | | | 6 0 0 |
| | | £6 0 0 | £6 0 0 |

Rekenings om aan te toon wat die boer aan andere verskuldig is, is nie so noodsaaklik nie, omdat hy gewoonlik die koopstrokies hou as bewys van wat hy gekoop het, en slegs betaal wanneer die rekening kom. Indien sodanige rekenings gehou word, neem dit dieselfde patroon as die vorige rekening aan. Die rekening wat die posisie tenopsigte van die plaaslike kruidenier aantoon, sal dan soos volg daar uitsien:

Jan & Kie.

| Datum | Opmerkings | Gekoop £ | s | d | Betaal £ | s | d |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jan. 6 | Kruideniers-ware . . . . | 12 | 8 | 6 | | | |
| " 20 | Mieliemeel | 5 | 11 | 6 | | | |
| " 30 | Kruideniers-ware | 14 | 0 | 0 | | | |
| " 31 | Betaal per tjek, Nr. 1465 | | | | 30 | 0 | 0 |
| | Balans | | | | 2 | 0 | 0 |
| | | £32 | 0 | 0 | £32 | 0 | 0 |
| Feb. 1 | Balans | 2 | 0 | 0 | | | |

Ons wil op hierdie stadium net die aandag daar op vestig dat al die bedrae wat in hierdie rekenings aangetoon is, as kontant bedrae ontvang of uitbetaal is, ook in die kontantboek ingeskryf moet word.

(g). Afdelingsregister.

Ons beveel die byhou van afdelingsregisters ook baie sterk aan waarop al die uitgawe en inkomste van die bepaalde afdeling aangeteken word. Dit is veral van belang waar daar gemengde boerdery toegepas word en produkte van die een

afdeling aan'n ander gelewer word, soos byvoorbeeld groen voer aan die hoenders of beeste of melk aan die varke. Die byhou van sodanige register stel die boer in staat om presies die inkomste van elke afdeling noukeurig vas te stel en dit verhoed dat sekere afdelings meer wins toon as wat werklik die geval is. Laasgenoemde kan maklik voorkom wanneer boere produkte, wat op die plaas vir die verbruik deur ander afdelings gekweek word nie in die inkomste van die een afdeling en as 'n uitgaaf in die ander afdeling inreken nie. Dat boere hierdie oordragte buite rekening laat, kom dikwels voor, want 'n mens hoor dikwels die opmerking: „My hoenders (varke, ens.) betaal goed want ek kweek self hul kos".

Die vraag mag ontstaan of die inskryf van bedrae wat geen geldelike oordrag meebring, nie verwarring sal meebring nie? Byvoorbeeld die afdeling akkerbou het 'n inskrywing van £20 vir groenvoer aan varke gelewer, maar omdat dit nie die £20 ontvang nie, sal dit aan die einde van die periode 'n tekort van £20 in die kas toon, en om dieselfde rede sal die afdeling varke weer 'n oorskot van £20 in die kas hê. Die posisie is egter dat ons met die afdelingsregister nie 'n kasboek daarop nahou nie, maar alleen 'n staat wat alleen op die bepaalde afdeling betrekking het, en daarop teken ons alle inkomste en uitgawe van die afdeling aan, omdat die doel van die register is om ons aan die einde van die seisoen of jaar in staat te stel om

presies te kan se wat die uitgawe van die afdelings was, wat die inkomste en die wins of verlies is, en dit kan alleen gedoen word indien die voorrade wat van 'n ander afdeling verkry, in hierdie register aangeteken word asof dit van 'n buitestaander gekoop is. Word dit nie gedoen nie, beteken dit dat die een afdeling die ander „dra", omdat die akkerbouafdeling byvoorbeeld voer aan die beeste, varke en pluimvee sal verskaf. Sodanige voer sal, indien dit nie as 'n inkomste vir die akkerbou-afdeling bereken word nie, die netto akkerbou-inkomste aan die einde van die periode sterk kan verminder en die wins van die ander afdelings weer baie opstoot en dit wil ons uitskakel. Die voorkoms van hierdie register is presies dieselfde as die wat by die persoonlik rekenings gebruik word:

Suiwel-afdeling.

| Datum | Opmerkings | In £ | s | d | Uit £ | s | d |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Jan. 1 | Groenvoer | | | | 2 | 0 | 0 |
| " 1 | Melk aan varke | | 9 | 0 | | | |
| " 1 | Melk an Jones | 2 | 0 | 0 | | | |
| " 2 | Lusern v. lands | | | | 1 | 0 | 0 |

So word daaglikse of weeklikse inkomste en uitgawe aangetekn en maandeliks afgesluit, en aan die einde van die jaar kan presies vasgestel word hoe sake verloop het en of die afdeling in werklikheid 'n wins of 'n verlies toon en wat die omvang daarvan is. Hierdie register is dus nie noodsaaklik nie maar wenslik, veral vir die boer wat in die winsgewendheid van sy verskillende boerderyvertakkings belangstel en is baie belang-

rik vir die navorser in landboubedrywighede.

(h). Algemene Staat.

Die verskillende state wat ons tot dusver bespreek het, het met die lopende transaksies te doen, maar die boer wil aan die einde van die jaar graag vas stel wat die posisie van sy boerdery is, en ook hier kan ons 'n eenvoudige staat aanbeveel volgens 'n model van Black.[1]

'n Vel met twee geldkolomme is nodig:

**Algemene Staat vir die jaar geëindig 30 Junie 1950**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ontvangste: | Room verkoop ...... | £100 | |
| | Beeste verkoop .... | 200 | |
| | Eiers & Pluimvee .. | 500 | |
| | Oeste ....... | 2,000 | £2,800 |
| Voorraad begin Julie 1949 | | 250 | |
| Voorrade einde Junie 1950 | | 200 | |
| | Vermindering in voorrade ...... | | 50 |
| | Totale ontvangste | | 2,750. |
| Uitgawe: | Rantsoene ... | £160 | |
| | Arbeid .... | 500 | |
| | Voorraad aangekoop | 600 | |
| | Huur ........ | 140 | |
| | Rente op kapitaal | 60 | |
| | Assuransie .... | 100 | |
| | Herstelwerk ... | 50 | |
| | Diverse ....... | 50 | |
| | Totale uitgawe. .. | | 1,160 |
| | Nettowins | | £1,090 |
| Verdeling v. Wins: | Aflossing van verband | | £300 |
| | Inkomstebelasting | | 50 |
| | Eie gebruik .... | | 500 |
| | Stort in bank ... | | 240 |
| | Totaal | | £1,090 |

1. Black, Farm Management, 41.

(i). <u>Balansstaat.</u>

Hierdie staat word ook aan die einde van die jaar opgestel ten einde vas te stel wat die nettowaarde van die boerdery op daardie stadium is Die vorm van hierdie staat is ewe eenvoudig as die van die algemene werkstaat soos uit die volgende blyk.[1]

<u>Balansstaat soos op 30 Junie 1950.</u>

| | | | |
|---|---|---|---|
| <u>Bates:</u> | Kontant . . . . . . . . . | £500 | |
| | Geld invorderbaar . . | 50 | £550 |
| <u>Voorraad:</u> | | | |
| | Plaas . . . . . . . . . | £6,000 | |
| | Lewende hawe . . . | 1,700 | |
| | Toerusting . . . . . | 1,700 | |
| | Rantsoene , . . . . | 50 | 9,450 |
| | Totale bates . . . | | £10,000 |
| <u>Laste:</u> | Verband ........ | £1,000 | |
| | Skuld .......... | 200 | 1,200 |
| | Netto waarde van boerdery ......... | | £8,800 |

Die waarde van sulke balansstate aan die einde van die jaar is dat dit 'n basis vir vergelyking bied en 'n metode om vas te stel of die boerdery vorder al dan nie. Jaar na jaar toon die balansstaat 'n ander beeld en weerspieël die voor- of agteruitgang van die boerdery. Dit is 'n beter grondslag vir die beoordeling as die wins omdat laasgenoemde kon toeneem as gevolg van die verkoop van bates wat nie weer vervang is nie. Sodanige verlies aan bates sal dadelik in die balansstaat weerspieël word.

1. Black, Farm Management, 40.

4. Slot.

Uit bostaande moet nie afgelei word dat die state wat daar behandel is die enigste is wat die boer kan gebruik nie. Uit die aard van die saak is slegs 'n algemene leidraad gegee en op die noodsaaklikheid van 'n boekhoustelsel vir boere gewys. Ons hoop egter dat genoemde voorbeelde as 'n aansporing sal dien en dat elke boer dit sal verander en aanvul om aan sy spesifieke behoeftes te voldoen.

- - - - - - - - - - -

# HOOFSTUK V111

## Vereenvoudiging van Werkverrigtinge.

### 1. Inleiding.

Die vereenvoudiging van werkverrigtinge is 'n proses wat in die nywerhede as „Tyd- en bewegingstudies" goed bekend is. Hierdie studies het die ontleding van die werkverrigting in sy verskillende onderdele as doel. Die manier waarop elke onderdeel uitgevoer word, word dan noukeurig dop gehou met die doel om, waar moontlik, onnodige bewegings uit te skakel. Stadigaan word uit die oue dan 'n nuwe manier opgebou om die werk te verrig wat die werker in staat stel om die werk makliker, dit wil sê met minder inspanning en ook gouer te doen. Die tyd wat dit neem om die werk volgens die nuwe metode te verrig, word dan noukeurig aangeteken en daarvolgens word dan 'n standaard vasgestel waarvolgens die doeltreffendheid van alle werknemers getoets word. Al die werknemers word dan ook die nuwe metode aangeleer om te verseker dat alleen die doeltreffendste metode gebruik word om tyd en energie nie verlore gaan nie. Die Tyd- en bewegingstudies is deur Taylor in Amerika begin waar dit baie gou in die nywerheidslewe inging gevind het,

en alhoewel dit in Suid-Afrika ook bekend is, word dit nog nie algemeen deurgevoer nie. Die studies leen hul ook in die eerste plek baie goed vir die nywerhede waar dieselfde werker dieselfde werk dag na dag verrig. Dit neem egter nie die feit weg nie, dat die studies ook op die landbou van toepassing gemaak is en met baie goeie resultate, en 'n mens wonder net waarom daar in Suid-Afrika nie aan hierdie baie belangrike studieveld in die landbou aandag geskenk word nie. Ons gaan dan ook in hierdie hoofstuk enkele van die studies in die landbou nader beskryf, met die oog op die vereenvoudiging van die werkverrigtinge, in die hoop dat die regeringsdepartemente wat by die boerdery betrokke is, daadwerklik aandag aan die saak sal skenk, al sou dit dan ook net wees om aan die begin aan ons boere mee te deel wat reeds in ander lande op die gebied bereik is en hul voor te lig in en aan te raai om die gestandaardiseerde metodes wat in ander lande toegepas word, ook te gebruik. Die metode wat die Amerikaanse departement van landbou gebruik om die boere voor te lig, is om deur middel van pamflette die metode onder die aandag van boere te bring en dan word rolprentvertonings gelewer ten einde die boere presies te toon hoe sekere werk gedoen moet word. Ons doen dus aan die hand dat ons departement van landbou navraag sal doen na die moontlikheid om sodanige rolprente te leen ten einde dit ook aan ons boere te toon.

2. Algemene Beginsels.

Taylor het verskeie metodes geformuleer waarvolgens tyd en energie bespaar kanword in die verrigting van sekere take en wat as gevolg 'n vermindering van produksiekoste het. Van hierdie metodes wat Taylor noem, is daar ses wat veral ook op die landbou van toepassing is, naamlik:

(a). Tydsbesparing.

Uitskakeling van onnodige beweging sowel as verlies aan tyd wat met die onnodige bewegings gepaard gaan. Dit behels dus die ontleding van die beweging wat uitgevoer word wanneer 'n taak verrig word en die berekening van die tyd waarin dit gedoen word.

(b). Besparing van Arbeidskragte.

Die besparing van energie en vermindering van vermoeidheid deur die spoed van die werkverrigting en die rusperiodes so te reguleer dat die werker die meeste werk binne 'n bepaalde periode verrig sonder om hom onnodig te vermoei.

(c). Besparing van Apparaat.

Die ontwerp en gebruik van doeltreffende masjinerie en gereedskap. 'n Graaf wat byvoorbeeld te klein is, bring onnodige lyfbewegings mee in soverre meer kere gesteek moet word om dieselfde hoeveelheid grond uit te grawe as met 'n groter graaf, terwyl as die graaf te swaar en groot is, dit die werker weer te gou vermoei.

(d). Beplanning.

Die werkverrigting moet sodanig beplan en so ingerig word dat dit so vlot moontlik verloop met so min inspanning moontlik.

(e). Standaardisering.

Standaardiseer die materiaal en voorrade sodat die by die masjinerie en werkverrigting pas

(f). Besparing.

Besparing deur handearbeid met masjienarbeid te vervang.[1]

3. Spesiale Ondersoeke.

Die algemene beginsel waarop die studies in verband met die vereenvoudiging van die werkverrigtings berus, is baie duidelik en dit sal voldoende wees indien ons net kortliks aandui op watter vertakkinge die studies reeds deurgevoer is en enkele van die resultate noem.

(a). Tabak.

Tabak is een van die vertakkinge in die boerdery wat baie handearbeid vereis en tegelyk 'n terrein is waar hierdie handearbeid nie deur masjinerie vervang kanword nie. Dit is dan ook geen wonder nie dat hierdie bedryf reeds deeglik in die V.S.A. ondersoek is veral sedert 1944, met die oog op die vereenvoudiging van die werkverrigtinge. Die eerste wat die studies aan

---

1. Black, Farm Management, 552

die lig gebring het, is dat die metodes waarop 'n bepaalde werk verrig word van boer tot boer verskil, en dat selfs aangrensende boere soms die mees uiteenlopende metodes toepas. Daar is byvoorbeeld vasgestel dat om genoeg tabakplantjies te trek om een acre te beplant, in sommige gevalle vier uur geneem het en in ander gevalle veertien uur. Deur noukeurige ontleding van die metodes van die werknemers wat die vinnigste plantjies uittrek is die volgende metode as die beste aanbeveel om plantjies uit te trek. Uit 'n ontleding van die opdragte oor hoe die plantjies getrek moet word, blyk dit dat dit veral oor die gebruik van die hande gaan.

Trek net een plantjie op 'n slag.

Trek eers die plantjies naaste aan jou en dan sistematies al verder weg.

Vat die plantjie teen die grond met die duim, die voor- en die middelvinger, met die palm van die hand na die grond gekeer, en trek.

Trek van drie tot vier plantjies namekaar voordat jy die plantjies na die ander hand oorplaas.

Hou die hand met die plantjies na aan die hand wat trek.

Maak die versamelhand goed vol - van vyf-en-twintig na dertig plantjies - voordat jy die plantjies in die houer plaas.

Hou aan met trek terwyl die ander hand die plantjies in die houer plaas.1)

---

1. Black, Farm Management, 552.

Die resultaat van hierdie nuwe metode was dat oor die algemeen baie tyd met die trek van plantjies gespaar is omdat dit nou vinniger gegaan het. In Kentucky was die gemiddelde aantal plantjies wat 'n werker volgens sy eie metode getrek het, 1,200 per uur. Met die toepassing van die nuwe metode het 'n onervare werker na 'n half dag se oefening 1,560 plantjies per uur getrek terwyl 'n ervare en bedrewe werker sy getal van 1,660 na 2,500 plantjies per uur opgestoot het. So is daar deurgaans besparing aangebring en die werkverrigting in ander vertakkinge van die tabakbedryf vereenvoudig. Die persentasie besparing wat as gevolg van die nuwe metodes in die tabakbedryf bewerkstellig is, was verbasend, alhoewel dit van plaas tot plaas verskil het. Die tydebesparing het egter van 25 tot 66 persent beloop, wat aantoon dat selfs die beste boere heelwat arbeid kon spaar en die omslagtige boere sommer baie. Indien ons tabakboere sodanige tyds- en arbeidsbesparinge kan deurvoer, sal dit vir hulle baie beteken en vir sommige die middel wees om van 'n sukkel- na 'n redelike bestaan deur te dring.

(b) Vrugte.

Ook hier is ondersoek ingestel en heelwat arbeid kon bespaar word deur die houer waarin die vrugte geplaas word, te verander sodat dit nie vasgehou te word nie, maar teen die bors van die plukker hang. Dit stel hom in staat om albei hande te gebruik. Ook die staanlere wat gebruik

is, is na 'n ligter tipe verander wat maklik verskuif kan word. Ook is die plukkery so beplan dat dit nie nodig is om die leer dikwels te verskuif nie. Die plukkery word ook volgens 'n bepaalde ritme gedoen sodat dit meer meganies en minder vermoeiend is.[1]

(c). Ploeg en Plant.

Duitsland is seker een van die eerste lande wat in 1919 met die toepassing van die wetenskaplike studies in die landbou begin het. Hul bevinding was dat egter dat die boere nie maklik na die nuwe metodes oorslaan nie. Die eerste studies wat hul gedoen het, gaan oor ploeëry met trekdiere en dit het baie interessante resultate gelewer. Hul het byvoorbeeld gevind dat op 'n bepaalde plaas vier spanne perde en een span osse gebruik is met die ploeëry en dat die vyf ploegspanne 2,828 vk. meter per dag geploeg het. Daarop het hulle die osse uitgeskakel en slegs die vier spanne perde gebruik en bevind dat die vier spanne nou meer grond omploeg as die vyf en wel 3,095 vk. meter, dit wil se 267 vk. meter meer. Die rede waarom 'n vermindering in die ploegspanne 'n vermeerdering in die geploegde grond veroorsaak het, is omdat, wanneer die osse gebruik is, hulle die pas aangegee het en kon die perde nie hul voordeligste pas handhaaf nie.[2]

1. Black, Farm Management, 557.

2. Seedorf, "Methods and Results of Research work on the efficiency of human labor on German farms," Proceedings of the International Conference of Agricultural Economists, 1930, 955

In die vasstelling van die tyd wat gebruik word in die plant van mielies is bevind dat in 'n land 500 meter lank 80 persent van die tyd vir die plantproses gebruik word, terwyl slegs 50 tot 60 persent van die tyd aan die plantprosse op 'n kort landjie 100 meter lank bestee word. In die kort landjie word dus van 2 tot 2½ keer soveel tyd bestee om aan die end van die akker te draai.[1)]

(d). Uitskakeling van Vermoeidheid.

Teen 1930 het die Duitsers ook reeds toetse gedoen om onnodige vermoeidheid uit te skakel. Deur die gebruik van 'n asemhalingsapparaat was dit moontlik om die energie vas te stel wat gebruik word vir die voltooiing van 'n bepaalde taak. Onder laboratoriumtoestande is toetse uitgevoer om die verbruik van energie vas te stel om in die verskillende liggaamsposisies aartappels op te tel. Klein houtballetjies met min of meer die gewig van aartappels is gebruik. Die drie posisies was:

a) Vooroorgeboë
b) Op die knieë
c) Lyf inlêende posisie op 'n apparaat op wiele, vorentoe beweeg deur op die grond te trap 2)

In die praktyk sal die laaste posisie hee wat meer energie verbruik omdat die apparaat in die los grond nie so maklik vorentoe sal beweeg

---

1. Seedorf: Proceedings of the International conference of Agricultural Economists; 1930, 955.

2. Idem, 959.

nie as in die labaratorium met sy gelyk oppervlakte. Die slotsom waartoe hul agter geraak het, is dat die vooroorgeboë posisie die meeste energie ve verbruik terwyl die derde posisie, naamlik die op die apparaat die minste energie vereis

(e). Standaardisering van Gereedskap.

Om 'n taak doeltreffend te verrig, is dit nodig dat geskikte gereedskap gebruik word. In die nywerheid waar dieselfde masjinerie dag na dag gebruik en deur dieselfde persoon hanteer word, is die gereedskap en masjinerie reeds in 'n groot mate gestandaardiseer en gespesialiseerd. Dit dra alles by tot die gladde verloop van die werkverrigting. In die landbou is die posisie egter heel anders. Die gereedskap word nie voortdurend gebruik nie, en indien dit nog baie gebruik word, is die arbeider nie in staat om vas te stel of daar iets aan die gereedskap skort nie, en indien wel, wat die tekortkoming is nie behalwe in die gevalle waar die tekortkoming baie ooglopend is. Weinig pogings word van die kant van die landbou aangewend om die gereedskap te verbeter, moontlik omdat daar meer in die werk as in die gereedskap belanggestel word en nie die noue verband tussen die een en die ander as van groot belang beskou nie. So het 'n ondersoek in Duitsland byvoorbeeld aan die lig gebring dat nie minder nie as 1,500 verskillende soorte sense deur boere gebruik word, en dat van hierdie groot totaal slegs twee soorte geblyk

het werklik geskik vir maaidoeleindes te wees.[1]
Die gebruik van so 'n groot aantal verskillende sense dateer nog uit die tyd toe omtrent elke darpie sense aan die boere van die omgewing voorsien het. So is daar baie ander tipes gereedskap wat moontlik nie aan die vereiste voldoen wat aan hulle gestel word nie, maar wat tog op groot skaal gebruik word omdat hul doelmatigheid nog nooit wetenskaplik vasgestel is nie. Dit is egter wenslik dat 'n ondersoek ingestel word na die doelmatigheid van die gereedskap wat die boere gebruik, want sodoende kan baie gebreke uitgeskakel word en kan die werk gevolglik gouer, makliker en met minder inspanning uitgevoer word.

## 4. Slot.

Uit die kort bespreking van gevalle waar daar reeds ondersoek na die werkverrigtinge ingestel is, blyk dit duidelik dat die werkverrigtinge op die plaas baie vereenvoudig kan word. In Suid-Afrika het hierdie vertakking nog baie min aandag geniet. Selfs die boere, die persone wat die meeste belang daarby het, gee die minste aandag daaraan. Dit wil voorkom asof die boere hulself nie die tyd gun nie wat nodig is om werkverrigtinge te ontleed nie en deur 'n nuwe metode tyd te bespaar. Die boeregemeenskap is bekend vir sy oplettendheid, maar onses

---

1. Seedorf: Proceedings of the International Conference of Agricultural Economists,1947,370

insiens is hulle nie krities genoeg teenoor hul eie metodes nie en doen hulle te min om die tekortkominge van die gereedskap onder die aandag van die fabrikante te bring.

Die waarde van die vereenvoudigde werkverrigtinge is dat dit die werksaamhede vloeiend maak en sodoende tyd bespaar. Dit bring groter koördinering van hand- en voetbewegings en werk ritme in die hand waardeur die handelinge makliker geskied. Ten slotte wek dit by die boer 'n begeerte om verdere besparinge en vereenvoudiginge deur te voer wat nie net by die werkverrigtinge bly nie maar na beplanning oorskakel ten einde vas te stel wat die beste volgorde is waarin die werk verrig moet word. Hy sal byvoorbeeld probeer om die boerdery so in te rig dat daar sover moontlik dwarsdeur die jaar ewe hard gewerk word in plaas van net in sekere seisoene. Dit alles lei uiteindelik tot die beplanning van die hele boerdery waardeur hy probeer om die plaas so te beplan dat onnodige beweging van een deel na 'n ander uitgeskakel is en met omweë weg gedoen word.

Die vereenvoudiging van werkverrigtinge is dus 'n interessante terrein wat terselfdertyd baie waardevolle resultate lewer en kan meehelp om die arbeidstekort in die boerdery te verlig. Ons sou dan ook aanbeveel dat veral die Departement van Lande, wat die nedersettings beheer, die nedersetters van hierdie belangrike studies in die boerdery bewus maak en indien gestandaardiseerde metodes reeds bestaan, dit aan hulle te leer.

# HOOFSTUK IX

## Meganisering en Elektrifisering van die Landbou.

1. Inleiding.

In hierdie hoofstuk sal aandag geskenk word aan die meganisering en elektrifisering van die landbou en alhoewel ons na toestande op die nedersetting sal verwys is die aard van die onderwerp sodanig dat dit in die algemeen op die landbou van toepassing is. Die tekortkominge op die nedersetting en die aanbevelings kannet so goed vir enige ander landboudistrik geld en is dus van algemene toepassing op die landbou. Dit gaan hier dus meer om algemene beleid as om besonderhede van bepaalde gevalle.

2. Meganisering.

(a). Inleiding.

Omdat ons land nog glad nie in so 'n mate as byvoorbeeld die V.S.A. ontwikkel het nie, is ons landbou ook nie naastenby so gemeganiseerd nie, deels miskien omdat ons landboutoestande van die van die V.S.A. in die opsig verskil dat ons eerder geskik vir ekstensiewe as intensiewe boerderypraktyke is. Nietemin vind ons dat meganisering in ons akkerbougebiede snel deurgevoer word, veral sedert die oorlog. Dit word om twee redes in die hand gewerk. Eer-

stens is byvoorbeeld trekkers en ander plaasmasjinerie na die oorlog makliker verkrygbaar as tydens die oorlog en tweedens stel die goeie pryse vir landbouprodukte die boer in staat om die masjinerie aan te koop nieteenstaande die prys daarvan baie hoog is. Omdat die meganisering van ons landbou maar van resente aard is, is daar nog geen uitgebreide studie oor die omvang en belangrikheid daarvan gemaak nie en sal ons verplig wees om in ons bespreking telkens na die V.S.A. te verwys en die gevolgtrekkinge waartoe geraak is op grond van die ondersoeke wat daar ingestel is.

Die omvang van die meganisering in die distrik Brits kan as 'n algemene aanduiding dien van die omvang wat meganisasie sedert die tweede wêreldoorlog aangeneem het. In 1942 was daar in die distrik 1,800 voertuie geregistreer en baie min daarvan was trekkers. Gedurende die oorlog was motorvoertuie en kragmasjinerie feitlik onverkrygbaar en dit het eers sedert 1946 beskikbaar geword. Die toename in die aantal voertuie in Brits word dan ook deur die registrasies aan die einde van 1951 weerspieël toe die totale aantal motorvoertuie op 4,679 te staan gekom het. Hierdie totaal is soos volg saamgestel:[1)]

| | |
|---|---|
| Motors | 2,000 |
| Vragmotors | 931 |
| Jeeps | 623 |
| Trekkers | 650 |
| Motorfietse | 106 |
| Sleepwaens | 369 |

1. Munisipale Registers.

Die aantal jeeps is besonder hoog, naamlik meer as 13 persent van die totale aantal motorvoertuie van alle soorte en byna net soveel as die aantal trekkers. Die rede is dat hierdie voertuie onmiddellik na die oorlog beskikbaar gestel is voordat trekkers verkry kon word en baie boere het toe 'n jeep gekoop weens sy krag en dit gebruik as motor en as trekker.

Aangesien uit die totale bevolking van meer as 13,000 slegs omtrent 3,000 blankes in die dorp woon, spreek dit vanself dat die meeste van hierdie voertuie op die plaas ingespan word. Ons het reeds aangetoon dat die goeie pryse vir landbouprodukte meegehelp het om die meganisering deur te voer, maar daar moet ook ander redes wees, en dit sal ons nou kortliks aandui.

(b). Voordele van Meganisering.[1]

Die boere het die masjinerie aangekoop nie net omdat hulle die geld gehad het om dit te doen nie, maar omdat meganisasie sekere voordele inhou. Die vernaamste voordele wat daaruit voortvloei, sal ons kortliks aandui.

(i). Minder Arbeiders Nodig.

Wanneer met diere geploeg word, is minstens twee persone nodig, maar in die meeste gevalle drie, naamlik 'n touleier, 'n drywer

1. Gegewens hoofsaaklik geneem uit: Progress of Farm Mechanization; deur Cooper, ens., Okt. 1947.( In vervolg hierna verwys as Mechanization)

en aan om die ploegstert te hou. Wanneer daar egter met 'n trekker geploeg word is slegs een persoon nodig, want hy bestuur nie alleen die trekker nie, maar behartig ook die ploeg deur middel van hefbome vanaf die trekker. Studies in die V.S.A. het aan die lig gebring dat as gevolg van meganisasie nie net die persentasie van die bevolking wat aan die landbou deelneem, afgeneem het nie, maar ook die absolute getalle.

**Verhouding van Arbeiders in die landbou tot die totale aantal Arbeiders in alle beroepe** [1]

| Jaar | Alle Beroepe | Landbou-arbeiders | % verhouding v.lg. tot een |
|---|---|---|---|
| 1820 | 2,881000 | 2,069,000 | 71.8 |
| 1890 | 23,318,000 | 9,938,000 | 42.6 |
| 1920 | 42,434,000 | 11,449,000 | 27.0 |
| 1940 | 52,148,000 | 9,163,000 [2] | 17.6 |

Die tabel toon dat vanaf 1820 tot 1920 die persentasie arbeiders in die landbou in verhouding tot die totale aantal arbeiders afgeneem het, maar tog was daar steeds 'n styging in die totale aantal arbeiders in die landbou betrokke. Sedert die snelle meganisering na die eerste wêreldoorlog is nie net die afname in die persentasieverhouding groot nie, maar daar is ook selfs 'n vermindering in die aantal arbeiders en wel meer as twee miljoen. Die feit dat meganiese toerusting minder arbeid op die plaas nodig maak, is die ver-

1. Mechanization, 4.
2. Die vermindering in die getalle betrokke by die landbou as gevolg van meganisasie het die ontwikkelende nywerhede goed te staan gekom. Die vinnige meganisering van die Suid-Afrikaanse landbou kan ook 'n sleutel wees om ons tekort aan mannekrag in die nywerhede te verlig. Sien 3de Voorlopige Verslag i.v.m. Industriële en landboubenodigdhede, U.G.40/41, 33,34.

naamste redes vir die afname in die getalle.

(ii). Hoër Opbrengs per Arbeider.

Meganiese hulpmiddele verminder nie net die aantal arbeiders nie, maar verhoog die doeltreffendheid van die arbeiders wat met die middele werk, sodat die opbrengs per arbeider hoër is as voorheen. Die vermeerdering in arbeiderproduksie is in die V.S.A., in terme van onderhoud bereken, dit wil sê die aantal persone wat deur een arbeider in die landbou onderhou word. Die bevindinge was soos volg:

Die Gemiddelde aantal persone deur een Landbou-arbeider Onderhou, 1820-1945. 1).

| Jaar | Aantal Persone Onderhou |
|---|---|
| 1820 | 1.20 |
| 1890 | 1.84 |
| 1920 | 2.87 |
| 1940 | 3.74 |
| 1945 | 5.08 |

Die toename sedert 1940 tot 1945 is veral opvallend, want in die kort bestek van vyf jaar is die aantal persone wat deur een landbou-arbeider onderhou is, met 45 persent opgeskuif.

(iii). Hoër Opbrengs per Tydseenheid.

Hierdie voordeel hang ten nouste met die voorgaande saam, omdat om in dieselfde tyd meer produseer, die opbrengs per tydseenheid noodwendig ook vermeerder moet word. In hierdie opsig

1. Mechanization, 5

is daar dus 'n noue verband tussen die landbou en die nywerheid waar as gevolg van die meganisering en spesialisering die werkedag steeds verkort is, maar die produksie tog steeds vermeerder. In die V.S.A. het dit geblyk dat die verhoogde produksie per tydseenheid baie groot is en uitsluitlik aan meganisasie toegeskryf kanword. So byvoorbeeld het die totale landbouproduksie per tydseenheid tussen die periodes 1917-1921 en 1943-1945 met 29 persent toegeneem, terwyl die landbouproduksie vir menslike gebruik met 51 persent toegeneem het, en dit nieteenstaande die feit dat die totale arbeidsure gedurende hierdie tyd met 9 persent verminder het.[1] Hierdie verhoogde produksie per tydseenheid word deur die snelle werkverrigting van die masjiene teweeggebring in teenstelling met die stadige tempo van diere en arbeiders. Die gevolge en voordele van die vinnige tempo word nie net op die plaas benut nie, maar ook indirek wanneer plaasprodukte vervoer moet word na die markte en verbruikers. Ook bespaar die vinnige vervoer baie tyd omdat wanneer van die gereedskap herstel moet word, dit gou na die bepaalde herstelwerke geneem en teruggebring word en in baie gevalle kan die werksaamhede wat deur 'n defek tot stilstand gebring is, nog dieselfde dag hervat word, terwyl dit voorheen 'n dag of meer geneem het om dieselfde afstande af te lê.

1. Mechanization, 14.

(iv). Minder Hande-arbeid.

'n Groot hoeveelheid van die werksaamhede op ons plase word met die hand verrig of met behulp van gereedskap wat met die hand gehanteer word. Veral die volgende boerderye behels baie hande-arbeid, naamlik groente, tabak, katoen enaartappels. Selfs op veeplase word baie met die hand verrig soos byvoorbeeld die skeer van skape en die melk van koeie. Indien die werktuie wat vandag met die hand hanteer word deur kragmasjinerie vervang kan word, kan die hande-arbeid baie verminder word. Die moontlikheid dat sommige van bogenoemde vertakkings nog gemeganiseer kanword, is baie groot, alhoewel ander hul uit die aard van die saak nie tot grootskaalse meganisering leen nie. Vrugte en groente moet byvoorbeeld oor die algemeen versigtig hanteer word en sal hande-arbeid daar steeds 'n belangrike faktor bly.

In die V.S.A. is in 1944 'n skatting gemaak van die mate waarin meganisasie die uitskakeling van hande-arbeid in die tien jaar periode tot 1954 sal teweegbring. Sommige van die besparings wat voorsien is, word in die volgende tabel aangegee:

Moontlike Vermindering in hande-arbeid op plase gedurende die tydperk 1944-1954.

| Produk | Aantal ure in 1944 | Moontlike getal ure in 1954. | % vermindering '44-54. |
|---|---|---|---|
| | Miljoene | Miljoene | % |
| Mielies | 115 | 75 | 35 |
| grondbone | 110 | 72 | 27 |
| tabak | 527 | 366 | 31 |
| Suikerriet ens. | 53 | 46 | 13 |
| katoen | 1,101 | 560 | 49 |
| Melkkoeie | 2,657 | 2,111 | 21 |
| Pluimvee | 1,124 | 981 | 13 |
| Perde,muile | 862 | 690 | 11 |

Dit blyk dus dat die moontlike uitskakeling van hande-arbeid in die akkerbougewasse van 13 persent in die geval van suikerprodukte tot so hoog as 49 persent in die geval van katoen wissel. In soverre dit die veestapel aangaan, is die moontlikhede minder soos uit die hoogste syfer van 21 persent en die laagste van 11 persent blyk.[1)]

(e) Algemene Opmerkings.

Soos uit die pasbesproke voordele blyk, is daar veel nut en voordeel in die meganisasie van die boerdery. Die syfers wat ons aangehaal het, is almal gemiddeldes van duisende plase en ons kan aanneem dat daar 'n baie verskil van plaas tot plaas is. Terwyl die voordeel wat die een boer as gevolg van meganisasie verkry moontlik so hoog as 80 persent kanwees, is die van 'n ander slegs 8 persent. 'n Boer mag selfs vind dat as gevolg van meganisering hy nou in alle op sigte swakker daaraan toe is, omdat die voordele uit meganisasie ten nouste saamhang met die gebruik wat daar van die meganiese middele gemaak word. So het professor Tomlinson byvoorbeeld in die distrik van Brits gevind dat 16 trekkers gemiddeld slegs 348 uur per jaar gewerk het wat op 'n gemiddelde van slegs 'n ietsie meer as een uur per werksdag neerkom, terwyl in die geval van 13 ander trekkers die gemiddelde aantal uur

1. Mechanization, 29.

op 1,514 te staan gekom het, wat neerkom op 'n gemiddeld van ongeveer 4.8 uur vir elke werksdag van die jaar.[1] Indien ons die twee gevalle vergelyk, is dit duidelik dat in die eerste voorbeeld die betrokke boere nie werk vir die trekker het nie en dat dit op 'n baie swak belegging van kapitaal neerkom. Deur 'n trekker slegs 'n uur per dag te gebruik, kan nie veel van die voordele verkry word wat ons reeds bespreek het nie. Indien daar egter genoeg werk op die plaas is om die trekker minstens die helfte van elke dag besig te hou, sal dit beslis voordele inhou. Behalwe dat die eerste groep trekkers nie die voordele meebring soos aangedui nie, is die koste aan die gebruik van die trekker per uur ook baie hoër as in die geval waar dit baie ure per dag gebruik word soos blyk uit die volgende tabel:

2).

**Verhouding tussen ure gewerk per trekker gedurende die jaar en die koste per uur**

| Ure gewerk per trekker: Groep | Gemiddeld | Aantal trekkers | Koste per: trekker | Uur |
|---|---|---|---|---|
| uur | uur | | £ | s |
| tot 500 | 348 | 16 | 125.3 | 7.2 |
| 501-1,000 | 811 | 20 | 181.8 | 4.5 |
| 1,001 en meer | 1,514 | 13 | 272.9 | 3.6 |

Dit blyk dat namate die uere waarin gewerk is, toeneem, ook die koste per trekker toeneem, maar dat daar 'n vinnige daling in die koste per uur is. Die eerste groep trekkers wat slegs 348 uur gemiddeld per jaar gewerk het se koste per uur

1. Tomlinson: Ekonomiese Ondersoek na Oonddroogta bak in die Wes-Transvaalse Besproeiingstreek, 15.
2. Idem, 15.

is 7.2 sjielings, terwyl die derde groep met 'n gemiddelde van 1,514 uur per jaar, slegs 3.6 sjielings per uur kos. Die koste p er uur van laasgenoemde is dus die helfte minder as die van die eerste groep, wat aandui dat die laaste groep moontlik kon bygedra het tot die verlaging van die produksiekoste, terwyl die eerstegroep moontlik nie tot 'n verlaging van die produksie-koste bygedra het nie. Teenoor die eerste groep boere het die tweede groep hul kapitaal dus voordelig belê. Dit sou die eerste groep waarskynlik beter betaal het om van trekdiere gebruik te maak in plaas van 'n trekker te koop.

Die afleiding wat ons uit bostaande wil doen, is die volgende: Dit wil voorkom asof die boeregemeenskap nie genoeg kennis dra van die vermoë van 'n trekker nie en ook geen kennis dra van gegewens waardeur hulle gelei kan word wanneer hulle die aankoop van 'n trekker oorweeg nie. Ons wil dus aan die hand doen dat die Departement van Landbou noukeurige toetse sal laat uitvoer ten einde vas te stel:

(i) Die hoeveelheid werk wat deur 'n trekker verrig moet word ten einde die aanskaffing daarvan finansieel te regverdig. Uit die tabel hierbo blyk dit dat sommige van die trekkers minder as 500 uur per jaar werk en ander weer meer. Die vraag is nou watter aantal uur 'n trekker moet werk om die aankoop daarvan te regverdig, dit wil sê waar is die grens waar dit as 't ware om

het swa is of van 'n trekker of van trekdiere gebruik gemaak word. Indien toetse in die rigting gedoen word en die boere oor die resultate daarvan beskik, sal hulle meer oordeelkundig te werk gaan in die aankoop van 'n trekker omdat hulle dan weet of 'n trekker vir hul bepaalde doel wel tot voordeel gebruik kan word of nie.

(ii). <u>Die Geskiktheid van Verskillende Fabrikate.</u>

Dit is ons oorwoë mening dat die regering ook leiding moet gee ten opsigte van die aankoop van 'n trekker in soverre dit die geskiktheid en doeltreffendheid van die bepaalde fabrikaat en/of grootte geld.[1] Om byvoorbeeld aan te beveel dat 'n boer 'n trekker kan aanskaf indien dit minstens 500 uur per jaar werk, het sy voordeel, maar dit gee nie genoeg inligting nie, omdat die doel waarvoor die boere dit gebruik verskil asook die tipe grond waarop hulle dit gebruik. Die een boer gebruik die trekker byvoorbeeld hoofsaaklik vir ploegdoeleindes terwyl die ander dit weer vir vervoer gebruik en die vraag is of albei dieselfde tipe en grootte trekker moet aanskaf. Dit is dus nodig dat die boer gegewens moet hê op grond waarvan hy sy keuse kan doen.[2]

Belangriker as die doel waarvoor die

---

1. Sodanige optrede mag moontlik deur die handel skerp gekritiseer word, maar indien die aanbevelings op deeglike ondersoek gegrond is, sal enige beswaar teen sodanige optrede van die regering sonder grond wees.
2. Dat die betrokke agente die beste sal aanbied, neem ons aan, maar hulle sal nie die kans om te verkoop deur die vingers laat glip net omdat die bepaalde fabrikaat of grootte wat hul het, nie presies aan die boer se behoeftes voldoen nie.

boer die trekker gebruik, is die tipe grond waarop hy die trekker gaan aanwend. Die een boer wil dit op sanderige grond he, die ander op leemgrond en 'n derde op swaar kleigrond, en die vraag is watter eienskappe sodanige moet besit om aan die vereistes te voldoen wat die bepaalde grondtipe daaraan gaan stel. Die vraag is of dit byvoorbeeld vir die boer met die kleigrong voordeliger sal wees om 'n kruiptrekker aan te koop of nie. Ook wil die boer weet hoe sterk die trekker moet wees; of die bepaalde fabrikaat aan sy doel sal beantwoord, en op hierdie vrae moet die Departement van Landbou kan antwoord.

(iii). Trekkerkoste.

Dit is nodig dat 'n noukeurige studie gemaak moet word van die trekkerkoste van die verskillende groottes en die gebruik daarvan op verskillende grondtipes. Sodanige gegewens sal vir die boer 'n aanduiding wees wat hy moet verwag indien hy 'n trekker aanskaf om sy grond te bewerk. Indien die opgawe van die trekkerkoste tegelyk met die trekdierkoste vergelyk kan word, sal dit nog die beste wees, omdat die boere, al werk hul met diere, die koste daarvan nie weet nie. Dat sodanige gegewens wel nuttig sal wees, val nie te betwyfel nie, omdat dit vir die boer 'n insig gee van wat hy ten opsigte van trekkoste kan spaar. Die waarde van sodanige gegewens kan nog verder verhoog word indien daarby aangetoon word in hoeverre die gebruik van die

trekker die produksiekoste sal verlaag as gevolg van indirekte besparings soos die vermindering in hande-arbeid en hoër produksie per arbeider.

(iv). Algemeen.

Die verskillende gedagtes wat ons hier ten opsigte van trekkers aangehaal het, geld in 'n mate ook vir ander plaasgereedskap soos ploeë, skoffels ens. Bepaalde fabrikate moet deur die Departement van Landbou deeglik getoets word en die bevindings moet ter beskikking van die boere gestel word sodat hulle hulle nie op advertensies en agente hoef te verlaat nie.

Breedvoerige gegewens mag selfs sommige boere laat besluit dat hulle nie individueel gereedskap gaan aankoop nie, maar gemeenskaplik omdat alleen op daardie manier die gereedskap of masjinarie voordelig aangewend kan word.

(d). Slot.

Dit lyk asof daar nog baie ruimte vir meganisering van die landbou in die algemeen en selfs in Brits in die besonder bestaan. Ondersoek veral na die koste van die gebruik van die verskillende meganiese middele is egter noodsaaklik. Die aanvraag na landboumasjinerie, veral trekkers, bly bevredigend en die afset is groot. Daar behoort dus ruimte en kans te wees vir die oprigting van trekker-

fabrieke in die Unie. Sodanige fabrieke kan dan ook ander dele in Afrika voorsien. Indien ons hier te lande die nodige masjinerie vervaardig, sal dit die boer ten goede kom sowel wat die bekombaarheid as die prys daarvan betref. Die groot vooruitgang wat Safim in die afgelope jare gemaak het, behoort as spoorslag te dien vir fabrieke ook in vertakkings anders as vir ploeë. Dit sal egter wenslikwees dat daar 'n groter mate van standaardisering van gereedskap plaasvind. Dit geld veral in soverre onderdele van die een fabrikaat ook by 'n ander gebruik kan word.

Aan die begin van die hoofstuk is aangetoon dat meganisering beslis voordele inhou. Meganisering kan dus een van die middele wees waardeur ook Suid-Afrika sy voedselopbrengs kan verhoog sonder die gebruik van meer mannekrag op die plase.

## 3. Elektrifisering.

### (a). Algemeen.

Die gebruik van elektrisiteit op die plaas is van beperkte omvang, omdat dit nie vir die belangrikste boerderybedrywighede ingespan kan word nie. Dit is byvoorbeeld nie doelmatig vir die gebruik in enige bewegende masjinerie soos byvoorbeeld trekkers nie. Die gebruik is tot die masjinerie en gereedskap beperk met min of meer permanente staanplek soos koelkaste en hamermeulens. In hoofsaak word die elektriese

krag op die plaas dan ook vir huishoudelike doeleindes aangewend behalwe in 'n paar gespesialiseerde boerderyvertakkings. Uit 'n totaal van 74 plase wat in die gebied van Escourt van krag voorsienword, word dit in 42 gevalle uitsluitlik in die huis gebruik.

Om waterpompe aan te dryf, leen die krag hom geredelik. In die gebied van Kimberley is daar 'n aantal boere wat die krag hoofsaaklik gebruik om water vir besproeiing uit die Vaalrivier te pomp. Elkeen van hierdie boere maak dan ook van elektriese motors van ongeveer 40 perdekrag gebruik en hul gemiddelde jaarlikse aanslag vir elektriese krag beloop van £400 tot £500.[1]

Veral twee vertakkings van die boerdery leen hulle baie goed vir die gebruik vanelektriese krag, naamlik suiwel- en hoenderboerdery. In die geval van eersgenoemde is beligting noodsaaklik omdat werksaamhede vroeg soggens in die stalle 'n aanvang neem. Elektriese beligting is dus geskik omdat dit 'n sterk lig verskaf en verkieslik is bo lampe wat soms van een deel van die gebou na 'n ander verplaas moet word. Terselfdertyd kan elektriese krag gebruik word vir die aandrywing van melkmasjiene, melkverkoelers en koelkaste waarin melk en melkprodukte gehou

---

1. Gegewens van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie.

kan word. In die hoenderboerdery word die krag hoofsaaklik vir verhitting gebruik. Die broeimasjiene kan daardeur verhit word asook die kuikenhuise. Ook word dit in koelkaste gebruik om eiers en geslagte hoenders te bewaar.

Elektriese krag word dus in die gevalle aangewend waar die gereedskap of masjinerie dwarsdeur die jaar in gebruik is. Die tariewe word gewoonlik vir masjiene bereken teen 'n bepaalde tarief per perdekrag per maand en indien 'n masjien vir nege maande van die jaar nie gebruik word nie, moet die tarief nogtans vir twaalf maande betaal word.

(b). Koste.

Die verskaffing van elektriese krag aan boere is 'n duur onderneming en ons vind dat die voorsiening van krag aanplase eintlik 'n sekondêre ontwikkeling is. In die gebied van Escourt byvoorbeeld, is die spoorweg geëlektrifiseer en eers daarna het die boere aansoek om 'n taklyn na hul plase gedoen. Hulle het dus nie 'n pro rata deel van die koste van die aanbou van die hooflyn gedra nie. Dieselfde prosedure vind ons ook in die westelike provinsie waar sommige vrugteboere krag op die plase het. Die kraglyn is eers na die dinamietfabriek op Somerset-Wes gebou en daarna is 'n taklyn na die boere aangebring. Die vrugteboere van Stellenbosch en Franschhoek kry hulle elek-

triese krag vanaf die hooflyn na die Paarl.[1]

Wanneer 'n boer om krag aansoek doen, bring die elektrisiteitsvoorsieningskommissie die krag tot by sy huis. Hy moet agter 8 persent per jaar op die koste betaal wat met die aanbou van die kraglyn aangegaan is. Die koste aan so 'n kraglyn verbonde, hang van die hoeveelheid krag af wat dit moet dra. In die Escourtse gebied byvoorbeeld is 'n ligte kraglyn gebou en die koste daarvan was £535 per myl. Die jaarlikse rente hierop is dus ongeveer £43 of £3-12/- per maand. In die Kimberleyse gebied was 'n swaarder kraglyn nodig en daar het die koste £700 beloop wat op 'n jaarlikse rente van £56 of ongeveer £4-14/- per maand vir elke myl kraglyn neerkom. Indien die gemiddelde afstand van die plase twee myl is, beteken dit dat hulle dubbel die bogenoemde bedrae aan rente moet betaal.[2]

Behalwe die rente wat die boer moet betaal soos hierbo aangedui, is hy self verantwoordelik vir die verspreiding van die krag op sy plaas. Die koste om 'n gemiddelde huis van elektriese draad te voorsien kos ongeveer £100. Hierdie bedrag is dus 'n uitgaaf bo en behalwe wat die boer nog aan elektriese toerusting moet bestee.

Volgens die huidige tariewe van die

1. Gegewens van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie.
2. Idem.

elektrisiteitsvoorsieningskommissie betaal 'n huis van vyf woonvertrekke gemiddeld £1 per maand vir beligting. Die toerusting binne die huis soos koelkaste, stowe, ens. gebruik ongeveer 400 eenhede per maand en daarvoor word £1-5s betaal. Die maandelikse uitgaaf vir die krag in die huis kom dus ongeveer op £2-5s te staan.

Maak die boer van elektriese motors gebruik, moet hy volgens die tarief in die Escourtse gebied nog maandeliks 1s8d per perdekrag betaal bo en behalwe die krag wat deur die motors verbruik word. In die genoemde gebied word gemiddeld 10 perdekrag per boerdery gebruik wat op 'n verder 16s 8d per maand neerkom. Hierdie motors gebruik maandeliks gemiddeld 340 eenhede. Die tarief vir die eerste 240 eenhede is 2d per eenheid en die ander 100 eenhede teen ½d per eenheid. Die krag wat verbruik word kom dus op £2-4-2 te staan. Samevattend kom die gemiddelde maandelikse tarief op die volgende te staan:

| | £ | s | d |
|---|---|---|---|
| Rente teen 8% op £535 . . . . . . . . | £3 | 12 | 0 |
| Beligting vir woonhuis. . . . . . | 1 | 0 | 0 |
| Kragverbruik van toestelle in huis | 1 | 5 | 0 |
| 10 perdekrag teen 1s8d per pk. | | 16 | 8 |
| Kragverbruik van 10 perdekrag. . . | 2 | 4 | 2 |
| Totaal.... | £8 | 17 | 10 |

Indien daar nie van elektriese motors gebruik gemaak word nie, is die maandelikse tarief £5-17/- wat as hoog beskou moet word. Soos reeds aangetoon, betaal ruim 60 persent van die boere wat van krag voorsien is in die Escourtse gebied hierdie hoë tarief. Hulle gebruik die elektriese krag dus net vir die gerief van die

boer en sy gesin.

(c). <u>Slot.</u>

Ons merk dus dat die mate waarin elektriese krag in die landbou op die huidige stadium aangewend kan word, uiters beperk is. Dit is des te meer die geval in besproeiingsgebiede soos die op Brits, waar die krag nie vir pompdoeleindes nodig is nie. Die warm en ongesonde klimaat van hierdie gebied leen hom ook nie tot tot suiwel- en pluimveeboerdery nie. Vir akkerboudoeleindes is die aanwending van elektriese krag baie gering, omdat die masjinerie daar slegs vir beperkte tye van die jaar gebruik word. Ook het ons reeds aangetoon dat elektriese krag nie maklik vir bewegende masjinerie soos trekkers, gebruik kan word nie. Ons kan dus met 'n groot mate van sekerheid aanneem dat die landbou in die algemeen en die gebied van Brits in die besonder nie maklik geëlektrifiseer sal word nie, hoofsaaklik weens die hoë koste en die beperkte aanwendingsmoontlikhede. Indien kostestudies toon dat dit wel lonend vir algemene gebruik op die plaas aangewend kanword en kapitaal weer volop is, mag daar wel vordering in hierdie rigting gemaak word.

- - - - - - - - - - - - -

## Algemene Samevatting.

Ten slotte wil ons 'n paar algemene gevolgtrekkings aanstip en op 'n paar aspekte wys wat uit die ondersoek duidelik na vore gekom het.

1. In soverre dit die sukses van die skema betref, kan op die volgende twee punte gewys word:

a). Die Departement van Besproeiing het 'n groot verlies gely omdat die totale uitgawe aan die dam en kanale afgeskryf moes word. Ook is die jaarlikse inkomste uit die waterbelasting nie voldoende om rente en onderhoud te dek nie. Die besproeiingswerke is dus vir hierdie Departement 'n jaarlikse las. Die besproeiingswerke is egter die sleutel tot die sukses van die nedersetting en as ons die een as 'n onmisbare deel van die die ander beskou, kan ons nie anders nie as om te besluit, nieteenstaande die geldelike verlies, die dam en kanale tog 'n goeie doel dien en van onskatbare waarde vir die gebied is.

b). Die geldelike verlies van die Departement van Lande is baie gering in vergelyking met die van die Departement van Besproeiing. Hierdie verlies is ook deur omstandighede veroorsaak wat later eers opgedoem het. Die vernaamste faktor wat die verliese in die hand gewerk het, is die depressie en droogte aan die begin van die dertiger jare. In soverre die Departement van Lande hom die rehabilitasie van die armes ten

doel gestel het, het hy egter ten volle in sy doel geslaag. Die nedersetters het tot selfstandige boere ontwikkel. Ook het die gebied tot een van ons belangrikste akkerbougebiede ontwikkel. Op die oomblik is tabak nog die hoofgewas, maar dit lyk asof die gebied hom in die nabye toekoms baie op groente en vrugte gaan toelê.

2. Die eerste aspek wat nie genoeg beklemtoon kan word nie, is die afwesigheid van gegewens ten opsigte van die individuele boer. Die navorser op landbougebied kom teen 'n muur te staan sodra hy die individuele boer om gegewens nader. Die tyd het reeds lankal aangebreek dat ons boere meer doelbewus bearbei moet word vir die byhou van sekere rekords. Dit is dan ook met hierdie doel dat 'n hoofstuk bestee is aan sekere state wat hoofsaaklik die kostegegewens in die boerdery sal aantoon. Dit behoort egter nog verder deur besonderhede oor bepaalde oeste aangevul te word. So moet byvoorbeeld die volgende ook aangeteken word: Die tyd wanneer die oes gesaai of geplant is, bemestingstowwe gebruik; tye van besproeiing; faktore wat die oes bevoordeel het soos goeie reent of benadeel het soos roes, hael, koue. Alleen volle besonderhede stel die boer en die navorser in staat om tot 'n gesonde gevolgtrekking te geraak.

3. Baie kan gedoen word om die boerderymetodes te verbeter en veral in sovêrre dit die vereen-

voudiging van die werkverrigtinge betref. Die verbetering wat in hierdie opsig ingevoer kan word, geld egter nie net die Hartebeestpoortnedersettinge nie, maar die landbou as geheel. Ons wil dan ook sterk aanbeveel dat die Departement van Landbou so gou doenlik 'n afdeling in die lewe roep wat hom spesiaal op die vereenvoudiging van werkverrigtinge in die landbou sal toelê. Moontlik kan aan elk van die landboukolleges so 'n afdeling in die lewe geroep word.

4. Ons beleef 'n tyd van arbeidskaarste en die grootskaalse meganisering van die landbou kan 'n middel wees om baie van die persone wat nou in die landbou betrokke is, vir ander dienste vry te stel. So 'n ontwikkeling is wenslik veral omdat die bydrae van die landbou tot ons volksinkome glad nie in verhouding is tot die aantal persone wat daarin werksaam is nie.

5. Wanneer ons weer 'n lae konjunktuur het en die staat openbare werke aanpak, behoort die bou van groot besproeiingsdamme ernstig oorweeg te word asook die bou van elektriese kraglyne. Dit sal nie net groot getalle werklose persone produktief besig hou nie, maar ook die ontwikkelingsmoontlikhede van die platteland vergroot.

- - - - - - - - - - - - - -

# B R O N N E L Y S.


1. Black, J.D.: Farm Management. New York, 1949.

2. Boss, A.: „Forty Years of Farm Cost Accounting Records" in Journal of Farm Economics, U.S.A., Feb. 1945.

3. Cooper, R. e.a.: Progress of Farm Mechanization Washington, 1947.

4. Hartebeestpoort-besproeiingswet Nr. 32 van 1914

5. Goewermentskennisgewing Nr. 975 van 1925.

6. Grosskopf, J.F.W.: Die Armblanke Vraagstuk in Suid-Afrika. Stellenbosch, 1932.

7. Jaarverslae van die Departement van Lande, 1914 tot 1948. Pretoria.

8. Jaarverslae van die Departement van Besproeiing, 1914 tot 1948. Pretoria.

9. Jaarverslae van die Ouditeur- en Kontroleur-generaal, 1914 tot 1948. Pretoria.

10. Nedersettingswet Nr. 47 van 1935.

11. Offisiële jaarboek van die Unie van Suid-Afrika Nr. 5, Staatsdrukker, Pretoria.

12. Orwin, C.S.: Farm Accounting. Cambridge, 1924.

13. Rapport van die Kommissie om Ondersoek in te stel insake Koöperasies en Landboukrediet, Staatsdrukker, 1934.

14. Schmidt, S.: „The Aplication of Scientific Management to Agriculture" in Proceedings of the International Agricultural Economists, Cambridge, 1947.

15. Seedorf, J.J.W.: „Methods and Results of Research word in the Efficiency of Human labor on German Farms" in Proceedings of the International Economists. Cambridge, 1930

16. Sensusverslae 1921-51. Staatsdrukker.

17. Statute van die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging. Johannesburg.

18. Statute van die Magaliesbergse Koringkoöperasie, Deperk, Pretoria.

19. Tomlinson, F.R.: Ekonomiese Ondersoek na Oonddroogtabakboerdery in die Wes-Transvaalse Besproeiingstreek, Staatsdrukker, Pretoria, 1951.

20. Transvaal Indigency Committee, Kaapstad, 1909.

21. Van den Schroeff, H.J.: De Leer van de Kostprys. Amsterdam, 1948.

22. Verslag van de Gekozen Komitee op Werken voor Blanken en Arbeidstoestanden. Kaapstad, 1913.

23. Verslag van die Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid. Pretoria, 1951.

24. Volksraadsdebatte van 1914, Kaapstad.

25. Wolfaardt, J.S.: „Die ontstaan en Groei van die Magaliesbergse Koring-koöperasie, Beperk" in van Riebeeck-feesuitgawe, Brits, 1952.

- - - - - - - - - - - - - - -

# HARTEBEESTPOORT - BESPROEIINGSKEMA.

